

Streepsuiker!

'n Weermag se doeltreffendheid hang volledig daarvan af dat 'n piepklein groepie besluitnemers volslae beheer oor 'n baie groter groep sal hê. Aanvanklik word die nuwe rekrut oorweldig deur die vreemde omgewing, aanpassingsprobleme en die rang se projektering van algehele vertroue in hulle stelsel. Maar soms, selfs tydens basies, het die proletariaat saamgespan om hulleself te laat geld. Hierdie foto is in Verkennerspeloton, 1 SAI, se badkamer geneem nadat die troepe hulle pelotonser-sant, korporaal Van den Bergh gestort het. Neffens hom staan skutter Smit, later 1 SAI se vlieggewigbokskampioen. Hy het in Ops Askari omgekom toe 'n mortier in die Buffelbak waarin hy was, geval het.



GRANATE EN GENADE

Die Spreukedigter sê daar is vier dinge wat hy nie verstaan nie: ‘n Slang wat seil oor ‘n klip, ‘n skip wat vaar op die see, ‘n aasvoël wat deur die lug sweef en die liefde tussen ‘n man en ‘n meisie. Daar is ‘n vyfde een vir my, ‘n geheim net so onoplosbaar soos die misterie van erotiese liefde:

Hoe is dit dat daar nie baie meer manne die lewe laat tydens handgranaatopleiding nie?

Nie dat die S.A.W. nie ernstig was oor veiligheidsmaatreëls nie. Hulle het inderdaad ‘n ware obsessie daarvoor gehad, veral tydens handgranaatopleiding. Hierdie obsessie was nie misplaas nie. Daar kan heelwat foute opduik as dertigstuks roekelose, onbeheindige jongmanne hulle hande op die weermag se M26-handgranate lê.

Voorkoming is beter as ‘n volk vol jongmanne wie se arms by die elmboë begin (of is dit nou eindig?) en die weermag pak die saak proaktief aan. Lesings word gehou en demonstrasies aangebied. Nog lesings. Vergelding word gesweer teen die arme, simpel drommel wat ‘n fout sou maak. Nog demonstrasies. Nog lesings. Nog dreigemente.

Daarna word daar met fopgranate geoefen. Nog lesings.

Sodra die rang die idee het dat al die lede ‘n redelike begrip van die saak het, word ons opgestel in ‘n lang ry in ‘n sloot. Die ware en lewendige granaat word vanuit hierdie sloot oor ‘n wal gegooi waar dit tot almal se vermaak met ‘n groot vertoon ontplof. Dit alles is nie regtig so ingewikkeld nie.

Behalwe as 'n mens verbouereerd is, sê min of meer soos Doepie wanneer Gertjie in die omgewing is.

Die arme Doepie se beurt breek toe ook aan, en in sy koorsigheid om iets reg te doen raak hy van die granaat ontslae teen bomenslike spoed.

Loodreg die lug in waar dit 'n hoogtepunt bereik, oorgee aan die tru-trek van die swaartekrag, en terugkeer na vanwaar dit kom.

Die granaat val soos 'n emmer pofadders tussen ons in, maar voor jy kan sê “koebaai Ma!” is die hele lot van ons teen die driemeter hoë wal uit en oor.

Almal behalwe Doepie. Hy bly versteen staan en beskou die gruwelike voorwerp wat voor sy voete lê. Dit is net hier en dan wat Doepie 'n helder oomblik beleef en bo die gemiddelde uitstyg. Soos 'n held raap hy die ding op en werp dit dié keer suksesvol oor die wal. Wat 'n skrandere ding was om te doen, as die res van ons nie aan die ander kant van die wal gelê het nie.

Vir die tweede keer in enkele sekondes plof die nare ding tussen ons neer. Gertjie raak oombliklik hysteries, ander vlie weer daar weg asof hulle broeke aan die brand is. Die meeste van ons staan egter net en staar na die bese objek waaruit ons verwag om enige oomblik die vlamme en kartetse te sien wat 'n beduidende deel van die S.A.W. se kapelaanskorps gaan uitwis. *Doepie is our hero, we shall not be moved...*

Totdat iemand asemloos en huiwerig opmerk dat dit vir hom lyk asof Doepie in sy angstoestand vergeet het om die pennetjie uit te trek.

*Die son het al gesak, toe hardloop Smn (Ds.) C.S. du Plooy,
B.A., B.D., Dipl. Teol. nog rond...*



Daar is manne wat weet wat beweer dat die S.A.W. Engelsmanne opgeroep het sodat die regte troepe se lewe nie te saai sou word nie. Nie dat hulle ongaangename ouens is nie, die Souties. Baie van ons het lewenslange vriendskappe met van hulle aangeknoop. Tog is dit so dat dit 'n Engelsman vat om basiese opleiding werklik interessant te maak. Daar moet onthou word dat die lingua franca in die S.A.W. Afrikaans en niks anders is nie ('n feit wat op sigself nie verbasend is nie, met inagneming van die gevierde teoloë wat reken dat die enigste tale in die hemel Afrikaans en Hebreeus is). Dit is dan so dat die gemiddelde Soutie homself nie tuis voel in die Taal nie. Die meeste Engelse se vooroordele weerhou hulle daarvan om aandag aan Afrikaans op skool te gee. Die verwarring in die weermag was veelvuldig en dikwels aangrypend.

Niks meer so as in die geval van Jonesey nie. Hierdie lid is nie net Engels nie, hy kom boonop van Durban af. Nou, daar in die Laaste Buitepos is daar baie dinge wat die manne goed kan doen: Branderplankry, rondhang, meisies aantree en so aan. Ontspanne mense en meestal met 'n goeie sin vir humor. Die waarheid is egter - Durbaniete en die weermag is nie vir mekaar gemaak nie. Die enigste Durbaniet wat 'n militêre naam vir homself gemaak het was Dick King - en hy word nie onthou vir die woestheid waarmee hy geveg het nie, maar vir die vasberadenheid waarmee hy gevlug het! Gee vir die man van Durbs 'n speedo en 'n windsurfer en die lat kan regkom. Trek vir hom browns aan en druk 'n geweer in sy hande en dinge kan en sal verkeerdloop.

Dit het een aand met 'n waginspeksie gebeur. 'n Troep

kan mos nie gaan wagstaan met ‘n vuil geweer nie. Netnou daag daar ‘n terroris op en dring daarop aan om ‘n impromptu geweerinspeksie te doen. Dink net hoe gaan die bev. voel as die terrie ‘n vuil geweer by een van die troepe moet aantref. Daarom die inspeksie voor die eerste wagskof.

Party gewere se lope is makliker om te inspekteer as ander. ‘n R1 byvoorbeeld, het ‘n knippie wat die sluitstuk terughou sodat die inspekterende offisier sy duim daar kan indruk om die lig van sy nael af te laat weerkaats sodat hy kan sien wat in die loop aangaan. ‘n R4 is meer kru en nie bedeel met sulke verfydings nie. Hier word dit van die lid verwag om die sluitstuk teen die terugslagveer te trek en daar te hou totdat die loop geïnspekteer is.

Hierdie is vir die offisier gewoonlik ‘n senutergende operasie. Die oomblik wat sy duim in die knalkamer van die geweer is, is hy uitgelewer aan die genade en konsentrasie van die rouste lede van die weermag. Offisiere is van nature wantrouig teenoor troepe. Wat nog van ‘n Engelse troep? Nie eers te praat van ‘n Engelse troep van Durban af nie!

Jonesey was toegerus met ‘n R4 en die (Afrikaanse) luitenant wou seker maak dat Jonesey alles onder beheer het terwyl hy (die luitenant) sy offisiersduim in die kake van die geweer se werkende dele waag.

“Jones, los nou net daardie sluitstuk hoor!”

“Luitenant?” Op die manier waarop Jones verbaas vorentoe geleun het, moes die luitenant geweet het dat die Afrikaanse ironie te veel is vir die Durbaniet.

“Ek sê: Laat net daardie sluitstuk gaan!”

Jones kyk heel oorbluf af na die luitenant se duim wat reg in die bek van die R4 se werkende dele is. Alles maak nie vir hom sin nie, maar nou ja, ‘n bevel is ‘n bevel, en as

dit boonop in Afrikaans is... Met 'n gehoorsame sug laat hy die greep los, en die sluitstuk slaan soos krokodilkake om die luitenant se duim toe.

Dit is iets om te sien, die swetsdans van 'n luitenant met 'n roer aan sy duim. Daar is manne wat sê dat 'n R4 nie 'n baie sterk terugslagveer het nie.

Jy sal hierdie luitenant nie maklik daarvan oortuig nie.



Diensplig is nie die regte woord om 'n N.D.P. se verhouding met die S.A.W. te beskryf nie. Jy is nie maar net in sy diens nie, jy behoort aan hom. Soos 'n slaaf.

'n Engelsman speel eendag met 'n geweer. Wanneer iemand, en in besonder 'n Engelsman, dit doen, kom Newton se agste wet in werking. (Ek het mos belowe.). Hierdie wet, die sogenaamde Wet op die Onverklaarbare Materialisering van Ammunisie verklaar:

“Indien 'n mens (met besondere verwysing na Engelsmanne) met 'n ongelaaide, outomatiese geweer sit en speel, word 'n rondte uit geen materie in die kamer van die geweer gegenerer.”

Gewoon beteken dit dat die geweer gelaai is terwyl jy dit beslis ontlai het en doodseker is dit is nie gelaai nie. Wat in werklikheid gebeur is dat 'n terroris gekom het terwyl jy nie gekyk het nie, die roer stilletjies uit jou hande gevat en gelaai het.

Ons Engelsman het so speel-speel na sy voet gemik, die sneller getrek en homself letterlik deur die voet geskiet. (Terloops, vir ‘n Soutie was dit glad nie ‘n slegte skoot nie, want hy het lang bene gehad.)

Die man word toe aangekla, maar nie vir nalatige optrede of die roekelose gebruik ‘n wapen nie.

Hulle krygsraad hom vir die beskadiging van staatseiendom.



Oorlog is ‘n ernstig besigheid. Opleiding is ‘n ander saak. Daar speel jy net jy maak oorlog. Die speletjie word nie enigsins lekkerder as tydens skynaanvalle nie. Dan kry jy kans om te hardloop en te skree en te skiet. Behalwe vir die gebrek aan ‘n bruikbare vyand, voel jy vir die eerste keer asof jy soldatedinge doen. Partymaal, egter, draai dinge nie uit soos ‘n ou dit beplan nie.

Nadat ons lekker opgecharge is, moet ons oor ‘n wal hol, deur bosse spring en oor ‘n pad leopard-crawl. Daarna spring jy op, hardloop deur ‘n rookskerm – wat natuurlik deur die korporaaals gereël is – en dan reguit spruit toe en daardeur tot by die verste wal.

Kom ons by die rokie sien ek dat dit maar so ylerig is. Aag nou ja, die amie se goed is soms maar oud en dit is mos deur die korporaaals...

Ons tref die rook en na die eerste asemteug ruk die goed amper al die lug – tesame met my longe – uit my lyf uit. Skielik is dit nie duidelik of dit Dinsdag of Dingaansdag is nie.

TRAANGAS!

Die korporaals het dit goed gedink om vir 'n uur of wat weg te kruip.



Roux het heelwat gehad om op trots te wees. Hy is 'n mens met 'n goeie geartheid, 'n uitstekende sin vir humor en 'n vermoë om maklik vriende te maak. Soos enige ander mens het hy ook swakhede gehad, en, militêr gesproke, sou die vernaamste tekortkoming hom toenemend uitsnuffel.

Wat was hierdie grusame gebrek wat van hierdie man minder as 'n Viking en amper 'n soort krygslammetjie, gemaak het? Was die man lamgelê deur vrese en neuroses? Geensins? Het gewere hom senuweeagtig gemaak? Nie erger as vir die ander drommels wie se skouers vir die eerste keer deur miesies R1 gemasseer is nie. Kon hy nie hardloop nie? Nee kyk, ou Roux was 'n goeie middel-van-die-bondel drawwer. So wat was dit wat die arme Roux se militêre vermoëns so drasties ondergrawe het?

Eenvoudig. Verpletterend. Die man kon nie... touklim.... nie.

Vir geen geld in die wêreld kon hy teen daardie dertig-millimeter dik tou, wat van die plafon van die gym afhang, uitklim nie.

Dit was later meer as sy nemesis. Dit het sy obsessie geword. Die Tou het hom begin vervolg. Voordat hy snags aand die slaap geraak het, het hy aan die Tou gedink en

wanneer hy wel aan die slaap geraak het, het hy van die Tou gedroom. As hy besig was met ‘n ander vorm van fisiese oefening, was dit die Tou wat soos ‘n spook uit die newels van sy uitputting verskyn het om hom te tart. Eet hy pasta sien hy die spaghetti as ‘n swetterjoel klein Toutjies. Hy kon nie sy skoene vasmaak of die veters verander in agter-kleinnefies van die Tou en klem sy voete vas nie.

Orals is daar gestaltes van die Tou. Dit is in die draad wat die telefoon se gehoorstuk met die instrument verbind en in die riem waarmee Roux se skeersakkie toegetrok word en in die kabel waarmee hy ‘n lappie deur sy geweer se loop trek. Om ‘n weermagtent staan te maak, kom jy in aanraking met tou op tou, en om ‘n voertuig te sleep...

GENOEG!

‘n Man kan net so ver getreiter word en dan niks meer nie. Roux het vir homself te vertelle gehad dat hy nooit volledig man sal wees as hy nie die Tou kon oorwin nie. *A man has gotta do what a man has gotta do.* Roux was vasbeslote om die tirannie van die Tou af te werp... “or die trying!”

Maandag was ons laaste afspraak met die L.O.-instrukteur. Dit was Roux se finale kans met die Tou. Van Vrydagmiddag af het hy homself geestelik en fisies begin voorberei vir die Slag van die Tou. Maandagoggend 10h00 sal dit die oomblik van waarheid wees. Die Tou sal nooit weer so verhewe uit die hoogtes van die gym vir Roux kon smaal nie.

Die hele naweek het Roux voorberei. Opstote en optrekke – honderde daarvan. Hy het net vrugte geëet en sy diëet met vitamines aangevul. Vir lang tye het hy homself geïsoleer sodat hy die vernedering van die Tou kon visualiseer. Sondagaand het hy ‘n energiedrankie gedrink en vroeg gaan slaap.

Die eerste ure van Maandag is in ‘n waas verby. Dit was

tyd vir die Tou. Toe die deur van die gym oopgaan, hang die uitgerekte leviatan van die balk, wat hoog bo by die plafon is, af. Dit is die Tou wat so liggies swaai, so liggies swaai...

Roux tree nader, 'n Sint George wat die draak so pas gesien het. Hy is onbewus van die vraag in die instrukteur se oë.

“Vandag is dit ek en jy, jy en ek, net ons twee,” prewel Roux vasberade vir die tou. “En bloei gaan jy bloei. Ek gaan jou klim en jou neerwerp totdat jy niks meer is as 'n hoop patetiese sisalvesel nie!”

Roux gryp die Tou en begin klim. Hy knyp sy oë styf toe en sluit die wêreld uit sodat dit net hy en die inkarnasie van al sy mislukkings is. Hy trek sy knieë al hoe hoër op. Sy hande klem en ontsluit; vervat sporadies. Die een na die ander. Die sweet tap uit sy lyf uit en die groot asemteue sper sy neusvleuels oop. Sy voete gaan al hoe hoër voor sy lyf op. Hy beur sy lyf styf teen die Tou totdat hy van uitputting nie verder kan gaan nie.

Die instrukteur se stem bereik hom soos tonnells deur die newels van sy satgeit: “Goed Roux. Jy kan maar afkom.”

Toe hy in triomf sy oë oopmaak, en sy bene reguit, toe staan Roux op die grond...



Ek neem aan dat dit tegnies moontlik is om jammer te voel vir 'n korporaal, maar ek moet bely, ek was self nog nooit daaraan skuldig nie. Die naaste wat ek aan so 'n klakkelose jammerhartigheid gekom het, was wanneer een van dié skepsels vir ons 'n lesing moes aanbied. Nou kyk,

ek weet dat daar min is wat 'n arme simpel drommel met 'n graad onderskei van 'n arme simpel drommel sonder 'n graad. Ons almal ken 'n paar ape met grade en net so is daar hope briljante mense wat nie eers skool klaargemaak het nie. Dit is juis die onsekeres wat 'n man se waarde volgens sy tersiêre opleidingsrekord probeer bepaal het. Die naam Van der Lek spring in my gedagtes op. Dié armsalige lid het gereken sy teologiese grade en sy maer lyf se onbetwiste atletiese vermoë was genoeg om hom as militêre kenner te kwalifiseer en hy het kameraadskap vervang met rangkruipery. Hy is allerweë deur ons rowers uitgestoot. Ons het baie meer respek gehad vir iemand wat die waarde van vriendskap en spanwerk verstaan het. 'n Graad is 'n aanduiding van geleerdheid maar nie van wysheid nie.

Maar kom ons verskoon die ellendige jong onderoffisier vir wie dinge baie anders lyk.

Al wat hy sien, wanneer hy vir die kapelaansklas 'n lesing moet afsteek, is 'n versameling gegradeerdes. Die enigste ander graadbeslaande mense wat hy geken het, was sy onderwysers, sy dominee en die dokter - mense vir wie hy onvermydelik ontsag moes hê want hulle het na alles, 'n sekere meerderwaardige kennis van sý verstand, sý liggaam en sý siel gehad.

Boonop is ons groen militaris skaars 'n anderhalfjaar gelede nog in matriek gewees wat hom goed tien jaar jonger as sommige van die rowers voor hom maak. As hy een van dié ringkoppe op Siwwiestraat sou raakloop sou hy hom waarskynlik "Oom" genoem het. Met lesingtyd moes hy soos 'n leeu in 'n kuil vol Daniëls gevoel het.

Om sy knyp stywer te draai, durf hierdie veteraan nie wys dat hy op enige gebied vir enige rower terugstaan nie.

Gevolglik kon ‘n lesing maar ‘n ergerlike affêre wees, vol vaaghede en waninligting wat verder verwring is deur ‘n brose ego.

Daar is eintlik net twee maniere waarop ‘n korporaal hierdie uitdaging kan benader. Hy kan:

A - Hy kan sy skouers optrek en redeneer dat hy ‘n korporaal is omdat hy ‘n jaar langer as die rowers in die weermag is. Hy kan voorts:

- Vinniger hardloop as Venter
- Beter skiet as Van der Lek
- Alles beter doen as Doepie.

Hy het niks om oor skaam te voel nie. Hy weet inderdaad meer van militêre sake as die lank-in-die-tand rekrute voor hom. Ja, hulle weet meer van teologie as hy. Hulle was na alles al manne in die wye wêreld toe hy sy laerskooljuffrou nog “tannie” genoem het. Op hulle gebied is hulle die onbetwiste kenners maar hierdie is sý gebied. Hy het niks om te bewys nie.

Daarom is sy aanbieding saaklik maar beskeie.

of

B - Hy kan die saak soos ‘n ware kryger vol aggressie benader en van die eerste week af uit die skouer skiet. Die eerste paar weke van basies het vir hom geleer dat hierdie inname se nuweling - grade, geleerdheid en lewenservaring ten spyte - maar net rowers is, niks anders nie. Hulle is net so rou soos wat hy was daardie halfvergete dae van sy eie basiese opleiding. Hy daarenteen is ‘n veteraan, ‘n ou hand, ‘n uitverkorene wat deur sy eie sweet en bloed gesalf is met twee strepe. Die blote gedagte dat ‘n rower enigsins iets meer

as hy kan weet, is ‘n afgryslieke aantasting van sy waardigheid. Derhalwe is sy aanbieding uitdagend, ongeduldig en vol snedighede.

Ons kan hierdie benadering, uit erkenning vir die mees verbete toepasser daarvan, die Spaarvarkie Metode noem. Tree hierdie wandelende krygskunsensiklopedie ons eendag vir ‘n lesing in kaartlees aan. As jy die beste deel van ‘n dekade ‘n uitgerekte rits dosente moes oorleef, is dit maklik om te weet wanneer ‘n aanbieder minder as op sy algehele gemak is. Ons korporaal was omtrent so op sy gemak soos ‘n nudis op ‘n turksvyplaas.

Om sy tengerige selfvertroue skop te gee, het hy ‘n woord - net twee letters, maar baie kragtig - in sy arsenaal. Spaarvarkie het ‘n oordrewe vertroue in die woord “né”. In sy mening beklank dit elke argument in sy guns. Daar was ‘n sekere ruimte vir meningsverskil en interpretasie maar nie as hy sy sin afsluit met ‘n gebiedende “né!” nie. Daardie korste van woorde verander sy stelling in ‘n onwrikbare, ontwyfelbare waarheid wat so goed asof uit klip gekap is. En as jy dit nie glo nie, kry daardie ammunisiekie in die hoogvoor en gaan pluk vir jou tweestreepmentor ‘n blaar anderkant die horison.

“Dit is hoe ‘n kaart lyk,” blaf Spaarvarkie en trek ‘n vierkant op die swartbord. Net om seker te maak dat ons nooit weer sal twyfel oor die voorkoms van ‘n kaart nie, doen hy dit - hy werk ‘n plofklankige “né” aan die einde van sy sin vas. Nie een swernoot piep in protes nie en Spaarvarkie voel duidelik dat hy die mandaat het om voort te gaan en hy doen dit met bravade. “n Kaart is vierkantig en in blokkies ingedeel, né! Hierdie blokkies noem mens ruite, né!, en as jy ‘n sekere plek op die kaart het, kyk jy na die ruit, né!, en dan

praat ons van ‘n ruitverwysing, né!. Ons sê sommer RV’s.”

Langs die blok trek hy ‘n figuur wat lyk soos iets wat jy deur ‘n mikroskoop in ‘n druppel water sien. “Nou hierdie is ‘n sirkel, né.” Ook maar goed hy sê ons.

“Kaarte is vierkantig,” stoom Spaarvarkie ongestoord voort, “maar die aarde is rond, né! (effens onseker). Daarom is kompasse wat ‘n mens gebruik om rigting te bepaal, ook rond, né! (baie onseker). Nou kyk, ‘n sirkel is opgedeel in 180 grade, né!”

Dit is te veel vir een oud-student wat gekondisioneer is om uitlatings te bevraagteken. “Skuus korporaal,” vra hy huiwerig, “is ‘n sirkel nie 360 grade nie?”

“Jou idioot!” brul die vermaarde akademikus, “groot sirkels (en hy trek ‘n baie groot amoebavormige figuur op die bord) is 360 grade. Klein sirkels is 180 grade!”

Né?



Die korporaals is vervul met vreugde. Die troepe is geskeduleer vir ‘n roetemars laat dié nag, en as daar iets is wat die korporaalshart soos ‘n bulkalf van vreugde in sy hart laat rondbons, dan is dit die gedagte aan ‘n nagmars.

In hierdie tyd wat vervoertegnologie die aardbol so laat krimp het, bly die doeltreffendste manier om ‘n troep, sy lewensmiddele en sy geweer te vervoer, om hom met die voet te laat loop. ‘n Infanteriegevegsvoertuig kan nie bergklim nie en ‘n helikopter kan nie in stormweer vlieg nie. Maar ‘n troep kan enige tyd, enige plek heen loop. Roetemarse is deel van

enige soldaat se opleiding en terwyl daar troepe is wat fiks genoeg en verveeld genoeg is om ‘n dag se stywe voetslaan deur diverse gebroke roetes te geniet, hou niemand van ‘n nagmars nie. Jy weet gewoonlik nie waar jy is nie en jy weet nie waarheen jy gaan nie. Jy het baie min sin van plasing in die donker en het geen benul hoe ver jy nog moet loop nie en jy het nie die troos om terug te kyk en te sien hoe ver jy al gekom het nie. En elke tree behels die risiko van ernstige beenbeserings.

Maar vir ‘n onderoffisier is ‘n nagmars vol opwindende moontlikhede. Onthou, hierdie manne leef as’t ware om troepe uit te put en af te takel. Dit verg gewoonlik verbasend baie inspanning van hulle kant af. Die wonderlike van ‘n nagmars is dat die troepe hulleself opfoeter. Dis iets wat hulle op hulle eie moet doen. Jy wen hulle as’t ware op, beduie in ‘n rigting en dis ‘n geval van “merke, gereed, sleep!” en die troepe verwoes hulleself.

Boonop hoef die korporaals vir eens nie die troepe aan te jaag nie. Die troepe gaan hulle wye draai in die donker so vinnig as moontlik stap want hulle weet as hulle nie binne ‘n skaflike tyd terug is nie, gaan die korporaals hulle die volgende dag jaag totdat hulle opgooi. Maar daar is selfs ‘n kragtiger oorweging: Slaap. Daar is min dinge in groter aanvraag en in kleiner voorraad in die weermag as slaap. ‘n Troep sal sy maatjie se ouma verkoop vir ‘n paar ure se kosbare slaap. Hoe vinniger hulle terug is in die basis, hoe vroeër en langer kan hulle slaap.

So, wanneer die troepe uitgaan op ‘n nagmars is die korporaals in iets wat soos ‘n vakansiestemming voorkom.

Die troepe self vind dit nie ‘n piekniek nie. Dit is harde, knaende, uitputtende werk. Om jouself, jou grootkit, jou

geweer en daardie twee loodagtige stewels oor twintig of dertig kilometer se gebroke terrein te sleep is erg genoeg. Dit alles word baie erger as jy dit teen 'n konstante hoë snelheid moet doen.

As 'n roetemars nag is, is 'n mars in die reën donkernag. 'n Roetemars in die reën in die nag is pikstikdonkernag. Elke tree wat jy gee is 'n dobbelspel. Jy weet nie of dit op 'n bultjie, 'n holtetjie, 'n klip of 'n gat is wat jy jou voet gaan neersit nie. Vir katvoetloop is daar nie tyd nie. Jou grootste nagmerrie is om kontak te verloor met die armsalige drommel voor jou in die linie. En van agter af bots die man na jou in jou vas. Elke voet wat jy versit is 'n dodelike klein siklus van spanning, verligting en hernude spanning. Die angs laai smeerseltjie vir smeerseltjie in jou op totdat jy óf jou been breek óf van jou kop af raak óf terugskakel na 'n afgematte, Zombierige gelatenheid.

En die hele tyd kerm 'n eentonige wysie in jou gedagtes: Waar is die korporaals? Waar is die korporaals? Waar is die ellendige korporaals? Jy weet - wéét - dat dié onheiliges hierdie nag niks het om te doen nie en ledigheid is na alles die duiwel se oorkussing. Die nag is ontwerp vir 'n hinderlaag en al weet jy nie waar nie en al weet jy nie wanneer nie, jy weet voor jou siel dat die korporaals voor die einde van hierdie nag op jou gaan lostrek.

Maak nie saak hoe jy jouself probeer vertel om op jou hoede te wees, om nie paniekerig te raak nie, dat 'n skielike lawaai niks aan jou kan doen nie, wanneer daardie eerste skote losbars en die fakkels zoei oor jou en die donderbuis ruk die lug oop en gilstemme roep soos demone in die donker na jou, is jy oombliklik vreesbevange en gedisorïenteerd. Rondom jou is die verskrikte uitroepe van jou makkers, die linie spat

Sit hom op sy voete, kry 'n staaldak op sy kop, kleur sy gesig in met black-is-beautiful, en jy het die mense-materiaal vir nog 'n vermaaklike nagmars.

Kyk net daardie stywe, oustyl webbing, daardie grootsak, waterbottels - gewoonlik vol Kool Aid - en daardie keelvol uitdrukking.

Hierdie lid het 'n slaapsak, in plaas van die meer gebruiklike biwwie, onder sy grootsak opgerol.



uitmekaar. Jy weet nie watter kant is agtertoe en watter kant is vorentoe nie. Oerinstinkte voer ‘n staatsgreep in jou uit en jy wil net weg, weg van die gille, die angs, die verskriklike, verskriklike lawaai.

Jy wéét, op ‘n troostelose intellektuele vlak, dat selfs die weermag nie vir sy onderoffisiere die volmag gee om troepe in die donker op ‘n opleidinsterrein dood te skiet nie. Maar binne in jou is daar ‘n vreesaanjaende deel van jou bewussyn wat onteenseglik die waarheid praat. Dit herinner jou daaraan dat jy hier met korporaals te doen het. En ‘n korporaal word nie op grond van die gehalte van sy breinselle gekeur nie maar vir die omtrek van sy bobeenpiere. Selfs in ‘n organisasie wat opgerig is om te veg eerder as te dink, is die korporaals nie die helderste Smarties in die boks nie. Hulle is bekend vir hulle instink eerder as hulle denkkrag. En dit is hulle hande waarin daar waarskynlik dese aand gewere is wat skerppuntammunisie skiet.

Sê nou een van hulle se breinsel word oorweldig deur al die opwinding? Sê nou net hy vergeet dat sy teikens eiemagte is en nie rêrige, êrige terries nie? En sê nou net hy vergeet om oor hulle koppe te skiet..? Daar word hoeka gesê dat elke opleidingsbasis ‘n sekere persentasie sterftes tydens opleiding gegun word.

Buitendien, dit is nou alles so donker, hoe sal hulle ooit kan bewys dit was Spaarvarkie wat my in die donker vol lood gestop het?

Die gestreeptes kan natuurlik onthou hoe hulle as rowers tydens Junior Leieropleiding self in so ‘n hinderlaag oorweldig is. Hulle enigste troos deur dié verskrikking was die eed wat hulle afgelê het om eendag dieselfde aan hulle

troepe te doen.

Ek is seker dat in hulle nag van angs hulle gedink het dié dag sou nooit kom nie. Maar toe het dit. Daardie aand, nadat ons soos oorlaaide posduiwe losgelaat is om ons eie pad terug te vind hok toe, berei die korporaals voor en hulle was voorwaar in goeie luim. Sowat van lag, sowat van flou grappies en skertsery terwyl hulle donderbuisse, fakkels en ander speelgoed, waarmee hulle ons tot in ‘n ander bloedgroep in sou skrikmaak, versamel. Selfs die elemente werk mooi saam vir die uitsluitlike genot van die korporaals. Dik, swaer, hoëvelddonderwolke pak saam, en teen die tyd wat ons vertrek kom die natgoed in emmers af.

Hulle skep ons in SAMILS op en gooi ons so vyftien kilometer van die basis af. In die donker. Met die opdrag om teen 00h00 terug te wees anders bewaar ons nuttelose siele.

Teen die tyd wat ons met ons wandeling in die spuitreën begin het, het die korporaals ook al afgesit na die hinderlaagposisie van hulle keuse. Uit pure opgewondenheid het hulle ‘n paar uur te vroeg hulle posisie ingeneem. Hulle was net so koud en nat en bedremmeld soos ons maar die blote gedagte aan die paar minute se pret en amok wat op hulle gewag het, het gemaak dat hulle die ongerief stoïes verdra het.

Koud en nat was dit wel, en so donker Michael Jackson sou nie sy handskoen voor sy oë kon sien nie. Deur modderplasse en slote vol water, deur gate en oor klippe. Stropel, gly, struikel. Lywe bots, manne swets ongereformeerde. Maar nou is dit so dat ons uit ‘n wye verskeidenheid agtergronde en

plekke kom. Daar was altyd ‘n kans dat daar ‘n plaasseun of twee in ons midde sou wees met die buitekans dat een selfs uit die Heidelberg-omgewing sou kom. In hierdie geval was dié twee kenmerke vervat in een besondere mens.

Barries gaan staan skielik in die duisternis en hef ‘n loflied aan. Hy is ‘n plaasseun van Heidelberg. Hy het pas uitgewerk waar ons is. Op hulle plaas, kan jy dit glo. En sy pa het ‘n lorry. Oom Barnard is toe ook net te opgekekkel om sy deel vir volk en vaderland te doen en dit was gerieflik voor pampoentyd wat hy ons voor die hoofhek van die Gym aflaa, waarvandaan ons reguit kaserne toe is.

Amper vyf ure later, papnat en half verkleum, keer die korporaals terug. Hulle donderbuise en derglike toerusting is nog ongehinderd in die verpakking. Hulle slaag nie daarin om hulle teleurstelling weg te steek nie. Ons het hulle pret bederf, voer hulle aan. Die konsensus onder hulle is dat ons dit nie moes gedoen het nie. Ons gesels weer, later dié dag, beduie hulle.

Daardie dag was dit ook pikstikdonkernag.



Net soos wat dit ‘n onwrikbare reël is dat elke peleton sy Doepie sal hê, net so moet daar die Van der Leks tussen ons wees.

Van der Lek het nooit uitgewerk dat die weermag net iets vir kapelane is om agter die rug te kry nie. Nee, vir hom

was dit 'n Groot Geleentheid. Hy sou homself bewys, sy eie visie van homself as leier vervul. Dit het hom ontgaan dat ons dienspligtiges was en almal tot op dieselfde loopbaanstasie sou ry en dan niks verder nie. Loopbane vir dienspligoffisiere het baie lae plafonne. Jy kan tot by luitenantrang vorder. Niks verder nie. Maar vertel dit nou vir 'n Van der Lek wat vasbeslote is om sy merk te maak.

Van der Lek het 'n haas patetiese heldeverering vir al wat hoër rang was gehad. In hulle het hy die verkryging van sy verdiende status gesien. Daarom het hy alewig die korporaaals gelek, en dan gal gebrak teenoor ons, sy medebroers in die stryd. In sy poging het hy vir homself twee vereistes gestel: Dit moet altyd vir die rang opsigtelik wees watter patetiese slakskuim die res van ons was en watter voortreflike lid hy in teenstelling was.

Van der Lek was die een wat altyd die hardste gelag het vir die korporaal se grappies, wat die luitenant se kar Saterdagewas het en wat alte bereid was om vir die sammajoor te vertel wie die swernoot was wat hierdie adjudant-offisier se foto ingestuur het na die Landbou Weekblad se Hoekie vir Eensames onder die skuilnaam "Bulkalf van Heidelberg".

Van der Lek was nie te gewild onder ons, die gewone gepeupel nie. Dit het ook nie aan hom saak gemaak nie. Hy was te besig om die rang te lek om agter te kom. Hy was so dikwels as wat sy stand dit toegelaat het net so 'n skuins treetjie agter 'n sersant of 'n luitenant, so gretig soos 'n foxterrier op 'n braaivleis vir 'n bietjie aandag. Hy was skynbaar toeten-taal blind vir die rang se minagting vir 'n kruiper en die argeloosheid waarmee hulle hom uitgebuit het.

Om die waarheid te sê, Van der Lek sou nie 'n rimpeling op die offisiersbewussyn gemaak het as dit nie... vir sy

vermoë was om te hardloop nie. Kyk, daar is mos niks wat ‘n knop van aandoening so in ‘n offisier se keel bring soos ‘n troep op volle gallop nie. En ja, die man kon. Van der Lek aan die hardloop was ‘n gesig om te waardeer – as jy hou van styfstarende oë, oopgeremde kake, grouende arms en pompende bakbene. Ja-nee, die man kon snol. (Terloops, die man kon nie te waffers skiet nie, wat my teorie oor manne wat kan hardloop en manne wat kan skiet nogmaals gestaaf het.)

Hardloop was sy kos en hy was deurgaans pateties gretig om sy vermoë te demonstreer. Hy was te onsensitief om te besef dat oorlog ‘n spanspeletjie is. Dit is nie ‘n Goeie Ding as een lid honderde treë voor sy maatjies klaarmaak nie. In ‘n werklike kontak kan dit selfs fataal wees. Dit het vir die man min saak gemaak. Hy wou altyd, mòès net altyd, voor hardloop. Hoe verder hy voor die res van die donkies klaargemaak het, hoe beter het hy vertoon voor die korporaals. Daarom het hy gewoonlik tydens ‘n hardloopsessie met soveel oorgawe en spoed weggetrek dat ons gewone drommels moes uithaal net om sy stof te ruik.

Nou kyk, ons Venters skiet nie te vrot nie maar hardloop, dié kan ons nie eintlik nie. Al wat daar tussen my en Van der Lek was wanneer daar gehardloop is, was die peloton. Die hele peloton. Hy was heel voor en ek heel agter. Dikwels het dit my saak niks goed gedoen nie.

“Julle maatjie Venter, né! Hy wil nie saamwerk nie. Daar gaan julle weer...”

Ons laaste fiksheidstoets was geskeduleer vir ‘n week voordat ons sou uitpasseer na basies. Die weermag was baie gesteld daarop dat al sy lede baie stamina sou hê. ‘n Kapelaan, in besonder, moet besonder fiks wees sodat hy later die koffiekroeg en die kapelaanskantoor kan bedryf. Nog nooit

het ‘n kapelaan tydens bidparade van uitputting omgekap nie, en dié moet julle weet, die rang was vasbeslote dat nie een van hierdie groep die eerste sou wees nie.

Die evaluasie het begin met die gewone “twee komma ver” tydtoets, opstote, opsitte, optrekke en, natuurlik, my persoonlike gunsteling – rack-jumps. Die werklike riller, ‘n 8 km roetemars met vol kit, staaldak en geweer, is vir laaste gelos.

Vol kit bestaan uit jou webbing en grootsak waarin alles wat ‘n voetsoldaat ooit in die veld mag nodig kry, gepak is. Die gedoente weeg 45 kilogram en die eerste keer wat hulle dit oor jou hang lag jy lekker vir die S.A.W. se flou grappie. Asof hulle sou verwag dat jy regtig iewers heen sou moes loop daarmee! Wanneer hulle nou nog vir jou vertel dat dit presies is wat hulle in gedagte het, kom jy vir die eerste keer agter watter ou sports hierdie ouens regtig is. Later beseef jy hulle bedoel dit en veel later maak jy tog maar vrede met die gedagte as net nog ‘n bedenklike praktyk van die amie.

‘n Mens sou kon dink dat geriefen vryheid van liggaamlike beweging die ontwerp van hierdie toerusting moes beïnvloed het. ‘n Mens sou verkeerd wees. Die gènieë wat die grootkit die lig laat sien het, was duidelik daarop uit om niks vir die troep maklik te maak nie. Benewens die gruwelike staaldak – daardie ronde, lomp kastrol wat jou nek met elke tree dieper tussen jou skouers instamp – het jy ‘n grootsak wat jou skouers agtertoe trek sodat asemhaling ‘n moeisame ritueel word. Jou webbing hang onder die grootsak en as jy jou hele lewe lank nog na iets gesoek het om jou met elke beweging te skuur en klap, is die webbing die ding vir jou.

Die mees diaboliese toevoeging tot die seiluitrusting hang heel onder. Dit is jou opgerolde grondseil en tenterige skerm

bekend as ‘n “biwwie”. Dit hang reg agter jou bobene soos ‘n dooie worshond. Jy sal saamstem dat dit vir ‘n gemaklike loopstyl essensieel is dat jy jou bene kan reguitmaak. Na elke tree moet jou knie kan sluit sodat jy kan aftrap terwyl jou ander been vorentoe gaan. Hierdie eenvoudige aksie word deur jou grondseil onmoontlik gemaak.

Hierdie jumbopolonie swaai met elke tree wat jy gedofswaar vorentoe. Wanneer jou knie moet sluit, tref die ding die agterkant van jou been sodat jou knie vorentoe knak. Die gevolg is dat wanneer jy met hierdie gewig en steurnis loop, jy meer lyk soos Groucho Marx wat onsigbare trappe probeer klim. Die weermag se spogkrygers vertoon soos grotmanne op ‘n sokkiejol.

Die mars van daardie pragtige middag het uit ‘n nuwe roete bestaan – al langs en dan agterom die Danie Therongebou, deur die Suikerbosrante en met ‘n wye boog weer terug. Daarna is dit teen die gruwelike Gypsey-hoogte af, oor die brug by die transportpark en dan oor die finale 150 meter na die geel streep voor die gimnasium.

Na die eerste halwe kilometer was ek al so ver agter dat die korporaals my nie eers meer kon sien nie. Dit was daar op my eie, terwyl die bonsende grondseil my bene met elke tree vorentoe laat knak dat Die Besef aan my verskyn het en soos ‘n wit lig op die vloer van my troephart geskyn het:

BASIES IS VIR MY VERBY!

Dit was die volmaakte samevloei van omstandighede wat my gebring het waar ek was. Na al daardie uitkrytery en afkrakery, na die gros inspeksies, die honderde kilometer teen hardloopspoed, die ontelbare rack-jumps, al daardie

teisteringe en kleiner en groter vernederinge was ek... *alleen!* So wyd as wat ek om my kon sien was daar niemand nie, en as ek niemand kon sien nie dan bestaan die weerlegbare vermoede dat niemand my kon sien nie. Nie 'n Spaarvarkie, 'n Gertjie of enige ander rang nie. Niemand nie! Sover dit die S.A.W. aangegaan het was ek onsigbaar. Meer as dit, ek was skielik deurtrek met 'n helderheid van insig en 'n beslistheid van optrede. Ek het presies geweet wat om te doen.

Het hulle nie vir ons geleer om eie inisiatief te gebruik as die eise van die situasie dit regverdig nie? Was dit nie die teken van 'n grootse leier nie?

Met die instink van 'n Napoleon het ek besef dat as ek tweehonderd meter reg Oos sou loop, ek op 'n plek sou wees presies waar die manne verby sou kom aan die voet van Gypsey-hoogte. Na behoorlike terreinverkenning besluit ek toe om 'n hinderlaag in die koel skaduwee van 'n digte bos te stel. Ek lê toe net daar en hinder niemand nie. 'n Opperrolde grondseil is weliswaar nie bevorderlik vir 'n gemaklike hardlooptog nie, maar dit maak 'n voortreflike kussing!

Terwyl ek so toe-oë lê en dink oor dinge moes ek seker ingesluimer het. Die frenetiese geklap van weermagstewels teen Gypsey Hill af laat my wakkerskrik. Gou is dit duidelik dat die bloed van Nederlandse skeepsnavigators nog dik loop in my ontspanne are. Enkele meters van my af kom Van der Lek met bekwame spoed aangehardloop.

Van der Lek, Van der Lek! In plaas daarvan om die roetemars soos 'n gewone, ordentlike troep te stap, het hy die hele pad gedraf. Seker onder die waan gewees dat hulle hom 'n erekorporaal of iets sou maak. Hoe ver die arme, simpel drommel gehol het, weet ek nie, maar hy was duidelik natgesweet en opgebruik. Van sy gewone staccato-

hardloopstyl is daar weinig te waardeer want die kappende grondseil versteur selfs sy atletiese gang. Gevolglik tel hy sy bene ver vorentoe soos die voorste helfte van 'n Amerikaanse saalperd. Sy rooigloeiende gesigsvelle rem agtertoe asof daar vishoeke in is waaraan hy 'n wa sleep. Sy asem roggel slymerig.

Van so 'n Van der Lek moet ek net eenvoudig meer sien, maar hy is al so vyftig meter by my verby voordat ek myself en my toerusting bymekaar kan kry. Ek sit hom agterna. Die man hoor my en kyk om. Ek kan sien hy herken my. Ek kan ook sien hy glo nie wat hy sien nie. Hier was hy dan besig om sy merk te maak; om hom bo al die ander troepe te onderskei. Dat enige troep so naby aan hom kan wees, is 'n wrede ontugtering, maar dat dit hierdie slegvel Venter van alle mense is..!

Die man word deur 'n nuwe vasberadenheid oorgeneem. As iemand voor hom by die eindpunt sal opdaag, gaan dit beslis nie 'n Venter wees nie – al kos dit vir Van der Lek sy lewe. En dit is die prys wat hy so hittete moes betaal. Kom ek gee die man dit ter ere – nadat hy vir meer as agt kilometer oor berge en dale gehardloop het, hol hy my nog steeds oor daardie laaste tweehonderd meter weg. Miskien was ek 'n tikkie styf van die slaap. Maar toe hy oor die geel streep gaan, is hy heeltemal op.

Siestog.

Hy stort na benede, reg op sy rug, sodat hy agteroorgebuig oor sy seiltoerusting lê terwyl hy roggelend hyg en smeek vir asem. Sy oë wil-wil so agteroordop.

Korporaal Spaarvarkie het waggehou by die eindpunt en, na hy oor sy skok gekom het om vir my saam met Van der Lek daar te sien, sluit hy by my en die gevalle held aan. Van

der Lek prewel iets tussen die gehyg en gefluit van sy asem deur.

“Wat is dit Van der Lek?” vra Spaarvarkie

Selfs in hierdie uiterste uitputting is Van der Lek in die greep van sy eie wintiegeit en hy probeer om die korporaal te beïndruk met die feit dat hy al die pad gehardloop het.

“Hard..., hard...,” hyg die man hortend.

“Wat?” vra Spaarvarkie, driekwartpad onthuts en kwartpad ontsteld.

“Hard..., hard...,” roggel Van der Lek pateties. Van die man wat die rang in sulke vloeiende taal kon vlei en blinklek, is daar net ‘n roggelende, hygende, lekkende doedelsak oor. “Hard..., hard...” dring hy aan.

Hy lyk nie goed nie. Sy oë is so groot en stokstyf soos snoekerballe en droë spoeg skilfer van sy gebarste lippe af. Selfs die kruppelpaal neffens my kom agter dat Van der Lek nie sy gewone flambojante selwers is nie.

“Venter,” vra Spaarvarkie, “wat gaan met die man aan?”

“Hard..., hard...,” suis die arme Van der Lek.

“Dit wil vir my klink of die man dink daar is fout met sy hart,” meen ek met die soort gesagvolle stem waarmee Chris Barnard vir Louis Washkansky beduie het dat die uitstappie na die operasietheater niks meer traumaties as ‘n kerssangdiens sou wees nie. Ek is vars en vol selfvertroue nadat ek dié middag my ware militêre potensiaal ontdek en verwesenlik het.

“Wat moet ons doen?” wil Spaarvarkie weet. Van die astrante, reg-in-jou-gesig houdinkie het niks oorgebly nie. Die man is nie vir so ‘n situasie bedraad nie. Sy gawe is om mense dood te dril, nie om hulle lewens op te wek nie.

“Ons moet ‘n medic kry,” beveel ek aan.

“Nou gaan soek een!” raas die man verskrik.

Naby ons staan ‘n Unimog-ambulans. Ek kry koers daarheen. Daar is nie ‘n medic naby die voertuig nie. Seker snoepie toe. Ek kyk binne-in. Net toe ek besluit dat daar niks is wat ons kan gebruik om vir Van der Lek van terminale ranglek te red nie, val my oog op ‘n defibrileerder. Dis nou daardie madoedat waarmee mense in die flieke geskok word om hulle by te kry. Vir die tweede keer daardie dag styg inspirasie in my soos die vuurvoël van ouds op.

Kyk, hierdie skoktoestel was heel US (“joe-ês”, unservicable of ondiensbaar, vir julle siwewies.) Drade peul orals uit. Wat vreemd is, is dat hierdie betrokke model drie van daardie strykstergoed het in plaas van die gewone twee. Ek vra nie vrae nie; knip die los drade sommer hier agter aan iets vas en verskuif daarmee in die rigting van waar Van der Lek nog hyg en mompel.

Spaarvarkie se oë rek toe hy my met die toestel sien aankom. “Weet jy wat om daarmee te maak?” vra hy onseker.

“Maar natuurlik, my korporaal,” verseker ek hom en die selfvertroue vibreer van alle kante uit my. “Ek was in die hospitaal vir ‘n miltoperasie toe ek agt jaar oud was.”

Dit kwalifiseer my as die mediese kenner op die toneel. Aan my is dit gegee om Van der Lek se hart weer op te start. Dit kom my nou ook toe om bevele te gee.

“Maak oop sy overall, kruppelpaal,” gebied ek en as die man effe traag lyk, voeg ek skerp by, “Stat!”

Met bewerige vingers knoop hy die oorpak oop. Vir ‘n oomblik kyk ons met grillende verwondering na Van der Lek se bleek bors wat inmekaarkrimp en dan uitpof soos ‘n brulpadda se stemkas in paarseisoen. Dan plaas ek twee van

die spane op sy manlike boesem.

Van der Lek se wysie bly dieselfde maar die lirieke is nou ietwat anders. “Wat...? Wat...?” loei die man ontsteld, nog steeds nie in staat tot woorde van meer as een lettergreep nie.

Spaarvarkie het genoeg gehoor. “Wat van die derde een?” vra hy, nou met algehele vertroue in my mediese vernuf. Hy beduie na die derde spaan.

“Knoop sy overall verder oop,” beduie ek, “en sit die ding daar, so vyf duim onder sy naeltjie. Ons moet hierdie masjien earth.”

En Van der Lek? Wel, sy oë rol toe om in hulle kaste en hy gee homself daar en dan oor aan ‘n welkom floute.

Hy het my later teruggekry, maar dit is heeltemal ‘n ander storie. Hy kan dit vertel as hy wil. Soveel vir “soos ons ons skuldenaars vergewe.” Soveel vir volgehoue, goeie ekumeniese betrekkinge tussen die N.G. - en N.H. Kerk.



Liewe leser, as jy Sondagoggend so na jou dominee sit en kyk, besef dan maar dat hy ook net ‘n mens is. Ek sê nie jy moet hom vlak kyk nie. Na alles het die hemelse Vader hom geroep om jou herder te wees. Moet net nie dink hy het nie ‘n sin vir humor nie, of dat syne anders as joune is nie.

Kom ek staaf wat ek sê aan hand van die soutstorie.

Gereeld wanneer ons in opleiding op die vooraand van ‘n nuwe fase staan, spoor die korporaals ons aan om sout te

eet.

“Eet sout manne,” sal ‘n korporaal sê, “môre begin basies.”

of

“Eet sout manne, môre begin JL’s.” (JL’s staan vir “Junior Leier”-kursus en word in Engels uitgespreek: Dzjei Els.)

of

“Eet baie sout, môre is dit evaluasie.”

Ek is nie seker wat goeie ou tafelsout veronderstel is om te doen nie. Die feit is dat die

gestreeptes ‘n onwrikbare geloof in die wonderwerkende eienskappe van natriumchloried gehad het. Dit is asof hulle kon sien hoe ‘n dosis sout die troep soos ‘n feniks uit die as van sy sat lyf laat verrys. Elke korporaal het sy gunsteling verklaring vir die magiese uitwerking van sout gehad. Dit help jou lyf, volgens die dramatiese verklaring van ‘n korporaal, om asem te haal as jy te moeg is om dit self te doen.

‘n Ander tweestreper het ‘n ingewikkelde teorie vol kleurrike vergelykings aangebied. In (verstaanbare leketaal) kom dit daarop neer dat sout jou hart weer jump-start as hy ‘n valve-bounce gekry het.

So hoog is die medisinale en voorkomende eienskappe van sout aangeskryf dat dit vir ‘n korporaal ondenkbaar was dat ‘n troep kon seerkry as hy ‘n gesonde soutinname het. Daarom, as jy ‘n been sou breek of van algehele uitputting inmekaar sou stort, het daar altyd ‘n suspisie bestaan dat jy nie genoeg sout geëet het nie.

“Eet sout, manne, eet sout.”

So sit ‘n ou in diep konsentrasie en skryf ernstig aan ‘n brief. Dit is duidelik ‘n dringende brief en hy skryf dat die papiersaagsels waai.

“Wat skryf jy daar, Piesang?” vra een van die korporaals.

“Ek skryf ‘n brief aan my vrou,” verduidelik die lat en sit regop om sy nek te masseer en sy skryfhand koel te blaas. “Ek sê vir haar sy moet solank sout eet. Een van die dae kom ek huistoe.”



Het jy al opgelet hoe snaaks dinge in die kerk is. Die alledaagse word verhef tot die amusante en die snaakse word skreusnaaks. Die eenvoudigste grappie dreig om jou nate te bars. Dit is seker omdat dit so ‘n kontras is. Alles en almal kom so sedig voor.

So ook op ‘n formele Vrydagoggendparade...

Die vorige aand het ons onder andere kool en sousboontjies vir aandete gehad. Kool en boontjies is natuurlik beide kossoorte wat berug is daarvoor om voortreflik stoom op te bou. In ‘n samedromming van lywe is die gevolge soveel indrukwekkender. Ook maar goed dat parades in die buitelug gehou word.

Daardie Vrydag staan ons almal, styf opgeblaas, op parade. Dis ook nie sommer so ‘n spontane byeenkomste nie. Hierdie is een van daardie formele doe’s, vol swier en ritueel - die volle nege jaarts. Negehonderd, sewe-en-dertig man op

parade, elkeen bewus van sy plek en plig.

So skuins voor my staan ‘n kommandant styf op aandag. Net nadat die PF-dominee klaar gelees en gebid het, is daar ‘n oomblik voordat die eenheidsbevelvoerder sy groot woord spreek. In daardie oomblik, so vol afg wagting en spanning, gee ‘n man hier iewers agter my se drukklep mee. Hy los ‘n wind, maar ‘n lawaaierige een; een van daardie wat met ‘n geskal en ‘n tromgeroffel uitstorm, reg om te kyk wat hy kan platwaai. Dit was met so ‘n poging waarmee die wolf die klein varkie se houthuise van sy fundamente afgeblaas het.

Sonder om om te kyk of om ‘n spier te trek, sê die kommandant:

“Slegte hoesie wat jy daar het...”

Ek weet tot vandag toe nie wat die kolonel gesê het nie.



Die keurraad van ‘n eenheid, verstaan ek, het baie streng norme waarvolgens hulle junior onderoffisiere beoordeel.

Sodra hulle agterkom dat daar ‘n man is wat ‘n totale gebrek aan medemenslikheid het, word sy naam aangeteken. Sou hulle merk dat hy oor ‘n ingeëtste en onbeheersde sadisme beskik, vryf hulle hulle handjies tevrede saam. As dit sou blyk dat hy as ‘n onrehabiliteerbare sosiopaat sertifiseerbaar is, is hy ‘n gemaakte korporaal.

Op ‘n dag, so rondom die twaalfde week, vra ons Gevierde Leier of ons wil gaan voel hoe dit op Siwwiestraat voel.

Siwwiestraat. Land van rus en kleur en vrouens en hamburgers en melkskommels en flieke en... Wil ons voel hoe dit daar voel? Wil ons ooit! Maar natuurlik. Net om seker te maak dit is nog daar.

Ter selfde tyd kriel ‘n ongemaklike vraag in ons rond: Het ons die man dalk te kras beoordeel? Merk ons dan hier ‘n krakie in hierdie man se ongevoelige pantser? Is daar na alles tog ‘n mens wat probeer uitkom? Het ons die ou te kras geoordeel? Oorweldig deur skuldgevoelens laat ons ons koppe in skaamte sak.

Slegte oorreaksie.

Nadat ons die Gym nog so ‘n paar grade platter gehol het, bring hy ons ‘n anderhalfuur later by die heining tussen die S.A.W. en Heidelberg.

“Tree aan! Lang ry al langs die draad af. Nou goed, steek julle hande deur die draad. Dan voel julle hoe voel dit op Siwwiestraat.” Hiehiehiehie...

Ja ou korporaal Spaarvarkie.

*Eendag gaan ek opgeroep word vir ‘n burgermagkamp...
...en dan sal jy daar wees.*



Hier teen die einde van basies begin ons manne nuwe moed skep.

Dit was ‘n harde tyd, vol skokke, verwarring, ontbering en goeie ou pyn en lyding, maar nou het dit tog begin lyk asof daar ‘n einde aan dit alles sou kom. Die vooruitsig op verligting het op party manne se gesigte begin wys. Om presies te wees, dit moes baie ooglopend gewees het, want selfs Korporaal Spaarvarkie, wat die psigo-analitiese aanvoeling van ‘n spinasieblaar gehad het, het dit begin raaksien.

“Wat grinnik jy so, Swanepoel?” vra hy een oggend vir ‘n troep in die greep van ‘n ooglopende euforie.

“Ek dink maar daaraan dat ons oor drie dae uitklaar, en dan word ons oor vier weke uitgeplaas.”

“Nou wat is so snaaks daaraan, hê?”

“Nee, ek dink maar net daaraan dat Venter [dis nou julle skrywer] hier na die buureenheid toe kom en dan is jy nog hier. Dan is hy ‘n luitenant en jy nog maar net ‘n korporaal. Hy sê jy moet ‘n troep by die hek los met ‘n radio, want hy gaan jou kom soek.”

“Heh, heh, hehhhh...” lag ou Spaarvarkie vermakerig. Maar hy hét ‘n troep by die hek gelos, mét ‘n radio om hom te waarsku as ek sou opdaag.

In hierdie wêreld is daar nie altyd geregtigheid nie. Na basies het ek hom nooit weer gesien nie.

Die einde van basiese opleiding is naby en die gedagtes van wraak begin onvermydelik kook en borrel. Dit is in hierdie gesindheid dat ek en een van my kamerade, ene Teinops de Klerk, afgevaardig is om die D.B. te gaan verken. Die M.P.'s en R.P.'s is niemand se vriende nie en het ook bygedra om basies vir ons (vir al die verkeerde redes) onvergeetlik te maak. Die groot plan was om die laaste Woensdagaand, sodra die afsluitingsbraai goed aan die gang is, hierdie Gestapo-tipe maaifoedies te gaan oorrumpel, vas te maak en in hulle eie kas toe te sluit. Net sodat hulle kan voel hoe dit voel.

Daar gekom tref ons die M.P.'s se bevelvoerder aan. Hy is ongelukkig nie huistoe nie. Natuurlik vra die man wat ons daar maak en ewe natuurlik deel ons hom mee dat ons kerklikes is wat gekom het om sy klompie gevangenes te besoek. Hy was so ooglopend aangedaan en meegevoer deur ons medemenslike opoffering te midde van 'n druk program, dat 'n splinternuwe berou van ons besit neem sodat ons summier van ons bose planne afsien. Ons het opsluit net daar en dan vir die arme ingekerkerde troepe gebid. Sommer vir die M.P.'s en die R.P.'s ook.

*En as jy vir 'n ou gebid het, kan jy hom nie
veg en toesluit nie.*



Dit is vreemd hoe een man die hele, skynbare onstuitbare gang van ‘n uitpasseringsparade kan verongeluk. Ag kyk, jy kan maar weet dat een of meer arme, simpel drommel uit pas gaan wees. Jy kan dit verwerk as een selfs omkap van al die staan in die hitte. Dit is aanvaarbaar. Dit belemmer nie werklik die gang van die hele, enorme organiese geheel van die parade nie. ‘n Man wat links swenk as die res regs swenk, se onbesonnenheid word gou deur die ordelike beweging van die linies toegesmeer. Maak iemand ‘n verkeerde wending, sien jy dit skaars.

‘n Parade bestaan uit ‘n goed-georganiseerde masjien met baie onderdele wat gelyk en presies saamwerk. Dit het sy eie prag. Maar as die R.S.M. die grootste bevel van sy bestaan, “Kom op parade!” gee, dan moet iemand nie hier van agter af terugskree:

“Staan vas, R.S.M., ons kom!” nie.



Nadat ons van Heidelberg af weg is, het ons ‘n blitskursus in kapelaanskunde gevolg. Gedurende hierdie tyd was ons bedeel met die imposante rang van Kandidaat Offisier, oftewel K.O. Dit is nie werklik ‘n rang nie; eerder ‘n toestand.

Hulle beweer die besigheid werk so: Die kolonel van ‘n eenheid beveel die kommandante rond, en hulle op hulle beurt die majoors en kapteins. Hierdie perde foeter die luitenant

rond wat dan weer die sammajoors en die stafsersante op hulle tone hou. Hierdie tirannie wentel deur die sersante en korporaaals af tot by die troepe. Die troepe vloek die kok. Die kok skop die hond.

En die hond byt die K.O.

ONT- PLOOIING

Van 'n kapelaan word daar
- onregverdiglik en dikwels
verniet - ver wag om 'n diep-
gaande kennis van die werk-
ing van die mees komplekse
van alle militêre masjiene te
hê: Die troepe.



PIATERS IN DIE PRAKTYK

Na basies is ons verskuif na Voortrekkerhoogte. Daar het verveelde instrukteurs ons in vervelige lesings deur ‘n vervelige kursus geprosesseer. Die gedagte was ons te probeer leer hoe om onself as waardige here, offisiere en kapelane te gedra. My militêre opvoeding het ek aan die voete van Sersant Gertjie, Korporaal Spaarvarkie en hierdie ongetraakte krygspedagoge ontvang. Watse kans het ek ooit gehad? Met hulle deernisvolle bydrae tot ons krygskarakter is dit verstommend dat ons nie almal opgeëindig het as ’n horde Visigote nie. Was dit nie vir die stabiliserende remkrag van ons ouerlike opvoeding en sulke kultuurinvloede soos Die Ruiters in die Nag en Die Ruiters in Swart nie, sou ons niks van offisierskap en goeie maniere geweet het nie.

Maar ons was nou offisiere. Ons wit K.O.-rangtekens is op elke epoulette met ‘n enkele bottergeel sterretjie vervang. Ek was nou tweede-luitenant P.A. Venter in wie die S.A.W. genoegsame vertrouwe gehad het om die sielswelstand van honderde dienspligtiges en ander lede in sy sorg te laat. 1 Konstruksieregiment te Dunnottar op die Oos-Rand is aangewys as my arbeidsveld en ek is daarheen verplaas. Hier is my hoër krygsopleiding deur ‘n enkeling oorgeneem van wie ek meer geleer het as by al my vorige instrukteurs saam. Ek praat nie van die hoofkapelaan van die gebied nie, ook nie van die bevelvoerder of een of ander geharde grensveteraan nie. Nee, hierdie mentor was ‘n skraal, patetiese stuk doringdraad van ‘n mens bekend aan vriend en vyand as Piater. Sappeur Piater.

Konstruksie-eenhede het ek gou geleer, bestaan nie net uit masjinerie nie maar ook uit mense, of dan redelike nabootsings van homo sapiens. Meeste hiervan was troepe beslaan met die rang van “sappeur” om aan te dui dat hulle veldingenieurs is. Daar was nog

ander sappeurs ook in die weermag, lede van die gerespekteerde veldgenieregimente in Bethlehem en Kroonstad. In die mobiele- en gemeganiseerde grensoorlog het hulle hulle kant met vernuf en moed gebring. Die sappeurs van die konstruksieregiment was nie van hierdie soort nie. Dit is nie hulle wat die goeie generaal Neil Orpen in in sy boek “Salute the Sappers!” beskryf het nie. Konstruksieregimente is gesien as soort van ‘n stortingsterrein vir lede wat nie genoeg ambisie het om kokke of klerke te word nie.

My sappeurs het verseker dat my bestaan in hulle eenheid alles buiten eenvoudig sou wees.

Ek het gou uitgevind wat die lede van die regiment as my bestaansrede onder hulle gesien het: Die kapelaan is die man vir wie die sappeur sy storie vertel as hy op pas wil gaan. Hierdie is ’n doringland wat jy kaalvoet moet oorsteek. Met net sewe jaar se tersiêre opleiding (en Gertjie en Spaarvarkie se karige bydraes) is jy totaal en al onopgewasse vir hierdie uitdaging. Op universiteit het ons geworstel met die kompleksiteite van gereformeerde teologie waarin daar van ons verwag is om die subtiliteite van, sê nou maar, die Bultmanns en die Moltmanns te onderskei. Onthou - die fakulteit leer jou net die teoretiese van die teologie. Selfs Praktiese Teologie, die vak, onderrig jou bloot in die teorie van die praktyk. Hulle laat na om jou met die belangrikste twee gawes vir ‘n kapelaan toe te rus: Profesie en onderskeiding.

Ons praat nie hier van die gawe van die onderskeiding tussen geeste waarvan ons in die Bybel lees nie, maar die gawe om die waarheid van die liegstories te kan skei. Vir ‘n troep is Siwwiestraat ‘n tipe Elysium en hy voel geregverdig om dit op enige manier, eerbaar of laakbaar, te bereik. Die kapelaan word betrek in ‘n spel van misleiding, ’n soort van ‘n sielkundige vroteiertjie, een waarin die reëls baie eenvoudig is: Die troep benader jou met ‘n storie wat sy eis op verlov moet motiveer. Ons praat hier van hartroerende en diep vertellings. As hy jou kan oortuig die storie is waar, moet die man nou, en niks later as nou, op pas gaan nie. As daar die flouste vlammetjie van medemenslikheid in jou brand, kan jy mos nie toesien dat die man so te nagekom word deur verlov te weier

nie. Wie sal ooit weet watse skade al deur so ‘n verontregte troep gely is?

Natuurlik hoor jy ook stories wat jou oë in meelewing laat traan om net daarna die deurklokkie te hoor lui en te besef jy is ingesleep. Maak jy die fout om net ‘n enkele liegstorie te glo, word jy gou gemerk as ‘n maklike prooi. Jy is gedoem. Jou kantoor word oorstroom asof jy gratis kondensmelk, sigarette en fliekkaartjies uitdeel. Skielik is jy die mees gewilde man in die omgewing.

Op die gaffellende horings van ‘n dilemma, dit is presies waar jy is. Om te glo of nie te glo nie? Jy vind gou uit jy kan nie ‘n man sommer so in die betraande oog kyk en weet of hy die waarheid praat of nie. Al sou berouvolle Tyl Uilspieël uit die dood uit opstaan en vir jou ‘n lesing oor geloofwaardigheid aangebied het, sou jy nog nie geweet het waarvoor om te kyk nie.

So jy leer om ‘n troep se feite na te gaan en sy aansprake te bevestig.

Dit het Piater my geleer.

Hierdie lid het homself op ‘n dag op die punt van ‘n plastiekstoel voor my lessenaar geïnstalleer, so verwese en verworpe soos die lelike eendjie en sy knopperige skouertjies het gehang, sy onderlip het gebewe en daar was ‘n wye verlatenheid in die groot, bruin oë. Sy ma is oorlede, sien. So pas. Sy ma. Sy enigste vriend, die enigste mens op aarde wat hom ooit verstaan het (met die moontlike uitsondering van die verbysterde, rou dienspligkapelaan voor hom, gee hy te kenne.)

Hy vertel die verhaal met soveel verslae emosie, soveel moedelose gelatenheid en so ‘n suwwe gelatenheid dat ‘n simpatieke traan onder my ooglid brand. Ek leef saam met hom deur die siekbed, die roerende afskeid, die laaste stotterende asemjie... Op die veelbetasde briefie wat hy vir my wys, kan ek net so deur my tranewaas die woord “My liefste seuntjie” lees.

Op verlof gaan die man op menslikheidsverlof. Nou. Onmiddellik, al moet ek homself daarheen aanry.

Dit is met ‘n yslike knop in die keel dat ek later sy ouerhuis bel. Verstaan mooi, dit was nie uit wantroue nie, maar ek sou nie langer

met myself kon saamleef as ek nie my simpatie en ondersteuning aan die verpletterde agtergeblewenes bied nie. Ek wou veral met die pa simpatiseer en hom vra, “Wat kan ons vir jou seun doen?”

‘n Dame antwoord aan die anderkant.

“Goediedag,” prewel ek skor, “ek is luitenant Venter, die kapelaan van die Konstruksieregiment. Mag ek vra, met wie praat ek?”

“Dit is mevrou Piater.”

“As ek mag vra, is u verwant aan Sappeur Piater van ons eenheid?”

“Ja,” bely sy met ‘n onmiskenbare klankie lydsaamheid, “ek is sy moeder.”

“Mevrou,” vra ek versigtig, “waarvandaan praat U?”



Later het ek skouers opgetrek en beseft ek kan nie werklik onderskei tussen die waarheid en sy teenpool nie. Ek besluit toe op ‘n gans ander maatstaf. Ek sal menslikheidsverlof aanbeveel vir elkeen wat vir my ‘n goeie en - baie belangrik - oorspronklike storie vertel.

‘n Mens kan ‘n baie dik boek daarvoor skryf.



Kleinboet self het ‘n paar loeloes vertel.

Kom hy eenkeer ‘n dag laat van pas af en ‘n lig-in-die-broek, G3 onderkorporaal tree hom aan.

“My pasaangeër se batterye was pap,” verduidelik Kleinboet sonder om ‘n oog te knip. “Hulle moes dit oor die naweek vervang maar die batterye het laat opgedaag uit Taiwan.”

Lont word geruik. ‘n G1K1 operasionele infanteris met ‘n

pasaangeër? Dit was die absurditeit van die verskoning wat die lance-jack ondergrawe het. Wie in sy gesonde verstand sal so ‘n hoop nonsens met soveel fermheid loop en verkoop? Tot die onderkorporaal se krediet het hy ‘n finale poging aangewend om die waarheid vas te maak.

“Nou wys my waar hulle jou gesny het!”, dring hy aan, waarop Kleinboet hom asof met ware simpatie aankyk.

“Weet jy nie,” kom hierdie Venter met ‘n verbysterende mediese verklaring vorendag, “dat hulle ‘n pasaangeër deur jou mond insit nie?”

Hierdie lance-jack, wat blykbaar dieselfde mediese agtergrond as Korporaal Spaarvarkie gehad het, moes die knie voor hierdie grofgeskut buig.

En vyf-en-twintig jaar later hoor ‘n middeljarige man by sy sjirurg dat hy ‘n pasaangeër moet kry. Die pasiënt verwar die medikus geheel en al toe hy vra of dit sy keel baie seer sal maak. Wanneer die dokter met deernis verduidelik dat daar inderwaarheid ‘n opehartoperasie nodig is om ‘n pasaangeër in te sit, slaan die pasiënt ‘n handpalm teen sy voorkop.

“Venterrrrrr!” gil hy, “Ek het dit geweet!”



Die wêreld het dit gesien as ‘n massiewe sosiale stuiptrekking waarin ‘n verontregte massa geswoeg het om die verdrukker se boeie af te gooi. Ons het dit as onluste gesien. Alhoewel ons op ons eie tyd kon simpatiseer met die behoeftes van die mense in die townships, kon ons in alle goeie gewete nie toesien dat die land in anargie omgedolwe word en dat sekere roekeloses ‘n skrikbewind voer en die lewe van miljoene mense om hulle hel maak nie.

Die 1985-onluste aan die Oos-Rand het my tydelik van die kapelaanskantoor kom verlos.

Die straatjies is so nou! Dit was my eerste waarneming van 'n township aan die Oos-Rand. Plek-plek was dit so nou dat die Buffel amper weerskante geskuur het.

Ek het saam met 'n paar gesoute onlusters gery, manne wat die plek en die omstandighede geken het en geweet het hoe om na hulleself in die situasie om te sien. Gou het 'n ding my opgeval. In party strate ry die Buffel vinnig en die bemanning sit laag en hulle het staaldakke op. In ander strate ry die kar weer stadig en die manne staan ontspanne regop en nie en daar is nie 'n staaldak in sig nie.

Die rede het nie vir ewig verberg gebly voor my geoefende militêre oog nie. In die strate waar ons vinnig ry was dit omdat ons die werklike gevaar geloop het om met klippe en suurbomme bestook te word. In die stadige strate gooi die inwoners koekies en lekkergoed binne-in die Buffel.



Militêre beplanners nê, is slim, baie slim. Gee hulle net genoeg tyd en hulle dring tot die kern van elke probleem deur.

Bedink nou maar weer die ding oor die kop. Krygskundiges het na enkele eeue se oorlogvoering agtergekom dat die toestand van 'n troep se kop deurslaggewend is vir sy voortgesette deelname aan die stryd.

Ja, almal weet 'n troep moet kan loop - kan hardlòp - so twee goeie bene kan as nuttig beskou word en wapens word met die arms aangewend. Maar, dink 'n bietjie daaroor, verwyder 'n soldaat se een been en hy kan nog tot die aanval oorgaan op so 'n hop-scotch'erige manier. Ontneem hom sy een arm en hy kan nog 'n swaard of 'n spies in die ander een vashou. Maar rig ernstige strukturele skade aan sy kop aan en die man en die res van sy lyf kom tot 'n onverbidelike toestand. Dit is een van die lesse wat die geval Goliat so treffend geïllustreer het.

Om die manne te help om (letterlik) kop te hou, het die

ontwerpers van krygstuig reeds eeue gelede met die helm vorendag gekom. Dit is, in wese, 'n stewige hoofbedekking (hoofdeksel in amietaal) wat die draer se kop moet beskerm teen knuppelhoue, swaardsnye, bylkappe en teen pyle, klippe, blompotte en allerlei ander projektele.

'n Groot verskeidenheid helms het deur die eeue die lig gesien. Daar was rondes, vierkantiges, silindervormiges en langwerpiges. Daar was helms met knoppe, helms met pluime of met punte, ringe en natuurlik horings.



Hardkoppig...

Hierdie is 'n staaldak, maar nie 'n volledige staaldak nie. Dit het 'n kamoefleernet oor maar kort 'n rek om die rand om die net te beskerm. Dit was 'n universeel gehate bykomstigheid maar as die klippe of koeëls vlieg, word dit gou 'n gunsteling.

Daar is gou gesien dat daar ‘n korrelasie tussen ‘n helm se grootte en sy doeltreffendheid is. Dit is na aanleiding van ‘n ingewikkelde formule wat in leketerme uitgedruk kan word as “hoe groter die helm hoe kleiner is die deel van die troep wat uitsteek en hoe minder is die pyn wat hy moet verduur.” Helms het ontwikkel en het groter geword totdat dit in sekere gevalle die hele liggaam bedek het. Wat anders is daardie blink, vlekvrue staalpakke wat die ouens in die middeleeue gedra het as maar net uitgerekte helms?

Ek het my vrae oor die doeltreffendheid van hierdie staalpak/helm. Wat help dit jou as jy bestand is teen die wapens van die dag maar jy het die reguitlynspoed en beweeglikheid van ‘n sesskaarploeg in suigsand? Die onheiliges kan jou dan mos vang en oor ‘n vuur hou en jou uit jou pak kook. En kom jy daaruit het jy nie eens ‘n knuppelbestande hoofdeksel op die kop nie!

Wat ek van hierdie dinge weet, het die S.A.W. blykbaar ook besef. Hulle bedrae tot couture du guerre was’n groterige, diep, groen dop. Elke lid is hiermee uitgereik en dit het gou bekendgestaan as ‘n staaldak. Daar is geen raaisel om dié benaming nie. Die ding is van staal (die oues in elk geval. Die nuwes is van kunsvesel maar die naam “plêstiekdak” het nooit werklik veld gewen nie.) Dit is ‘n veelsydige bak en het al met onderskeiding gedien as piepot, blombak en sandemmer. Dit dien ook as ‘n dak. Dit keer al die reën van jou kop af, byvoorbeeld, en stort dit agter in jou rug af.

Tydens opeiding verduidelik hulle dat die ding nie bestand is teen ‘n voltreffer uit ‘n geweer se bek nie, maar die troos is darem dat dit skrapnel, skramsskote en klippe uit jou harspan sal hou. Nie dat dit by jou ‘n aangetrokkenheid tot dié ding wek nie.

Die ding wat jy altyd van ‘n staaldak sal onthou is hoe ongerieflik dit is. Die ding is swaar. Hy sit nie om jou kop nie, hy waggel bo-op. Om te sorg dat jy onder jou staaldak bly is die ding met ‘n kenband toegerus. Voorts het dit ‘n plastiekinsetsel wat bekend staan as ‘n “doibie” na aanleiding van Spooky die stoute spook se hoofdeksel. Dit moet keer dat die staaldak oor jou oë sak.

Die ongerief van ‘n staaldak ontwikkel in ‘n smart sodra jy

begin beweeg. Hardloop jy, hamer die ding jou kop met elke tree soos ‘n tentpen tussen jou skouers in. Naderhand steek net jou oë uit en vrees jy gans ontmoedig om te vergaan.

Daar was Deel Een Order (dit is ‘n order wat vir almal geld, vir jou ook... troep!) dat enige lid wat in of op ‘n Buffel ry ‘n staaldak moet dra. Dit is om jou lewe te beskerm indien die voertuig in ‘n ongeluk sou wees. Die vernuftige teorie is dat die staaldak jou kop so ver tussen jou skouers sal indruk en dat daar so min sou uitsteek dat die kans op ‘n ernstige besering beperk is.

Ek was nie deur hierdie verklaring beïndruk nie. Soos enige eenploet het ek nie ‘n staaldak agter op ‘n Buffel gedra nie. Ek was te Audie Murphy vir sulke dinge en vir Deel Een Orders. ‘n Staaldak druk jou hare plat en as die ding ongerieflik is op terra firma, wag dat jy daarmee agter op ‘n Buffel ry. Hierdie innemende troepedraer wieg van voor na agter sowel as heen en weer. Na veertien ure op ‘n Buffel is jou kop so gewoon aan die wieg dat jy daardie nag nie aan die slaap kan raak op ‘n kussing wat stillê nie.

Maar met ‘n beret of boshod op jou kop kkrj jy net seer want die manne skiet jou met ketties en albasters.

Weet jy hoe vinnig kan jy ‘n staaldak opsit?



Maar ‘n staaldak bedek net ‘n deel van jou kop. Ek het – sonder sukses – begin navraag doen oor waar ek een van daai blink, middeleeuse staalpakke kan bekom.



Ek het daar vir die eerste keer ontdek wat vrees is. Kyk, ek praat nie van ‘n effense bang gevoel; ‘n knaende ongerustheid dat alles nie pluis is nie. VREES. Soveel vrees dat jy dink dat jy van die gevoel self sal omkom.

‘n Hostel is die vorige dag afgebrand. Terwyle k in die polisiestatie sit en wag, kom daar ‘n berig oor die radio dat plundersaars besig is om die verskroeiende gebou te stroop. Om die een of ander rede was net ek en vyf polisiemanne beskikbaar. Nou moet ons die plundery stopsit.

Dit is die verlatenheid. Lang sale, roetbesmeer en vol eggo’s. Rook hang suf oor die verskroeiende vloere. Ek is alleen. Verstrooide besittings op die grond. Beddens en blik hangkaste teen die mure. Geskeurde, kleurvolle foto’s van sokkerspanne. My voetstappe klink skerp en bros. Rondom my is die geestesteenwoordigheid van vyftig manne, oorlopens gelaai met krag en humor en lewenslus. Maar ook met woede, vrees, spanning en frustrasie. Die vensters, meeste gekraak of gebreek, is swart van die rook.

Dit is daar wat jy leer om bang te wees. Uit die oerdieptes van jou wese span vrees se kables en hake styf. Jou binnekant is ‘n moeras van drogbeelde en vreeslike moontlikhede. Jy herken dit as dieselfde gevoelens van jou kindervrees vir slange en spoke en monsters onder jou bed. En Pa is nie in sy slaapkamer verder in die gang af nie.

Jy neem elke tree met die gedagte – die sekerheid – dat dit jou laaste gaan wees. Eers loop jy met die R1 op Stand 2 (met ‘n magasyn maar sonder ‘n rondte in die kamer.) Dan span jy hom. ‘n Skuifeltree later druk jy die veiligheidsknip van “S” af na “R” vir snelvuur en net ‘n bietjie later, as jy dit nie kan hou nie, soek jou duim die “A”-posisie. Vol outomaties. Jy voel kaal en blind en kwesbaar en dit is asof die mure van oë gemaak is.

‘n Warboel gedagtes krioel deur jou kop. Jy dink oor die beginsel van fatalisme. Jy weet mos – as jou nommer op is... Jou dag is jou dag en daar is niks wat jy kan doen nie. Maak nie saak of jy in ‘n geveg is en of jy op jou sitkamerbank lê en televisie kyk nie. As die Engel op die Grys vir jou kom, het jy niks oor om te sê nie. Die Grimmige Stroper met sy lang sekel. Hy kom wanneer hy wil. Loop jy alleen deur ‘n afgebrande hostel weet jy hy is nie ver nie. Jy kan sy kleed hoor sleep oor die grond.

Jy dink aan die mite van die koeël met jou naam daarop. Die

een waarop daar staan, “P.A. Venter, per adres die S.A.W.” Miskien is ek verkeerd, maar hy is nie die een wat my bangmaak nie.

Ek is banger vir al daardie AK 47-rondtes wat bloot sê, “Heil die Leser!”

So jy skuifel deur die oorblyfsels van jou nagmerrie. Jou sintuie funksioneer op ‘n ongekende, verhewe vlak. Alles, geluide, reuke, kleure, beelde, is helderder en duideliker. Hipersensitiwiteit. Y hoor duidelik die hakkelryge doefklop van jou hart. Jou asem jaag. Jy kry tonnelvisie. Jy neem alles in in ‘n rukkerige vertraagde aksie en tyd is ingedeel in skerp afgebakende kompartemente. Daar is ‘n skielike impuls in jou om te begin giggel en jy vertaan nie hoekom nie. ‘n Seun in die donker is wat jy is. Die onheil loop op jou hakke. Jy trek jou rug reguit. Jy wil nie vir hom, wie hy ookal is en waar hy ookal vandaan kom, wys jy weet hy is daar nie.

Die laaste paar treë nael jy, soos ‘n kleintjie wat uit die donker die lig en veiligheid van sy ouers se huis gewaar.

Wanneer jy buite kom, is jy verbaas om te sien dat dit nog helderdag is. Jou hande en voorarmspiere is seer en jy besef dit is van die vasklem aan jou geweer.

Daar was baie polisiemanne wat vir lang te in onlusgebiede gewerk het. Ek sal nie weer een van hulle vlakkyk nie.

My boodskap aan die leunstoelmilitariste by die huis was: As jy so iets nog nooit beleef het nie, moet jy nie so maklik van oorlog-oorlog praat nie.



My skoonsussie sê dat dit teoreties moontlik is dat ek nog kan grootword maar blykbaar word die kans elke dag skraler. Dit net omdat ek van gewere en karre hou. Nou goed, ek bely - spoed doen vir my iets. Veral as dit oor rowweveld is. In diens van dié passie het ek al baie duisende kilometers, in baie verskillende witwarm veldvoertuie oor sukkelveld gejaag. Daarom kan jy my woord

daarvoor vat:Vir suiwer adrenalien-gemarineerde opwinding is daar min wat kan vergelyk met 'n Buffel op volle vaart.

Daar word baie gepraat van Porsches en Lamborghinis en Ferraris en van Chev's en Jeeps en Ford Broncos. Probeer gerus 'n Buffel.

Met die eerste oogopslag lyk die ryding ietwat prehistories. Les soos 'n kruising tussen 'n boggelrugwalvis en 'n gepantserde Vrystaatse interpretasie van 'n kameel. Net agter die kantige hoek is 'n klein bestuurstkajuit vol harde kante en skerp hoeke en net regs daarvan is 'n spaarwiel. Die bak sit hoog en ongemaklik en loop spits na ondertoe. Dit lyk soos 'n omgekeerde Monopoly-hotel. Weerskante van die bak is daar stewige gasarms wat as stabiliseerders dien. Die wiele peul weerskante van die suspensie uit sodat dit lyk asof hy bakbeen staan, soos 'n myndorp se derdespan skrumskakel.

Die Buffel is op die rof-en-reg Unimog van Mercedes Benz gebaseer. Vir geruime tyd tydens die grensoorlog was die Unimog die vernaamste wyse waarop die S.A.W. sy personeel vervoer het. Die ding is groot met hoë wiele en toegerus met 'n kragtige sessilinder dieselenjin en vierwieldryf. Die plekke waar hy nie kan ry nie, is waarskynlik nie plekke waar jy behoort te wees nie. Daar was egter een element wat die meëdoënlose gang van die Unimog gestuit het: Landmyne.

Boerevernuf het 'n oplossing gebring. Die 'Mog se hele bakwerk is met pantserstaal vervang, vandaar die waggelende, onderstebo wigvormige ontwerp van die bak. Trap hierdie lorrie 'n landmyn, kaats die skuins vlakke van die bakke, die geweld van die ontploffing weg van die voertuig se kosbare inhoud – die troepe. Die Buffel – soos die voertuig gedoop is – was 'n onmiddelijke sukses en baie troepe het hulle lewe te danke aan die vernuftige ontwerp van die kar.

Hierdie aanpassings aan die Unimog was noodwendig nie sonder komplikasies nie. Die voertuig is uiteraard hoër gemaak om die wigvorm in te pas, met die onvermydelike gevolg dat die gravitasiedraaipunt baie hoër as wenslik is. Om die uitwerking

daarvan teen te werk is die stabiliseerders aan die kante van die bak aangebring. Vandaar die voertuig se eiesoortige skommeling.

Meeste weermaglede het 'n Buffel-storie om te vertel. Daar is 'n paar standaardsieninge van hierdie pantserlorrie en verbasend baie daarvan het deel van die bosmites geword. Die algemeenste uitspraak is dat die Buffel so daklomp is dat hy maklik rol. Daar is inderdaad 'n beduidende hoeveelheid van hierdie voertuie wat deur onbeheerde bestuurders omgekeer is, veral wanneer die stabiliseerders hulle drukkrag verloor het, maar dit is nie naastenby soveel as wat die vertellers wil hê dit moet wees nie. Die Buffel se gedrag het hierdie onverdiende reputasie aangehelp. Wanneer jy agter op 'n Buffel staan wanneer hy storm, skommel en wieg die bak so hewig en so bedrieglik dat dit vir jou waarskynlik lyk dat die ding enige oomblik gaan omslaan. Inderwaarheid het dit ekstreme omstandighede en uiterste onnoselheid van die bestuurder gevat om die ding om te voer.

Daar word te dikwels sleg gepraat van dié gewillige kar. Tog is daar manne wat weet wat die Buffel met nerf en vuis sal verdedig as dit moet. Soos die manne van Ops Llama wat in die middel van 1983 oor 'n bergreeks in Suid-Angola gegaan het met 'n vegspan Merk 1B Buffels. Hulle het gesien en beleef wat hierdie lorries kan doen. Hulle praat nie baie daaroor nie want hulle sal van grootpraterij verdink word.

Dit is dan agterop hierdie pakdonkie van die amie waarmee ek die vrede in die townships gaan bewaak het. In die loop van gebeure het ek 'n paar uiters opwindende volspoedoomblikke agter op 'n Buffel beleef. Daar is veral een wat uitstaan. Dit was tydens 'n lustelose klein onlussie in een van die plattelandse lokasies. Ek het saamgery met 'n groepie van ons anderkleurige medestryders. Ons s'n was nie 'n hierjy kalfie van 'n Buffel nie. 'n .50 Browning het ons kar bedeel met horings.

Ek is nog so aan't wieg onder my staaldak toe hoor ek hoe die Buffel se Mercedes-kragbron snork in gehoor aan 'n swaar voet op die voetpedaal. Die voertuig wieg tot op die uiterste parameters van veiligheid terwyl hy met 'n grom vorentoe bokspring. 'n Vyf-ton

gevaarsone teen topspoed. Ek rem terug aan die rolstaaf soos 'n ou wat windsurf en ek kyk vorentoe. Ek sien 'n voortvluggende doer voor in die pad. Hy hardloop en hy hardloop met mening, soos Van der Lek as hy weet die bev kyk vir hom. Die Buffel sit agterna.

Die lat hol deur 'n groentetuin en die Buffel volg hom summier. Die man swenk skerp na regs en onder 'n afdak deur. Die Buffel volg hom so half op twee wiele en verpletter die afdak in 'n storting van sinke en splinters. Die knaap skarrel teen 'n helling af en die Buffel storm agterna.



Boerkar! Die Suid-Afrikaanse Weermag se eerste uitstapjie in Angola - Operasie Savannah - was te sagtevel Unimog. Die troepe het dié karre probeer landmynabsorberend maak deur dit vol sandsakke te pak. 'n Landmynbestande, gepantserde oplossing was nodig en in 'n ommesientjie het ingenieurs die Buffel vir die troepe se gebruik en vermaak aangebied. Soos baie ander ontwerpe in die weermag, was dit goedkoop en doeltreffend - alhoewel net sy ma so 'n gedroggie kon liefkry. Hierdie is 'n Merk 1B Buffel, uitkenbaar aan die vlak wielnawe.

Ek klou vas en probeer sien hoe dit met die drywer gaan. Dalk het diemaat harsingskudding opgedoen onder die afdak. Die Buffel skop en spring onder my voete en ek is oortuig hy gaan nou-nou-nou omslaan.

Die vluggende begaan uiteindelik in sy desperaatheid ‘n gruwelike flater – hy kies koers oor ‘n sokkerveld. Seker maar instink. Dalk voel hy tuis daar, maar die Buffel se bene is langer as syne en ons haal hom op die halflyn in waar die troepe hulle hande aan hom slaan wat aan elkeen – iedere een van hulle – ‘n rooikaart sou besorg het.

Ek kruip onder my staaldak uit. “Waarom jaag ons hom?” vra ek die korporaal in bevel.

“Omdat hy weghardloop,” verduidelik die gestreepte vol onderoffisierlike logika.

Ek vra vir die vlugteling/gevangene: “Vir wat hardloop jy weg, huh?”

“Oorlat djulle my djaag,” sê hy.



Dit was maar net ‘n ou klein irritasietjie, die mooi wintersoggend. Niks ernstig nie. ‘n Groepie tieners het besluit om hulle deel te doen vir betrekkinge in ons sektor. Die polisie moes darem weet hulle is nog daar. Hulle het geskreeu en gedans en die klippe wat hulle gegooi het, het nie juis skade aangerig nie.

Mettertyd was daar sowat driehonderd kinders wat deelgeneem het. Ons het dit vanuit ‘n drietal Buffels gesit en dophou. Goeie, opbouende vermaak.

En toe daag die Casspir op. Nou, ‘n Casspir sluit nie by ‘n toneel aan nie, hy oordonder dit. Indien die gevierde tradisie om weermagvoertuie na diere te vernoem, in hierdie geval voortgesit is, sou die ding goed gedien gewees het met die naam Vlakvark. Het jy al ‘n vlakvark by ‘n watergat dopgehou? Hy skuifelsnuif nie versigtig vorentoe soos ander diere nie. Hy hardloop, kop arrogant

opgelig, stert penorent, reguit ater toe. Hy dons halflyf in die water in, suip en draf dan ewe windmakerig weer weg. Hy behoort ‘n bufferplakker agterop te hê wat sê, “As a matter of fact I *do* own the waterhole.”

Die Casspir het baie dieselfde houding en dit maak oënskylik nie saak watter poeliesman hom bestuur nie. Storm orals in. Doen alles teen topspoed maak nie saak waar hy is en wat voor hom is nie. Ek het al met sappeurs gepraat wat die Oom Willie se Pad van legendes op die grens vir landmyne gegee het. Hulle salnog so sweet in die son, tree vir tree teen hulle gebruilike slakkegang, dan snork die Koevoete in hulle Casspir daar verby in ‘n wolk van stof. Dan pak die troepe hulle metaalverklikkers in hulle Buffel en jaag agter die Koevoete aan totdat hulle by die wrak van die Casspir kom (wat natuurlik ‘n myn getrap het). Dan vee hulle weer die pad van daar af. Totdat die volgende Casspir verbygejaag kom.

In die townships was dit telkens ook so. Ons weermagpiete sal op ‘n onlustoneel verskyn en streef om ‘n lae profiel te handhaaf. (Wel, so laag as wat ‘n mens dit op die opgestapelde vorm van ‘n Buffel kan hou.) Dikwels was dit onnodig om by die situasie in te gryp. Ons het veelal soos skaaphonde te werk gegaan. Dit was goed vir die weerbarstiges om hulle emosies te ontlaai en ons was maar net daarom te keer dat hulle nie iets sou aanvang waaroor almal later spyt sou wees nie.

Totdat die Casspirs verskyn.

Hierdie dag was dit ook nie anders nie. Terwyl ons nog so op die buitewyke van die opstootjie besig was om die laaties se danstegnieke te bewonder, toe bars die Casspir los op die toneel. Die drywer skop rem en die bande sleep deur die stof dat die gruis spat. Bo-op sit ‘n enkele poliseman met ‘n traangaswerper wat hy somer so uit die heup afvuur. Die gashouer vlieg met ‘n lui boeppenstrajek en land so tien meter voor die kinders op die grond.

Voor die ding egter kan begin rook, nael een van die seuns vorentoe – ‘n ware Jonty Rhodes – raap die ding so teen volspoed op en gooi dit in een blitsgladde, soepel beweging terug na die

Casspir. Middelpen! Die kannetjie verdwyn bo in die polisiekar in.

Die Casspir se sydeur vlieg oop en ‘n klompie snikkende, stikkende, swetsende wetstoepassers met loopneuse en rooi pofferoë vlieg in kamofleerdrag daaruit. Nie een het sy geweer by hom nie. Sambokke, dié het hulle. Elkeen van hulle.

Voor jy kan sê “waggaannouaan” is die strate van die township so leeg en so stil soos die voorstellekas in die kerk.

En so sak die gordyn oor die dag se vermaak.

Sug.



Op ‘n dag stop ‘n Casspir by die polisiestasie. Kreunende, gekneusde, blougewiksde dienaars van die gereg tuimel daaruit. Dit gaan met hulle nie goed nie. Hulle is erg verrinneweer en plekplek vloei die bloed.

Ek kan sien die drywer wil lag maar hy mag nie. Vreemd. Hoekom wil hy vir sy kollegas lag as dit lyk asof hulle stry gekry het met ‘n bende Mike Tysons? Ek bemerk onraad. Duidelik ‘n hinderlaag. ‘n Lae gemene daad.

Die feite vertel egter ‘n ander verhaal. Een van die konstabels het per ongeluk (sien Newton se wette) ‘n 40-mil rubberkoeël laat afgaan. Binne-in die agterste deel van die Casspir.

En ‘n stuk rubber – so swaar en hard soos ‘n flitsbattery – wat in ‘n geslote ruimte rondblits... sonder aansiens des persoons...



Die Oos-Rand is nie Siberië nie en op 'n wêreldwye skaal is die winters niks hewiger as matig nie. Totdat jy dit agterop 'n Buffel beleef. Jy kry sommer nuwe begrip vir Doctor Zhivago want die vrieswind fluit Lara se Tema deur jou ore.

Die konstruksie van 'n Buffel help minder as niks. Die Buffel is so ontwerp dat dit die wind so insuig dat die koue elke liggaamsdeel bereik en verdoof. 'n Gepantserde venturi-effek kan jy sê; 'n sirogeniese eksperiment in nutria-bruin. Daar kil staalvloer is onbedek en die koue sytel in jou bene in, so meedoënloos soos Vader Tyd. Op 'n verwronge manier is dit tog doeltreffend. Maak nie saak hoeveel klere jy aantrek nie, die wind waai deur jou. Die volk se bewakers kry te koud om vaak te word. En hulle kla nie oor die lang ure se sit nie. Hulle kan in elk geval nie meer hulle boude voel nie.

Na sestien winterure begin jy gerugte glo dat die hoofingenieur van die Buffel-projek universiteit toe is op 'n Frigidaire-beurs.

Dit is in hierdie toestand wat ons een aand so teen half-elf teruggekome het by die basis. Ek gaan wag in die dienskamer om gehaal te word. Ons sit daar voor 'n tweestaaf elektriese verwarmertjie en 'n draagbare swart-en-wit TV, ek en die korporaal aan diens.

Die laatnagfiek is die harverskeurende epos van 'n ou tannie wat haar verlore seun weer na baie jare opspoor. Ek tref net die stertkant van Madame X maar dit is so tranetrekend dat ek gou in die klimaktiese hofsak verdiep is. (Ek kyk mos nie gewoonlik sulke fliks nie, maar onthou ek is nou 'n kapelaan. Menslike emosies prikkel nou my professionele belangstelling. Buitendien herinner die hele fiek my te veel aan die geval Piater.)

Die korporaal langs my trek sy asem skerp in en begin sulke roggelklanke maak. Merkwaardige trefkrag wat die fim het. Daar is min wat so deur die huid van 'n gestrepte kan trek.

“Luitenant...” prewel die knaap. Ek probeer die storie volg en spits my ore vir elke woord. Die een ding wat ek nie nodig het nie, is om aandag aan die korporaal se nuwe persoonlike krisis te gee nie. Waar's die sensitiwiteit, vra ek jou? Daar is mos 'n tyd en

‘n plek vir alles en daardie tyd en daardie plek is nie nou nie want Madame X is nou op haar laaste en...

“Luitenant!” Die keer ietwat dringender.

“Hei man,” betig ek sonder om op te kyk. “Wag net so ‘n bietjie. Ek kan niks hoor nie.”

“Maar...”

“Stil!” sny ek hom kort. Korporaals. Kan sy kleinlike probleme nie ‘n bietjie wag nie?

Vir die volgende paar minute krewel die man onsmaaklik en ek doen my bes om hom te ignoreer. Die hoofkarakter in die flik begin met haar ontboeseming. Ek kom agter dat die lug in die dienskamer eintlik baie droog is want daar is meteens so ‘n branderigheid in my oë.

Die korporaal pluk aan my mou: “Luitenant, luister gou hier!”

Ek pluk my arm vererg los terwyl ek so deur die filistynse steurnis probeer konsentreer om uit te vind wat presies die ou tannie se probleem nou eintlik is.

“Luitenant!”

“Wag net man! Jy kan netnou met my praat!”

Waarop die knaap opspring en skuins voor my kom staan.

“Luitenant!” sis hy.

Ek gee oor: “Wazzit!” Wat dit ookal is, dit beter goed wees.

“Luitenant,” het die man te vertelle, “jou boots rook!”

Ek kyk af, en ja, sowaar, daar peul rook uit die gesmelte sole van my jumpers.

“Hoekom sê jy my nie lankal nie!” skrou ek, waarna die pyn met mag en mening in my voete aanmeld.

As een van julle weet hoe Madame X eindig, hoor ek graag van jou. (Ter wille van professionele belangstelling, jy weet.)

Glimlagte af, staaldakke op!

Daar was 'n staande order dat alle lede aanboord 'n Buffel staaldakke moet ophê. Dit is dikwels verontagsaam - soos deur hierdie lede. Maar wanneer die Buffel 'n township betree het, het staaldakke sonder klagtes opgegaan. Die Buffel is vir Grenstoestande ontwerp en was nie ideaal vir township diens nie, maar, soos dikwels, moes die Boere improviseer.



TROKKE EN TRANE

Die antieke Grieke het geglo dat vir elke vreugde wat die gode voorsien, verskaf hulle twee smarte. Ek glo nie in die Griekse panteologie nie, maar ek het al gesien hoe baie dae se honger gebore word uit 'n paar oomblikke se impulsiewe pret.

Dit was 'n Ford vragmotor wat die voorwerp van vreugde was. Dit was een met 'n toebak waarop 'n groot kleurprent van 'n vars, witbrood gpryk het. Die broodlorrie. In die townships is hy 'n onmisbare lewensaar. Net impulsiewe of kwaadwillige mense knip hom.

Toe ons op die toneel afkom, was die drywer van die kos-op-wiele gewikkel in indringende samesprekings met 'n groep omstanders. Dit punt van hulle dispuut was juis die Ford. Die drywer was van mening dat dit beter is om die lorrietjie net so in sy huidige fatsoen te los. Eintlik doen die ding niemand kwaad nie. Die drywer verdien sy brood (as julle my sal verskoon) daarmee en lewer daarmee kos vir die hele gemeenskap af.

Die manne en vroue om hom het 'n radikaal ander siening gehad. Dit was vir hulle duidelik dat dit vir die breë samelewing se beswil onontbeerlik was dat die lorrie sou uitbrand.

Die massa-standpunt was nie 'n beweeglike een nie maar die drywer was 'n gesoute - om nie eens te praat van 'n desperate - onderhandelaar. Hy het sy standpunt met drif en die nodige knippie pathos oorgedra. Die samesprekings het dié kant toe, daai kant toe en weer dié kant toe, maar toe dit net wou lyk asof dit op 'n dooie punt sou uitloop, het dit 'n drastiese wending geneem toe 'n lid van die ander party so half-terloops 'n 195/14 Dunlop SP33 tevoorskyn gebring het. Toe hulle nog so ongeërg 'n pakkie vuurhoutjies uithaal, het die drywer besef dat hy die debat verloor het. Soos dit die intelligente orator betaam het hy toegegee aan

hierdie onweerlegbare argument en die arena inderhaas ontruim.

Die oorwinnaars het hulle buit verdeel. Dit was sowat 150 000 brode. Elkeen het'n hap daaruit geneem en die res van die brood is in 'n groot, indrukwekkende hoop vertrap. Die lorrie het sy lewe gegee in 'n groot bol digte, olierige, swart rook.

Na 'n halfdag se toi-toi kom groot honger. Daardie volgende oggend het dit tot algaar deurgedring dat die broodlorrie nie daardie dag sal loop nie.

Toe het hulle van gister se getrapte brood uit die hoop kom afbreek om vandag se honger te stil.



So kon dit nie aangaan nie. Die probleem het so ernstig geword dat selfs die hoë range dit agtergekom he. Daar is op hoogste vlak besluit dat alle afleweringsvoertuie net met gewapende begeleiding in die townships sou ingaan. Dit was in daardie tyd dat ek by die een polisiestasie gewag het vir my vervoer terug basis toe.

'n Polonielorriedaagopennet daarhethetdiestasiebevelvoerder 'n haakplek. Die konstabel wat vir hierdie eskort getaak is, is elders verlaag (hy het met die haelgeweer gaan tarentale skiet in die veld.) Verleë wend die bev hom na die kapelaanskorps. Sal ek asseblief uithelp?

Geen probleem nie, mein Herr. Om voedsel aan die massa's van Afrika te verskaf, daar is niks wat my herdershart sterker laat klop nie. Buitendien, ek het die enigste R1 in die omgewing.

Voor die lorrieontmoet ek die drywer. 'n Kort, astrante man met 'n skerp gesig soos 'n kwartpondkaas. Donker, krullerige hare. Hy praat en hy praat baie maar ek kan nie sy woorde uitmaak nie. Miskien omdat die lorrie se enjin raserig luiet. Die man swaai sy arms in sulke wye gebare. Hy beduie na my R1, wys na sy lorrie.

“Ja,” sein ek terug, “ek gaan hierdie roer by daai lorrie van jou invat.”

Die man raas. Ek hoor ‘n paar woorde met ‘n Engelse klankie en ‘n dialek wat vir my klink soos ‘n tipe hondelatyn. Nou kom ek agter hy is glad nie ten gunste van my voorneme om my R1 saam te vat nie. Ek verstaan uit wat hy self ‘n “ghoen” het. Dan tref dit my: Dié maat wat my herinner aan iets in Asterix is niks minder as ‘n afstammeling van die Romeine nie. Hy is ‘n rêrige, rasegte Italianer. Daarom is daar so ‘n effense gebrek aan kommunikasie. Maar ek sal gou leer. Bravo!

Hy verduidelik hewiglik voort en te midde van al die gebare en die woorde bestyg ek die lorrie se kajuit. Met my R1. Dit is altwee van ons of nie een nie. Die man verstaan dit uiteindelik so. Nie dat hy enigsins gelukkiger is nie. Hy klim ook in, en met ‘n rukslag vertrek ons om die township se polonienood te gaan verlig.

Ek besef gou dat ek en Giuseppe (of wat sy naam ookal is) in ‘n mate van mekaar afhanklik is. Voorts is ek ‘n kapelaan en die man se sielontsteltenis is my besigheid. Met groot takt vra ek hom uit na sy afkeur in die wapens waarmee die staat goedgevind het om ons uit te reik.

“Eh, Giuseppe,” vis ek uit in sy taal wat al makliker op my tong val, “whazzamatter you? Why notta you like my goon?”

Die man is vir ‘n oomblik uit die veld geslaan. Om darem so in jou eie volksmond aangespreek te word! En dit deur ‘n lid in nutria-bruin. Die man se houding maak ‘n ommeswaai en hy begin sy hart uitpraat.

Hy wys na die dak van die kajuit. Ek weet iets en die ander van lorries en dit is vir my oombliklik duidelik dat die kajuit nie met so ‘n yslike gat daarin ontwerp is nie. Die treurige verhaal ontvou maar al te voorspelbaar. Toe hy my vertel dat die konstabel (hy wat op daardie tydstip in die jagveld is) op ‘n slag saamgery het – met sy haelgeweer – het ek krielwrig geweet hoe die storie sou eindig. Ook nooit anders nie. Ons konstabel het met sy haelgeweer gesit en speel. Die ding was natuurlik nie gelaai nie en getrou volgens Newton se wette het daar ‘n gat in die dak verskyn. Groot geraas. (Vir die linguïste, die Italiaans vir geraas is klaarblyklik “ghaboem!”)

Vandaar dat my Italiaanse vriend so voel oor veiligheidsmaglede en hulle gewere. Buitendien, hy, die Italianer, het mos ‘n “ghoen”. Ek spreek my wens uit om hierdie wapen van grootskaalse vernietiging te sien. Daar is niks wat mans van verskillende kulture so na aan mekaar bring as om hulle onderskeie “ghoens” vir mekaar te wys nie.

Trots, soos ‘n pa wat foto’s van sy eersteling uithaal, bring die man sy wapen te voorskyn. Met hierdie stuk ordonans, verduidelik hy my, skiet hy enige comrade dat hy sy ouma vir ‘n knoffelpolonie aansien. Die wapen van sy keuse is ‘n kunswerk. Dit is ‘n 6.35 mm Beretta. Pragtig! Die dingetjie is verchroom en het die swierigste perlemoengrepe en fyn inlegwerk. Ek haal die magasyn uit. Die rondtes het so ‘n gemufde groen kleur. Jy kan ‘n pasifistiese lemoenduif met so min as vyf skote hiermee stuit – as hy nou nie te groot is nie.

Giuseppe straal van trots. Miskien het die ding tog ‘n nut in sy familie. As daar ‘n visserman onder hulle is. Hengelaars het mos ‘n voorliefde vir .25 Beretta’s en Baby Brownings. Hulle gebruik dit vir sinkers.

Skielik dring die aaklige moontlikheid van die situasie tot my deur: As Julius Caesar hier neffens my, een van die comrades met hierdie ding sou raakskiet, gaan dié prooi van sy aggressie tien teen een sy sin vir humor verloor en ons kom seermaak. Ek oortuig vir my splinternuwe amico om eerder die liewe ou dingetjie te bêre. Sou daar moeilikheid wees, wil ons darem nie wreed wees nie. Ons vat sommer die ou geweer wat die amie ons gegee het en deel daarmee lyfstraf uit. Ses ligte skote op die rugstring.

Ek hanteer die situasie met groot diplomاسie en vermy versigtig alle verwysings na Italiaanse dapperheid in die Tweede Wêreldoorlog.

Nadat onshierdie strategie uitgesorteer het, gaan alles sommer rustiger. Ons ry stadig deur die township. By al wat ‘n handelspossie is, lewer ons polonie af. Nou dat ons oor die eerste ongemaklikheid van kennismaking gekom het, kommunikeer ons soos ou kamerade. My Italiaans vorder met rasse skrede. Ek leer dat die broer se naam

toe na alles nie Giuseppe is nie, maar Giulio. Dit was nie lank nie of hy klop my gemoedelik op die skouer en nooi my uit vir vino en pastasciutta sodat ek la famiglia kan ontmoet.

By die kaffees waar ons uitklim, word die polonie vinnig en bekwaam afgelaai. Daar is nie probeleme nie. Ek kan nie help om te grinnik toe ek sien dat ons nie meer 'n eenlorriekonvooi is nie. Ons het 'n groepie volgers gekry, 'n broodlorrie, 'n melkwa en 'n tjiipstrok. Ek is die bewaker van die ganse echelon. Ek en my R1 "ghoen".

Getrou aan Murphy se postuleringe wag die moeilikheid by ons laaste bestemming. Asof van nêrens verskyn 'n klompie beswaardes en begin om ons saamdrom. Terwyl ek en my R1 so in die deur van die kaffee staan en hierdie spulletjie dophou, sien ek uit die hoek van my ander oog hoe die kaffee-eienaar 'n banksakkie vol note vir onse Romein gee. Die omgesukkelde klante sien dit ook en dit is duidelik dat hulle in hulle begrotings 'n gaatjie daarvoor kan vind.

Ek wens nog ek is 'n trapsuutjies met oë wat weerskante toe kan kyk, toe vang 'n beweging my aandag. So uit die hoek van my kaffee-oog sien ek Giulio Caesar is besig om sy rollie uit sy broeksak te haal. Ek sien sommer aan die manier waarop hy die ding vashou dat hy nie 'n opgeleide sluipskutter is soos ons dit verstaan nie. Gruwelverhale van Italiaanse onbehandigtheid op die slagveld kom by op. As hierdie Italjaner my vandag vol blou knoppe skiet in sy poging, gaan ek hom pakgee. Ek moet hom keer! Ons durf nie 'n vendetta tussen die S.A.W. en die Italiaanse gemeenskap ontketen nie.

"Et tu Bruté!" skreeu die uwe, en dit lyk asof my suiwer Italiaans hom van sy bloedplan weerhou.

"Verboden! Dontcha shoota!" Hy staan duidelik verstom oor my behendige hantering van sy moedertaal.

Ek gaan voort: "Puto awayo pistola," en "caramba, mama mia!" vir nadruk.

Die kaffie loop leeg. Die ontevredenes verdwyn so skielik as wat hulle gekom het. Die omstaanders voel duidelik dat daar niks te wen is as 'n kort Italianer met 'n kort geweer in 'n skermutseling

betrokke raak met ‘n lang boer met ‘n lang geweer nie. Of miskien is hierdie poloniesmous en sy “ghoen” reeds berug in die townships?

Ek besluit om nooit, ooit weer saam te ry in ‘n polonie lorie nie. Die hele konvooi smee te vergeefs en nie een die dankbare geskenke van polonie, melk en Willards Crinkle Cuts laat my van plan verander nie. As ek moet omkom in die uitvoering van my pligte moet dit nie wees as gevolg van die heethoofdigheid van ‘n opvlieënde mafioso met ‘n “ghoen” wat lyk soos ‘n sigaretaansteker nie.

En as dit nie anders kan nie, sal ek self ‘n paar informele ventilasiegate veroorsaak.

En dit nie noodwendig in die lorie nie.

**ONS
MANNE
OP DIE
GRENS**



Lewe van oorvloed...

Oorvloed sand, oorvloed son-
lig en baie, baie ure se voet-
slaan.

(Dit lyk maar net asof die kor-
poraal die man aan sy linker-
kant se hand vashou.

Grensvegters hou nie hande
vas nie. Hulle stort saam ja,
en soms, soos in die winter
op De Brug, slaap hulle styf
teen mekaar, ja. Maar hande
vashou?

Nooit!)

GRENSGEVALLE

Die professor het dit nooit vir ons gesê nie. Miskien het hy dit nie geweet nie. Die feit bly staan: 'n Kapelaan is die vreemdste lid in die ganse S.A.W. Sy blote bestaan is een groot paradoks op die ander.

Soos: Hy word geleer om leiding te neem. In die praktyk is hy verplig om dit vir ander te los.

Hy word fiks gemaak maar mag nie hardloop nie. As die troepe 'n offisier sien hardloop raak hulle onrustig, maar as hulle 'n kapelaan sien rieme neerlê, oorval 'n skielike angs hulle. 'n

Die kapelaan is daar om mense se probleme op te los, maar die weermag ontsê hom die magte om dit te doen.

Die weermag voorsien (teel?) korporaals om die troepe se lewe hel te maak. En dan stel hy kapelane aan om te sorg dat hulle dit nie regkry nie.



Elke dienspligkapelaan moes elke jaar vir ten minste drie maande operasionele gebied toe gaan. Ek was geen uitsondering nie. Ek was egter net twee weke daar toe word daar vir my vertel dat ek vir 'n permanente verplasing daarheen gevra het.

Eerste woord wat ek daarvan hoor, maar aangesien ek daarvoor gevra het...



Die hitte. Dis die eerste ding wat jou tref. Soos 'n reuse, smorende bol watte. Die vorige dag is ek weg van die Rand. Toe was dit winter. Hier en nou is dit hoogsomer. Hier is dit altyd hoogsomer.

Kleinboet-hulle het die finale, en belangrikste, deel van hulle opleiding in Bloemfontein in die winter voltooi. Die temperatuur het by die Generaal De Wet-opleidingsterrein op De Brug gedaal tot -17 grade celsius. Toe word hulle aangevlieg Owamboland toe. Temperatuur: Middel dertigs. Net jammer van al die truië, bosbaadjies en jasse wat hulle saamgebring het.

Maar hoe anders moes hulle die rit van die opleidingsterrein tot by die lughawe oorleef?



Met my aankoms vra ek die manne uit oor die hittegolf. Hittégolf? Watse hittégolf? Hulle reken ek moenie so oor hittégolwe praat juis nou dat 'n kouefront 'n bietjie verligting gebring het nie. En ek was juis opgewonde om grens toe te kom omdat ek nie van die hitte hou nie.

Vier maande later is dit met mag en mening somer.

Dit is so warm dat die manne braaivleis maak in die skaduwee, anders brand die son die vuur dood. Wanneer 'n luiperd 'n bok jaag, loop altwee. Die sonbesies fluit nie, hulle tjank. Die dae eindig nie, hulle gaan dood van hitte-uitputting.

Die algemene siening is dat tussen ons en die Warmplek net 'n doringdraad is.

Ons dominees moet van strategie verander. Die manne is so gewoond aan die hitte jy kan hulle nie eers meer bang praat met die hel nie.



Die grens is natuurlik die tuiste van die legendariese GV. My eerste kennismaking met dié spesie was in die persone van Piet Rossouw en sy buddie, Gert Koen.

Piet was ‘n sersant, nes die sagmoedige Gertjie van Heidelberg, maar dit was hier waar alle ooreenkomste opgehou het. Dit is nou vir my moeilik om aan die weermag te dink sonder Piet of aan Piet op enige ander plek as in die amie. Piet het sy gleuf in die lewe gevind en sy tevredenheid daarmee het van hom ‘n aangename, onverstoorbare mens gemaak. Ek sal nie sê algeheel normaal soos ons normaal verstaan nie, maar ‘n goeie man om saam met jou te hê. Hy het bekend gestaan as Piet Oghenaai. Dit was blykbaar hoe hy sy funksie in die weermag geïnterpreteer het. Kom jy iets kort, vra vir Piet en hy “oghenaai”. Waar en hoe dit kry, vra jy nie, ter wille van die gewete.

Ek was net kort van twee jaar in hierdie basis. In dié tyd het ek Piet baie dinge saam gedoen. Hy het gereeld dinge vir my geoghenaai en ek het my invloed meermale gebruik om sy bas te red. Ons was in ‘n spontane sameswering teen die K.G.B. gegroeper. Ons praat hier van ons bevelvoerder. Die afkorting het hom nie geïdentifiseer as ‘n Kort Gawe Buksie nie. Hy was wel kort, maar aan die gemene kant. Kies maar vir jou ‘n woord wat die “B” sal verduidelik.

Ek het eintlik Piet se kar ontmoet voordat die man self aan my voorgestel is. Dit was een van daardie kantige Mazda 323’s, die eerste model met voorwielaandrywing. Ek kon egter met die eerste oogopslag vasstel dat hierdie nie jou gewone, tuintipe “tree to tree” was nie. Hierdie was duidelik ‘n besondere uitreiking van Japanse ingenieursvermoëns. Die bakwerk sou standaard gewees het, was dit nie vir die twee veelverklarende knoppe hier na vorentoe nie. Meer opmerklik is dat die outomobiel laag is. Die vloerpan is nie meer as 60mm van die pad af nie. Die ding is swart en laag. Die ding is mean.

“Piet Oghenaai se kar,” vertel iemand my en verskaf meer volledige inligting. Skynbaar het hy die motor die vorige naweek ombou, alles op sy eie en dit op pad terug van ‘n plesieroord af.

Piet self sweer dit was van moegheid dat hy die pad verlaat het. En dat die kar van ‘n wal van by die vier meter hoog afgetuimel het. Geknetter? Nooit! Hoe kan ‘n dronk ou ‘n kar in sulke omstandighede op sy wiele hou?

Ek kyk weer mooi na die motortjie. Dit is toe nooit twee “power bulges” wat voor die windskerm sit nie. Dit is waar die suspensie amper deur die enjinkap gedruk het.



“Doom,” vertel Piet eendag toe hy uitasem by my kantoor ingewaai kom, “ek het vir my ‘n vark ge-ogenaiz.”

“O,” sê ek sonder te veel entoesiasme. “Vlak of bos?” Die omgewing om die basis is immers vrot van die vlakvarke en bosvarke. Ons oes gereeld van hulle (uit selfverdediging, natuurlik). “En wat bedoel jy ‘ge-oghenaiz. Beteken dit jy het nou opgehou poach?”

“Nee man. Ek het ‘n vark ge-oghenaiz. ‘n Siwwievark. So ‘n lange. ‘n Pienke. Nou wonder ek of ek die ding maar in die kombuis kan opsny. Wat dink jy?”

Ek is van die mening dat daar nie ‘n moeilikheid behoort te wees nie. Ons het juis ‘n nuwe kombuis gekry, met alles wat daarin wat ‘n sjef se hart sal blymaak. Of behoort bly te maak.

Ek weet daar is van julle ouens wat dink ‘n sjef is ‘n oudtydse kar, maar eintlik is ‘n sjef ‘n amiekok, gewoonlik iemand met te min belangstelling om ‘n troep te wees. Hy word net na inname weggestuur om te leer kook. En as ek sê kook, dan bedoel ek KOOK. Hierdie lede kook alles. Hulle kook die maaltvleis en hulle kook alle soorte groente. Goed genoeg, sal ek saamstem, maar hulle kook ook die spek en die biefstuk en die hoender. Ek het al ‘n Primagraad steak ontmoet wat taai genoeg gekook is om vir ‘n hiëna klem-in-die-kaak te gee. ‘n Sjef word van die gemiddelde onderskei as hy eers die vleis uit die plastieksak haal voor hy dit kook.

Dit is nou hierdie manne wat ‘n kombuis gekry het en daar is

selfs ‘n gawe, duur vleissaag.

Soos die dinge nou maar werk as ‘n man private inisiatief neem, kom die R.S.M. op Piet en sy vark af net toe die ot onder die saaglem gaan.

“Stoppit Rossouw!” skreeu hy (die R.S.M., nie die siwwievark nie.) “In hierdie eenheid kan jy net ‘n stuk vleis opsaag as hy getjap is. Staande orders.”

Staande orders is staande orders en as ou Arrie die dinge gestempel wil hê, sal hy hom gestempel kry.

Dit is dié, toe ek later ‘n varkbaoud as geskenk kry dat hy liberaal gestempel is in die bekende persblou letters wat verklaar:

“227 Bataljon, Suid-Afrikaanse Weermag, Posbus 69, Grootverlaat.”

Koen was Piet se drinkebroer. Nie dat hulle gedrink het nie – hulle het gesuip. Of soos hulle sou sê, “gesyp”. Met my aankoms by die eenheid het die uittredende kapelaan my twee name gegee van manne wat bearbei moes word: Piet Oghenaaz en Koen. Blykbaar het die oes wit op die lande gestaan. Koen, is ek ingelig, het so pas teruggekeer van Infanterieskool. Hy is daarheen as ‘n korporaal en het teruggekom as ‘n onderkorporaal.

Teen hierdie tyd het ek reeds vir Piet O. ontmoet. Nou wil ek weet wie is Koen. Hulle wys vir my ‘n korterige, fris lat met een kameelbyt op die mou. Dis toe dat ek by myself dog: “Nou toe nou. Hierdie ventjie is mos nie moeite vir ‘n man van my kaliber nie. Het ek nie maar nouiedag ‘n offisier in hierdie man se amie geword nie? Ek is ‘n Baccalareus Divinitatis, dan nie? Hierdie perd moet my salueer, want hy is net ‘n blygemaakte troep! En dan vat ons dit van daar af...”

Ook maar mens. Mag ook maar verkeerd wees.

“Korporaal Koen,” skraap ek die man en die gesag drup van my lippe al langs my ken af, “ek wil jou môreoggend net na tee in my kantoor sien.”

En sy antwoord?

“Vatjouweg dominee.” Hy sê dit sonder om sy stem te verhef maar met genoeg venyn en fermte dat ek kan hoor hy is reg om

vas te staan in wat hy glo. Of nie glo nie. (Hy het nie regtig die uitdrukking “vatjouweg” gebruik nie, eerder ‘n veel korter, veel kragtiger Hooghollandse term, maar ek het nie die moed om dit te skryf waar vrouens en kinders dit kan lees nie.)

Hard kan jy sê. Hard en moeilik. En jy sou reg wees. ‘n Man uit ‘n goeie christelike huis. Dierbare ouers. Maar ‘n man wat iewers teleurgesteld geraak het in die kerk en die Here van die kerk.

Ek wil eers kwaad word. Dit is mos in die aard van die mens. Ek dwing myself egter om kalm te bly en besluit om maar net my plig te doen.

“Sê jou wat, Koen,” daagek hom uit. “môre as dit kompanieskiet is, kyk ons wie van ons twee wen. As jy my wen, sal ek nie weer met jou karring nie. Wen ek, is jy oormôre in my kantoor.” Die man kyk my op en af en ek weet dat al wat hy kan sien, is ‘n lang predikant. Hy grinnik en sê kom ons doen dit.

Daar is dit dan nou. Ek bly by my oortuiging. Daar is, sover ek kon vasstel, twee soorte soldate – dié wat kan hardloop en dié wat kan skiet. Van der Lek, byvoorbeeld, kon lekker hol, maar hy kon nie die grond met ‘n staaldek tref nie. Dan weet ek weer van baie ouens wat pê is na die Comrades – wat hulle op televisie dopgehou het. Die soort wat nie tot by ‘n plas water kan hardloop as sy broek brand nie. Maar hy kan sy naam met R1 op driehonderd meter spel.

Ja, goed, daar is uitsonderinge. Daar is die wondermanne wat kan skiet en kan hardloop. (Daar is natuurlik baie meer wat nie kan skiet of kan hardloop nie.)

Ek sal volstaan om te sê dat ons Venters voldoen aan die reël en dat nie een van ons juis kan hardloop nie. Koen het goed geskiet, dié dag. Nie goed genoeg nie. As die Here ‘n reguit hou met ‘n krom stok kan slaan, kan Hy ook ‘n dominee met ‘n krom oog reguit laat skiet.

Donderdagoggend is Koen in my kantoor. Nie dat dit daar geëindig het nie. Dit was eerder die begin van iets. Die daaropvolgende twee jaar het ek ‘n lang pad met hom geloop. Dikwels het hy my moed gebreek. Maar tussenin, dink ek, het ons

vriende geword. Ek het my altyd daaraan getroos dat die Here ‘n hart van klip breek. Dit is dikwels die rubberhartiges wat verlore gaan. Hulle sit elke Sondag die kerkbanke warm, sonder om ooit te beseef dat daar met hulle gepraat word. Nou ja, dit is nie my werk om mense te oortuig nie. Dit is die Heilige Gees wat mense tot geloof bring. My werk is bloot om vir hulle die waarheid te vertel.

Ek glo die Here het my in die geval Koen gebruik. Net so glo ek die Here het die pragtige Christenmeisie op wie Koen verlief geraak het, gebruik. Die Vader verwag immers nie volmaakte mense om sy werk te doen nie. Hy vra net dat jy gewillig sal wees dat Hy jou kan gebruik.

Vier jaar later, as ‘n siwwiedominee, kom ek by die ringsitting van ons kerk aan. Daar loop ek weer vir Koen raak. Hy is die diakenafgevaardigde van sy gemeente. Dit was ‘n vreugdevolle dag in my lewe.



Daar was egter ook ‘n teenstelling. ‘n Seinerluitenant.

‘n Skrale twee weke nadat hy uitgepasseer het, daag hy by die eenheid op. ‘n Aangename jong man, met ‘n innemende persoonlikheid. Hy word gou deel van die eenheid.

Gereeld probeer ek met hom oor sy verhouding met die Here praat. Telkens weer hy my pogings af.

“Ja, Doom, ek dink oor hierdie dinge. Moenie worry nie. Ek kom later terug na jou toe.”

Ek laat hom begaan, want, dink ek, dit is onnodig om hom in ‘n blik te probeer druk. Het ons dan nie nog amper ‘n jaar kans nie? Hier is ‘n man wat pas ‘n strawwe jaar agter die rug het. Hy is topfiks. Twee-en-twintig jaar oud. Daar is nog baie tyd.

Nog baie tyd.

En toe kry hy ‘n kopseer. Die dokter beveel aan dat sy kiestande getrek moet word. Die kopseer word erger. Toetse word gedoen.

‘n Week later, by 1 Militêre Hospitaal te Voortrekkerhoogte,

sterf hy aan kanker.

Nou nog lees ek moeilik aan Esegïel 3: “Mens, ek het jou aangestel as ‘n wag vir Israel: jy moet luister wat Ek sê en hom namens my gaan waarsku.”



‘n Infanteris het ‘n ingedrilde, refleksiewe rangbewustheid wat aan die obsessionele grens.

Ander korpse wat meer gerig is op diens, het nie veel erg aan rang nie. Daar is, byvoorbeeld, nie baie wat ‘n waterkopluitenant* onderskei van die onderkorporaal wat hom help om die stoor se rakke reg te pak nie. Of vat nou die tiffies. Wel, niemand gee te veel aandag aan ‘n tiffiebev nie, veral nie die tiffies nie.

In die infanterie is dit anders. Oombliklike gehoorsaamheid is dikwels die verskil tussen oorlewing en ‘n koeëldood. ‘n Infanteris word gekondisioneer om die bevel van enige rang – al is dit net ‘n streep hoër as sy eie – oombliklik en stiptelik te gehoorsaam. Hoe hoër die rang, hoe belangriker word sy bevele geag.

Die verwagting is dat ‘n mens die hardste van hardebaarde onder die senior offisiere, die majoors, kommandante, kolonels en hoër sal vind. Hierdie is inderdaad vername manne, taai en intelligent met uitstekende leierseienskappe en bestuurvermoëns. Maar as jy die willewragtig element van die weermag wil sien, die essensiële onverbiddelike, vra-nie-genade-nie, gee-nie-genade-nie woeste kanniedood bittereinder, kyk vir die man wat nie sy rang op sy skouer nie, maar op sy mou dra. En as hierdie rangteken ‘n landswaapen is (met of sonder ‘n groentetuin daarrondom) het jy die bylkop van die weermag gevind:

Die adjudant-offisier met die aanspreekvorm “sersant-majoor” of “sammajoor” in die omgangstaal.

Enige iemand met militêre ondervinding sal jou van die sammajoors kan vertel. Dit is hulle wat ‘n eenheid laat opereer. Hierdie is nie mense wat gewaardeer word vir hulle sofistikasie nie.

Meeste van hulle is suiplappe, maar suiplappe met amper magiese herstelvermoëns, die soort wat moerrelous dronk kan gaan slaap net om 'n paar ure later, nugter en knorrig op te daag om hulle eenhede op 'n roetemars in die grond in te loop.

'n Adjutant-offisier se verhouding met offisiere is 'n ingewikkelde een. In die vorige eeue was dit veel eenvoudiger – 'n offisier was van die adelstand en die res was van die laer klasse. In die S.A.W. was dit nooit so eenvoudig nie en dit het tot dikwels tot anomaliese knerspunte gelei. Militêr-tegnies is 'n adjutant-offisier ondergeskik aan enige offisier. Die mees gesoute R.S.M. moes op aandag kom om die groenste rou tweedeluitenant te salueer.

So maklik was dit nou ook nie. 'n Regimentele sammajoor het ontsaglike invloed in sy eenheid gehad en dit sou 'n baie brawe - of baie onnosel - junior offisier gevat het om 'n bevel vir die R.S.M. uit te vaardig. En op die paradegrond, daar was die Sammajoor koning. Dit was nie onbekend om te sien hoe 'n taai eenheidsbevelvoerder senuweeagtig stryk en pluk aan sy uniform voor 'n parade nie, net sodat hy nie onder skoot van die R.S.M. kom nie.

Dit is wel die bevelvoerder wat beleid bepaal, maar dit is die R.S.M. wat dit maak werk.

As jy 'n keuse het, is dit beter om met 'n ou krokodil met 'n duistere verlede te peuter as met 'n sammajoor.

'n Kompanie Sammajoor (K.S.M.) is 'n Groot Leeu in wording en hulle is soms die gevaarlikste soort want hulle het nog iets om te bewys. Beserkers, meeste van hulle.

Jack was 'n K.S.M. 'n Vegter. Hard en taai. 'n Mengsel van Audie Murphy, Rocco de Wet die Grensvegter en Attila die Hun. Hierdie man se dop was swaelsuur en 7 Up, hy het buskruit gesnuif en duimspykers vir kousreкке gebruik.

En soos baie ander geharde manne het Jack 'n Achilles-hiel gehad, 'n fobie. Dikwels word die taaistes kwesbaar gelaat deur 'n onredelike vrees vir iets. 'n Verbasende hoeveelheid Spesmag lede was byvoorbeeld opperste iepekonders. Ander was weer bang

vir spuitnaelde – hy sou ‘n stuk skrapnel uit sy bobeen slag met ‘n bottelskerf, maar die ritteltits kry as hy die dunste van naalde sien. Dit is asof die natuur wou vergoed vir al die mannegeit in hierdie krygers.

Jack self het ‘n fobie gehad en syne was vir ‘n dier, die soort wat seil. Jack, anders as ou Tolla se recce, maak nié sy broek met ‘n geelsing vas nie. As daar een Bybelse aanwysing was wat Jack onderskryf het, was dit om die slang se kop te vermorsel, iets wat Jack met angs en mening gedoen het met elke pootlose reptiel wat hy ontmoet het. Hierdie was meer as net ‘n opdrag vir hom. Dit het sy persoonlike obsessie geword; ‘n soort kruisvaart.

Op ‘n mooi somersoggend in Junie (dis natuurlik altyd somer daar) storm ‘n groot stofwolk, met Jack se silwer motor aan die voorkant, op die basis af. In die motor is Jack se vrou, Jack se kinders, Jack se vrou se bediende, honde, katte, en derglike ander verdwaasde spesies. Die hekweg besef daar is hierdie dag nie tyd vir sulke militêre etiket soos die invul van vorms nie. Hy hou die hek oop en die K.S.M se gade storm in die silwer stofstreep verby sonder ‘n hello, ‘n ghoebaai of ‘n hoe’s-jou-pa.

Die motor sleep nog tot stilstand, toe is vroulied al op pad na Jack se kantoor. Skaars ‘n halfminuut se historiese verslag later en Jack peul by die kantoor en die kinders, bediende en lewende hawe by die silwer Datsun uit. Jack en ‘n sersant laat spaander oop en toe in die uitasem motortjie. ‘n Halfuur later is Jack terug, bleek, bewerig en natgesweet. Ek weet daar is net een ding wat die Viking so kon intimideer maar ek hoor eers later daardie dag die volle, grusame verhaal.

Mevrou Jack was besig om die gesin se klerasie te pak vir hulle komende vakansie. Toe sy die deure van die bagasiekas bo die hangkas oopmaak, sien sy net so ‘n stukkie mamba tussen die truie en tasse uitsteek. Die dapper vrou klap die kas net daar toe, versamel kinders, bediende en huishoudelike fauna en laat vat na bang-vir-slange Jack.

‘n Ware kameraad is een wat saam met sy makker sal staan tot die laaste smeersel bloed en Jack vind dit opnuut in een van sy

vriende wat ‘n mop opneem en aanbied om saam te gaan. Jack is self skraps bewapen met ‘n semi-outomatiese haelgeweer, ‘n R4, twee pistole, ‘n paar granate en ‘n koevoet.

Die twee manne sluip in die huis in, elke tree oorlaai met vrees en afgryse. Dit is asof Jaws bene gegroei het en vir hulle iewers tussen die kombuis en die badkamer wag. Jack se asemhaling daal tot die bare minimum wat nodig is vir oorlewing en sy hartklop timmer voort teen ‘n frenetiese tweehonderd-plus. Hulle bereik die kamer van waarheid en Jack se lewe fast forward voor sy oë verby. Hy dink aan al die dinge wat hy nog saam met sy seun wou doen...

Die twee infanteriste neem stelling voor die groot hangkas wat soveel onheil berg, in. Jack voel hy mag nie kla nie. Dit was ‘n goeie lewe. Hy knik vir sy krygsmakker. Dankie pel. Woorde is oorbodig in sulke tye.

Die sersant maak die kasdeur stadig met die mop se steel oop. ‘n Geritsel en Jack begin om wild te skiet. Dit is ‘n verwoestende gegeg. Rook en splinters en linne en Chic-wol is die hele kamer vol. Hy herlaai en skiet en herlaai en skiet weer. Eindelik stuur sy adrenalienuitgebrande brein ‘n staakvuur sein. Stilte. Jack haal hard asem.

Die sersant krap die hoop goed uit tot op die grond. Jack staan gereed. Net vir in geval. Maar selfs vir hom is dit duidelik dat die slag gelewer is. Voor hom is daar ‘n verskriklike toneel van foersies klere en mamba a-la-king. Jack het sy Bybelse opdrag uitgevoer en die gedierte se kop vermorsel. (Vir die dierkundiges wat belangstel – hierdie betrokke mamba se kop het gestrek van die tippie van sy vurktongetjie tot die punt van sy stert.)

Ek vra hom later uit oor swart mamba’s.

“Doom,” sê hy, “kom ons sê ek en jy loop in die veld en ta pik jou. Weet jy wat doen ek? Ek sleep jou in die koelte van ‘n boom in. Sodat jy nie stink wanneer ons jou kom haal nie.”



Dit is nie net Jack wat slangstories het nie.

By die buitebasis kom ek 'n man teë wat 'n dik, blou geswelde vinger het. Dit is duidelik dat dit baie seer is en hy vertel sy verhaal:

Hierdie GV het 'n slangetjie in die veld gevang en saamgebring basis toe. Daar sit hy toe met die ou dingetjie en speel. (Waaruit ons kan aflei dat Jack nie in die omgewing was nie. Niemand sou plesier geput het uit 'n bebloede, papkopslangetjie nie.)

Mettertyd het die ou reptieltjie se geduld klaar geraak en hy heg homself aan die man se vinger. Terstond word die slang as ongewenste vreemdeling verklaar en van enige lewe ontroof.

Die slang se lyk en die slang se temmer word per gharrie na die dokter gestuur, sowat sewentig klieks daarvan af. Daar gekom gee die geneesheer die slang een kyk, en met die soort allesweet selfvertroue waarmee jong doktertjies uit die universiteit kom, eien hy dit as 'n skadelose grasslang. Die plat koppie (die slang s'n meer as sy eie) moes sekerlik vir hom 'n aanduiding gegee het. Hy draai 'n lappie, wat hy in status verhewe deur daarna te verwys as 'n "dressing", om die gewonde vinger, gee die lid 'n anti-tetanus en stuur hom terug vanwaar hy kom.

Twee dae later kom daar 'n dringende sein van dieselfde geneesheer af. Die troep moet S.S.M. (so spoedig moontlik indien nie gouer nie) by die siekeboeg aanmeld. By nadere lykskouing het Jack vasgestel dit is toe na alles nie 'n platkop grasslang nie maar 'n dodelike boomslang.

Close. Gelukkig het die pensloper deur die man se vinger gebyt, die meeste gif het skadeloos in die lug geëindig en die troep het net geringe skade gely.



Dit was darem nie net slange wat vir Jack uitasem en bewerig kon laat nie.

Een van sy take as K.S.M. was om toe dat sien dat die manne

nie gevaarlike ammunisie in die lyne (hulle tente) invat nie. Wanneer ‘n seksie van patrolie af terugkom, sorg hy dat hulle almal hulle seiltoerusting en sakke deursoek vir lawaaierige voorwerpe soos mortiere, granate, seinfakkels en so aan.

Ek staan eendag by terwyl Jack deur die proses gaan. Neffens hom is ‘n opgeskote hoop ammunisie, springstof en dergelike onbeskaafde goed. Hy gaan staan skielik en haal hard asem. Hy wys met so ‘n bewerige, oumansvinger voor hom na die hople ordonans. Ek trek my nege-mil en skuif behoedsaam kant toe vir ‘n beter skoot. Jack se fobie in ag genome, verwag ek om die oupa van alle mambas daar te sien.

Jack hyg en wys. Slang sien ek nie. Jack beduie dringender.

“Wat is dit, Jack?” fluister ek in die haastige fluisterstem van iemand wat die ergste vermoed. “Wat is aan die gang?” Hy pomp sy wysvinger in die rigting van die plofware en maak sulke dowwe geluide asof sy kieste vol watte gestop is. Ek kyk weer.

Bo-op die hoop lê ‘n handgranaat. Iemand het die pennetje getrek (om natuurlik in sy boshoeed te sit, die ellendige Audie Murphy). Om te keer dat die slinger afvlieg het die lid ‘n vuurhoutjie daarin gedruk.

Van die spanning is die vuurhoutjie al so krom soos ‘n reënboog gebuig.



Hy het gepleit dat ek nie sy regte naam sal gebruik nie en, sensitiewe siel wat ek is, sal ek hom dan maar “Wollie” noem. Hy was ‘n ou skoolvriend van my. Ek het gerugte gehoor dat hy ‘n besondere ervaring op die grens gehad het en het die waarheid uit hom gaan wurg.

Wollie het swaar gewond uit die operasionele gebied teruggekeer. Was hy ‘n Amerikaner, het hy gekwalifiseer vir die Purple Heart, alhoewel sy beserings hoofsaaklik aan ‘n meer

sensitiewe liggaamsdeel as sy hart was.

Nou, ou Wollie was ook 'n dominee. Nie een van die swael-en-helse-vuur soort nie. Nee, eerder van die vroom, besadigde uitgawes. 'n Kunstige soort. So rustig dat sy hare op skool al begin yl word het. 'n Statige man in elke opsig.

Wollie se oomblik van waarheid het op 'n "go-cart" aangebreek.

(As Ma wil weet, 'n go-cart is die apparaat wat ons op die grens gebruik het om ons afvalstowwe in te stort. Die ding wat Ma 'n lewwie noem, ook bekend op Siwwestraat as 'n "privaat" of die "kamerverlaat". Die Engelse praat van 'n "little boy's room" of meer archaïes as 'n "WC". In latyns is dit 'n "necessarium". Ons praat hier van 'n toilet. Die amie se weergawe was in wese 'n glasveselsitplek en deksel bo-oor 'n diep gat of 'n sloot.)

Die bevelvoerder van Wollie se eenheid was iemand wat die waarde van 'n vredevolle ingewandeverksuiwing waardeer het. Die go-carts was in 'n uitgebreide linie gerangskik oor 'n gemeenskaplike sloot en het uitgekyk oor Angola anderkant die draad. Die gebruiker hoef nie eers 'n boek saam te geneem het nie. Hy kon sommer Moeder Natuur se skoonheid bewonder het terwyl hy gehoor gee aan haar aansprake.

Die ellende het begin by die fly-tiffie, die troep wat getaak was met die funksionering van die go-cart stelsel. Hy kon nie van die voorgeskrewe antiseptikum in die hande kry wat die handleiding aanbeveel het om die sloot mee te reinig nie. Toe gooi hy die volgende beste, petrol, in met die gedagte dat dit dieselfde werk sou doen. En dit het, met miskien net meer vertoon as waarop hy gereken het.

Teen die tyd wat broer Wollie gekom het om uit te kyk oor Angola, het die tenk 'n robuuste mengsel soortgelyk aan metaangas opgebou. Daar steek hy toe sy pyp op en skiet die brandende vuurhoutjie met 'n genoeglike sug tussen sy harige bobene deur, in die bek van die sluimerende plofmengsel onder hom in. Die gas ontbrand met 'n vreeslike brul en skiet hom die natuurskoon in.

Alles in ag genome het hy die ontploffing in merkwaardige

goeie toestand oorleef. Dit kon soveel erger gewees het. Daarom is dit so ongelukkig dat die medics die treurige verhaal verneem terwyl hulle hom op 'n draagbaar op 'n SAMIL laai. Hulle lag toe so dat hulle hom laat afval. En hy breek 'n been.

Verstaan julle hoekom dit beter is dat hy incognito bly?



Op jou merke...

Hierdie is vyfster in die veld... 'n ry go-carts. Ablusie is altyd 'n logistieke uitdaging, veral vir troepe van Europese afkoms vir wie sinlikheid 'n belangrike oorweging is. Gewoonlik is 'n troep in die veld op sy graaf en 'n rol toiletpapier aangewese. 'n Go-cart is van veselglas en ontwerp soos 'n onderstebo toilet-bak met die deksel waar die die bodem moes wees.

Hierdie nederige maar onontbeerlike apparaat kon 'n beduidende rol in die lewe van 'n basis speel. Ek verstaan dat dit juis 'n linie go-carts was wat veroorsaak het dat die geroemde 32 Bataljon hulle basis moes verskuif.

Die fly-spy (gesondheidsoffisier) het opdrag gegee dat die oorvol fasiliteit toegegooi en 'n nuwe een gegrawe word. Die 32'ers was natuurlik te besig met perifirale aktiwiteite op die grens – soos hakkejagoperasies en die uitwissing van onheiliges – om so 'n gewigtige opdrag met die nodige oorleg en eerlike sweet aan te pak. 'n Vinnige uitweg vir 'n netelige opdrag moes gevind word. Hulle wend hulle toe na die springstofdeskundiges. Hierdie menere is mos opgelei in demolisie en verwante sake. Daar word beraam dat hulle met die oordeelkundige plasing van springstof hulle makkers etlike ure met pik en graaf kan spaar.

Die uitdaging van die projek gryp die manne se verbeelding aan. Hulle het juis 'n hoeveelheid ongewenste ammunisie wat hulle moes verwoes. Kaasmyne, claymores – sulke goed. Twee vlieë – oorvol toilette en oorbodige springstof – kan met een klap weggedoen word.

Alles is mooi uitgewerk. Die claymores en ander springstof (in die amie sê jy nooit “plofstof” nie) is met sorg gepak. Dit wat oorgebly het, is sonder seremonie in die gat gegooi.

Die startknoppie is gedruk.

Mis. Baie mis. Orals.

Daar is 'n groot verskil tussen die opblaas en die inblaas van goed. In plaas van die beplande implosie was daar 'n ontsagwekkende eksplosie. In plaas daarvan dat die gat op homself toeval, is dit - en die inhoud daarvan - hoog en wyd die lug in en dit wat opgaan moet iewers afkom. Die hele basis het deurgeloop.

En so vermag die go-carts iets waaroor Sam Nujoma en sy SWAPO's maar net kon droom:

32 Bataljon skuif hulle basis.



Anders as 32 Bataljon, het Sektor 10 se opleidingsvleuel skaflike ablusiegeriewe gehad. Daar was regte toilette met regte bakalietsitplekke in beskaafde kleedkamers. En die goed kon spoel, in sanitasietenks in, om presies te wees. Hierdie tenks kon uiteraard nie onbepaald die produk van al die manne se gesonde eetlus en gesonde opelywe berg nie. Word hulle vol, word die honeysucker ingespan. Dié veelbeswadderde voertuig was, in die S.A.W. se burokrasiaans, beskryf as ‘n “nagvuilwa”. Dit is ‘n groot tenk wat op ‘n sleepwa gemonteer is en deur ‘n SAMIL 50 gesleep is.

Wanneer die nood hoog was, het die drywer en sy handlangers afgesit na die afronterende gat, ‘n dik, lang rubberslurp daarin gewerp en die pomp aan die gang gesit om die gat leeg – en die sleepwa vol – te pomp. Die afval is dan in die veld, ver van enige menslike habitat, uitgestort. Alles in ‘n dag se werk vir jou lankmoedige onderhoudsdrywers.

As die rang gedink het dié stelsel is onfeilbaar, het hulle misgetas (verskoon die uitdrukking.) Die flater was om hierdie sensitiewe toerusting in die hande van ses gevegsdrywers, wat vir geklassifiseerde redes as die Rillers bekend gestaan het, te laat. Hulle was lede van die hoof van die leër se peloton en het met onderskeiding deelgeneem aan Operasie Askari. Na die ops is hierdie peloton onttrek na hulle basis in Tempe, Bloemfontein. Die Rillers het dit onmoontlik gevind om weer aan te pas aan die beperkinge en trae roetines van ‘n basis in die States. Rebelle het gebroei. Hulle het hulleself teëgesit soos net oumantroepe kan. Hierdie opstand het gewissel van ongetraakte sloerdery tot ‘n hardnekkige uittarting van gesag.

Later is ‘n dringende sein van die operasionele gebied ontvang. Ses drywers moes alleryl daarheen anders loop die S.A.W. die gevaar om onder te gaan. Ses drywers; ses Rillers. Dit moes ‘n teken gewees het. ‘n Korporaal in Tempe het salig geglimlag en sy moeilikheid opgepak en grenstoe gestuur.

By Oshivelo aangekom, vind hulle gou uit wat die omvang van die nood is. ‘n Majoor het ekstra hande nodig gehad om ‘n braaivleislapa in sy tuin te bou. En om die honeysucker te beman.

Die Rillers het gevat wat kom. Op die grens het hulle baie meer vryhede gehad met baie meer tyd om te suip. Die krygsloon was meer en die drank goedkoper. Hulle het selfs die honeysuckery gelate aanvaar. As dit net nie was dat hulle een maal te veel in die nag uitgeroep was vir dié operasie nie. Dit het die manne moeilik gemaak. Daar was altyd 'n hoë premie op slaap in die weermag geplaas. 'n Man wil nie, aan die einde van 'n harde dag, skuins voor middernag wakkeergemaak word met die opdrag op die PF's se jakgat te gaan leegpomp nie.

Die PF's het nie die groter prentjie gesien nie. Hulle het 'n paar kliks van die basis saam met hulle gesinne in die "ruskamp" gebly. Dit was 'n gerieflike oord met geriewe wat, natuurlik, ablusieputte ingesluit het. Die PF's het die honeysucker as hulle persoonlike speelding beskou. Daar is min dinge wat die rook so uit kuiergaste beïndruk het as 'n nagvuilwa wat op bevel aangejaag kom om die rang se ongerief te kom verlig. Tres grande. Farao het nie een gehad nie en ook nie Julius Caesar nie. Die drywers het gou geleer dat as daar fees gevier word in die ruskamp, wat dikwels was, dan sal hulle kort voor lank uitgeroep word om hulle vermoëns te kom vertoon.

Tydens een so 'n gefuif, omstreeks middernag, was dit weer sulke tyd. Honeysucker, nou! Die twee drywers van die aand, Grobbies en Prof, ontken nou nog enige moedswilligheid, maar wat daarna gebeur het los nou nog as't ware 'n slegte smaak in die mond. Nie dat hulle opgewonde was oor hierdie vermorsing van hulle tyd aan die einde van 'n harde dag nie. Soos Grobbies gemor het: "As die kommandant sy gaste wil beïndruk, laat hy handstands doen."

Daar gekom skyn hulle met 'n flits in die gat in. Hulle is beïndruk. Die gat was vroeër die dag leeggepomp en nou was dit al weer driekwart vol. Die PF's en hulle gaste moes met groot vasberadenheid geëet en gesuip het. Tog kon dit tot die volgende dag oorgebly het. Vieserig en beswaard stoot hulle die rubberpyp in die buik van die gat in en skakel die pomp aan. Hulle sit bo-op die tenk. Dit is een van daardie wonderlike Owamboland-nagte en hulle

raak aan die klets terwyl hulle bo-oor die heining in die majoor se tuin sit en inkyk en punte toeken aan die vrouens. Met tussenposes lig hulle die inspeksiedeksel en skyn 'n flitslig daarin. Die vullis stroom dik en morsig in die tenk in. Kyk maar weer vrouens.

Die minute tik verby. Heelwat van hulle. Grobbies loer weer in die tenk in.

“Prof,” vra hy, “hoekom dink jy vat dit so lank vanaand?”

“Nee,” redeneer Prof terwyl hy op iets heel anders konsentreer, “Korporaal Fouché se vrou gee ek niks meer as 'n ses punt vyf nie. Te maer. Kaptein Doubell s'n, aan die ander kant. Agt. Niks minder as agt nie. Kyk net hoe...”

“Prof! Die tenk wil nie vol word nie.”

“Dit voel maar net so. Los dit nou eers. Oe, kyk net.”

Grobbies kom kyk wat gekyk moet word. 'n Kwartier later gaan loer hy weer in die tenk maar is nog niks voller nie al loop die stroom so sterk soos altyd.

“Tets is fout,” sê hy en begin oor die tenk na die agterkant toe loop. Daar wag 'n afgryslieke ontdekking vir hom. “Prof!” gil hy. “Die klap.”

Prof skeur homself weg van die vroue af en kom kyk. Inderdaad. Die stortingsklap is nog wawyd oop en die vullis spuit in 'n dik straal daaruit. Prof hardloop om die pomp af te skakel terwyl Grobbies met die klap stoei.

Te laat. Rondom die voertuig lê 'n groot, donker plas, dof in die maanlig, so groot soos 'n jong meer. En dit is vol van die stinkste, verwerplikste goed aan die mens bekend. En daar is geen manier om dit in die tenk te kry nie.

Die volgende dag trek al wat 'n PF is na die opleidingsbasis.

“Opleiding,” vertel hulle vir hulle gades.

En hulle bly weg totdat die lug gesuiwer is.



Daaris niks wa jy vir sersant Groothans Ehlers van'n honeysucker kan vertel nie. Hy is 'n man wat weet.

Pas nadat hy sy derde streep gekry het, land hy weer op die grens. Hy word afgedeel na die basisgesondheidsafdeling, met spesiale verwysing na ablusie. In uitvoering van hierdie nederige maar belangrike taak, kry hy die geleentheid om saam met 'n troep in 'n honeysucker die rondtes te gaan doen.

Hierdie drywer was nie die skerpste lid in ons weermag nie, maar maande se ervaring op die honeysucker het hom heel gesout gemaak in die werk. Nadat hulle die tenk volgepomp het, onttrek hulle na die stortpunt in die veld. Groothans is eerste uit. Hy stap vol belangstelling om die honeysucker, 'n voertuig wat toe nog grootliks onbekend is aan hom. 'n Heel redelike vraag kom by hom op: Hoe kry 'n mens die goed nou hier uit.

Hy gaan staan voor die uitlaatklaap. Aha, geheim opgelos. Maak die ding oop en die gemors sal van self uitloop. Hy peuter aan die klap maar kan glad nie sien hoe dit oopgemaak kan word nie.

“Sê vir my troep,” vra hy die drywer wat bo-op die tenk staan, “hoe kry 'n mens hierdie cover oop?”

“Ag, dit is maklik,” sê die lid in so 'n stadige Afrikaans, “jy trek net hierdie lever.” Waarop hy genoemde hefboom trek.

En die klap gaan oop.

En etlike kiloliter riool spuit daaruit in 'n dik, grilligerige straal.

En Groothans Ehlers kyk dit in die gesig. Net vir 'n oomblik. Toe spuit die stink stroom hom onderstebo.

Natuurlik hardloop die drywer toe terug basis toe. Groothans Ehlers agtervolg hom met die lorry en al die vensters is oop.

Agterna merk hy teenoor ons op, met 'n tikkie ongeloof in sy stem: “En dit is nogal 'n troep wat ekself in basies opgelei het.”

ONTMOETINGS EN ONTPLOFFINGS

Errare humanum est.

Om foute te maak is menslik. Tog is dit my waarneming dat foute veral gedy waar PF's betrokke is. Veral as die goed eers gedwing voel om af te skiet. As 'n PF vir jou wil wys hoe word dinge gedoen, staan opsy. As springstof by hierdie demonstrasie betrokke is, rapporteer siek, gaan op pas of AWOL somer net. Hoor my mooi, hierdie wysheid is nie uit hoorsê nie, maar uit dure ondervinding, geleer. Dinge sal verkeerd gaan.

Toe 'n nuwe pad na die H.K. gebou moes word, is daar 'n probleemie ervaar met 'n drie-meter hoë hardekooldstomp wat reg in die middel van die deel wat geskraap moes word, gestaan het. Hierdie bomerigheid was hardnekkig en het alle pogings om dit met kruiptrekkers en troepekrag te verwyder, stoïes weerstaan. Die PF's praat toe onder mekaar en die gevoel ontstaan dat hierdie probleem met springstof opgelos kan word. (Trouens, daar was 'n vaste geloof in die weermag dat enige probleem opgelos kan word as jy net genoeg springstof daaronder sit. Hoe groter die probleem, hoe groter die hoeveelheid springstof.)

'n Lid van die geniekorps word betrek. 'n Bedrewe springstofdeskundige met diplomas en ander papiere wat verduidelik hoe goed hy sy werk kan doen. Miskien moes hy begin het om dit vir die stomp te wys.

Hierdie vakman daag met groot vertoon op. Natuurlik is dit vir 'n man van sy vermoëns nie genoeg om die ou houtjie so op sy

eie, amper ongemerk, die regte behandeling te gee nie. Hierdie was mos nie ’n selfsugtige lid nie en hy het gevoel dat hy waarde kan toevoeg tot ander mense se lewens deur vir hulle te laat sien hoe hy en sy springstof te werk gaan met ’n stuk boom.

So, rondom die stomp rangskik hy al die hooggeplaasde manne van die omgewing. Daarna verduidelik hy vir hulle hoe nou eintlik te werk gegaan moet word om die ou stokkie uit die grond te skiet. Hy boor hier en daar en orals gate in die stomp en stop dit vol PC4. Hy lewer lopende kommentaar sodat die leke ’n beter begrip van sy behendigheid sou vorm. Blykbaar sou die springstof die stomp saggies uit die grond lig, in bruikbare lengtes brandhout opbreek en netjies in afgemete hopies langs die kant opstapel. Net reg om aangesteek te word vir vleisbraai.

Ongelukkig het hy nie in ag geneem dat daar, dalkies, ten spyte van die stomp se uiterlike swier, ’n termietgevrete binnekant kan wees nie. Toe die skoot afgaan, doen die stomp nie wat van hom verwag word nie. Dit rys nie sierlik op nie, maar bars in ’n haelstorm van splinters alle kante toe en val al die eregaste en die hele basis aan. Ons het maande later nog stukkie opgetel.

Soos ek sê: AWOL dan maar liewers.



Mascots het ’n lang en eerbare tradisie in die S.A.W. gehad.

Soos byvoorbeeld Thysie, ’n mak vlakvark wat by ’n sekere eenheid diens gedoen het. Hy het later aan alkoholvergiftiging gesterf. Dan was daar die ponies van ’n genieregiment in die Vrystaat en die beroemde rooikatte van 7 S.A.I. in Phalaborwa. ’n Bokram en ’n varkie het by Oshivelo as gelukbringers ingeklaar. Ongelukkig was die bok ’n sluwe ram wat die genietinge van die vlees te lief gehad het. Elke oggend tydens bidparade – die oomblik wat die sieltiffie sê “Laat ons lees en bid” – het die bok die arme varkie gemolesteer en dié het verskriklik in protes geskree. Die

bok is aan die plaaslike bevolking geskenk en die lede van die spysenierskorps het hulle hande aan die varkie geslaan. Siestog.

20 Bravo was die roepsein van 'n Eland; 'n pantserkar met sy eie, eksklusiewe mascot. Daar is gepraat van die “Noddy-kar met die hoender.”

Die bemanning – bevelvoerder, drywer en kanonnier – het nie met eerste oogopslag in die hoender 'n mascot gesien nie. Sy insluiting by 20 Bravo se ledetal was baie meer prosaïes: Die bemanning het hom by die P.B.'s gekoop met die uitsluitlike doel om die hoender te eet. Voor hulle hom egter kon nekomdraai en pluk, het hulle kontak gestamp. Die hoender is noodgedwonge saam as lewende wegneemete. Met klaarstaan dié aand het hy verdwyn. Die volgende oggend, tot almal se verbasing, was hy weer terug.

Hy gaan toe saam om diens te doen as brunch. Weer word sy lot uitgestel deur 'n ontydige kontak. Hoender ry verder saam.

Teen hierdie tyd het die drywer en die gunner reeds begin geheg raak aan hierdie stuk pluimvee. Hy is 'n spesiale plek gegun in die kar. Eerder as om hom in bredie te verander, het die manne begin om hulle rat-packs met hom te deel. Bedags, wanneer dit te warm word in die 'kar, klim die hoender uit en gaan sit soos 'n boegbeeld voor op die 90-mil kanonloop.

Later bemerk die manne iets. Die 90 millimeter kanon op 'n Eland is 'n gedugte wapen. Inderwaarheid is dit te veel kanon vir die kar. Daarom as hulle die geleentheid kry, grawe die manne die pantserkar in om hoogte te kry en om die terugslag te absorbeer. Wanneer hulle dit doen is hoender skoonveld. Dan slaan hy op 'n veilige plek dekking.

Sodra die geveg verby is, kom sluit hy weer by sy squad aan.



Harde Koejawels

Daar was goeie ouens in die weermag ook. Ek het ’n paar van hulle geken. Dit is nou manne wat maklik inskakel, wat sy deel en nog meer doen, wat min kla en maklik lag. Manne op wie jy kan peil trek. Jagters praat van iemand wat langs jou sal bly staan as die buffel storm.

Van Wyngaard was so ’n mens. Die sleutel van sy persoonlikheid was dat hy van mense gehou het. Hy kon dit nie verdra as iemand – selfs ’n korporaal – ongelukkig was nie. Daarom het hy altyd sy kant gebring.

Niemand het ooit gehardloop omdat Van Wyngaard slap, agterlosig of hardekwass was nie. Hy het ook nooit die aandig op homself gevestig deur dit wat hy gedoen het nie. Sy inspeksie was altyd reg sonder om ooit as ’n voorbeeld gebruik te word. Sy 2,4 tyd was ’n aanvaarbare 8 minute 44. Hy het ’n bronsbalkie vir skietkuns gekry. Wanneer die peloton moes hardloop, was hy gewoonlik in die bondel. So anders as die Van der Leks van hierdie wêreld.

Ek het met ’n paar manne gepraat wat vir Van Wyngaard geken het. Niemand het ’n slegte woord vir hom gehad nie.

“He’s a good guy,” het ’n Engelse loet beduie, en dit is die uitnemendste Soutie kompliment aan die militêre mensdom bekend.

Van Wyngaard was die ou wat in ’n pelotonoppie sou terughang om ’n maatjie wat sukkel te help. Hy het gereeld op vasbytmarse iemand se geweer of webbing of grootsak gedra as dié lid na aan opgee was. Agterna het hy niks gedoen om aandag daarop te vestig nie. Hy was die ou wat die krippe geskrop en die gruis voor die kaserne gehark het. Hy het nie gerook nie, maar toe die tabakmaatskappy sigarette kom uitdeel het, het hy sonder om te skroom ’n paar pakkies vir sy buddies gescore.

Soos seun, soos moeder. Tannie van Wyngaard was ’n liewe siel wat gereeld vir Seuna ’n pakkie gestuur het. Dié het hy dan as ’n reël oopgemaak en op sy bed gelos sodat die res van die peloton



Kontaksport...

Die jongman wat sy diensplig gaan doen het, het dikwels dinge gesien wat hy nooit voorheen teëgkom het nie (en, as die Here wil, sal hy sekere van dié dinge nooit weer ervaar nie.)

Baie van die lede het hulle eerste lyk op die Grens gesien, en daarna is jy nooit weer dieselfde nie.

Om 'n vyand wie se pit gesnuit is, van nader te sien, stroop skielik 'n lagie onskuld van die Groot Avontuur.

En natuurlik, as die lyk op die grond nie dié van jou vyand is nie...

hulleself kon help. Die een uitsondering op dié reël was die blik koejawels. Daar was vir hom onder die son niks lekkerder as die groot, soet koejawelhelftes met die glibberige pitte nie. Niemand het geprotesteer as hy dit vir homself gereserveer het nie, alhoewel, volgens dit wat ons van hom weet, hierdie selfbehaging hom met allerlei skuldgevoelens gelaat het.

Dat hy 'n Christenseun was, het vir niemand as 'n verrassing gekom nie. Hy het 'n goeie verhouding met die Here gehad en sy geheime ambisie was om 'n sendeling te word. Hy was lief vir mense. Nie dat dit van hom 'n minder goeie soldaat gemaak het nie. Intendeel.

Hy was 'n sterk en opgeruimde siel. Wanneer dinge op hulle taaiste was, het die ander in sy rigting gegraviteer. Swaarkry is soveel makliker in die teenwoordigheid van iemand wat nog kon lag daaroor. Sê nou maar jy is op 'n nagmars, en dit reën, en elke tree wat jy gee kan die laaste een wees voordat jy jou been breek. Van Wyngaard sou dan net agter die seksieleier inval en dan gesels hy en lag en sing en bemoedig, en alles is soveel makliker. Jy loop net agter sy stem aan. Hy laat jou glo dat jy anderkant sal uitkom.

'n Praktiese seun, was onse Van Wyngaard. Hy was een van daardie ouens wat geweet het wat om te doen as die tentdak lek, of as die grond te hard is om 'n tentpen in te kap of hoe om krag aan te lê, vis te vang en skoon te maak. Drywers wou hom graag in hulle voertuie hê want hy het nie omgee om te help wiewe ruil, karre te diens of om voor te berei vir stalparades nie.

As hy 'n goeie lid was om in jou peloton te hê met opleiding, was hy 'n openbaring op die grens. Hy was in sy element in die veld, in die stof en hitte en droogte. Daar is altyd 'n massa werk vir die troepe om te doen en Van Wyngaard het soos altyd sy deel – en veel meer – gedoen, en dit sonder om te mor. Sy vryetyd het hy meestal in die veld met 'n sketsboek deurgebring.

Op pattrollie was hy 'n staatsmaker. Om mee te begin het hy die mees onbenydenswaardige funksie op homself geneem: Hy was sy seksie se L.M.G. draer. Hy was deurgaans positief en onversteurbaar, selfs as dinge skielik verkeerd geloop het. In een

besondere hewige kontak was hy die laaste om te onttrek en dit omdat hy tot op die laaste nippertjie dekvuur gelewer het sodat sy seksie veilig kon terugval.

Later het sy eenheid die grens oorgesteek en 'n basis in Angola beset. Hier het dit met die man nog beter gegaan. Rondom die basisse in Angola het daar altyd 'n swetterjoel kinders rondgehang om te sien watter gelukkies na hulle kant toe kom. (Omdat hulle nooit die liberale Westerse pers te lese gekry het nie, het hulle nooit besef watter monsters die S.A.W. se soldate was nie.) Van Wyngaard was op sy gelukkigste want nou kon hy na hartelus uitdeel. Hy het 'n ammunisiekis beset en dit was gereeld vol rat-pack oorskiet. Daar was sakkies koeldrank, Super C glukose tablette, pakkies pap en blikkies kos en Tarzan Bars in sy kis. Hy het die goed vrylik uitgedeel. Daar was gereeld 'n swerm verflenterde kindertjies om hom en dit soveel vir sy persoonlikheid as vir die lekkergoed. Hy het ewe opgeruimd met hulle geklets in sy eie Fanagalo van Engels, Afrikaans, Portugees en 'n paar woorde van sy eie fabrikaat. Die merkwaardige is dat hulle hom blykbaar verstaan en aan sy lippe gehang het.

Desember van daardie jaar is Van Wyngaard saam met sy eenheid op wat 'n "janterops" genoem is, verder die binneland in. Hy het agterop die Buffel plek gemaak vir sy kis vol uitdeelgoed.

Die ops was harde werk; moeisaam, vervelig en irriterend. Skroeiende hitte is sonder waarskuwing met stortreën afgewissel. Die manne was gespanne, gefrustreerd en hakerig met mekaar.

Die enigste verbreking van die eentonigheid was wanneer die konvooi deur bewoonde gebiede beweeg het. Kindertjies het dan al jillend agter die voertuie aangehardloop en bedel vir eetgoed. Van Wyngaard het hulle ook nie teleurgestel nie en hulle beloon met allerlei lekkergoed wat hy vir hulle gegooi het. Die res van die manne het gou gesien watter genot Van Wyngaard uit die petalje geput het en gou genoeg het hulle met ewe groot ywer deelgeneem aan die uitdelery. Terselfde tyd het hulle sommer ontslae geraak van oortollige blikkies kos, Super C's en doggies wat niemand tog wou eet nie. Vader Krismisse op 'n bruin Buffel. Die Angolese

kindertjies het die eetware opgeraap en summier in bolkieste gestop. Daardie helder, skitterende glimlagte van onverdunde vreugde! Die algemeenste Afrikaanse woord in Angola was die “lekker!” waarmee hulle hierdie gifte goedgekeur het.

So op ’n dag snork die Buffels by ’n watergat verby. Asof hulle uit ’n miershoop gekruip het, het ’n wolk van huppelende, juigende kinders verskyn en die karre agterna gesit. Die speletjie was aan en ’n sarsie doggies, lekkers en koeldrankkoevertjies het van Van Wyngaard se Buffel gereën. Selfs ’n verdwaalde brandstoftablet – met al die smaak van ’n motballetjie – is deur ’n meisietjie gevang en sondermeer in die mond gestop. Die manne kon haar nie hoor nie maar het geweet wat sy sê: “Lekker!”

Van Wyngaard slinger nog so ’n Tarzan Bar tussen die opgewonde agtervolgers in, toe val sy oog op ’n seuntjie wat verder terug is as die ander. Aan sy pluk-en-knik gang is dit duidelik dat hy kruppel is, miskien as gevolg van ’n kindersiekte, maar meer waarskynlik ’n slagoffer van die vernietigende burgeroorlog waarin kommunisme hierdie land gedompel het. Die tengerige gedaangetjie trap, ruk en skuif moedig agter die voertuig aan maar die vlieënde seëninge word telkens voor sy oë weggeraap. Van Wyngaard gryp ’n pakkie doggies en werp dit met mag en mening in die seuntjie se rigting maar dit is te lig en wil nie so ver trek nie. ’n Tarzan Bar, ’n melkskommel en ’n pakkie kougom word ook deur die grypente piranhas onderskep.

Dit is toe dat Van Wyngaard van die koejawels onthou. Hy het die groot blik ingelegde vrugte onlangs in ’n pakkie gekry. Hy was van plan om dit vir Kersfees te bêre, maar nou ja. Hy skrop in sy balsak en vis die blik uit. Dit is ’n dik ronde blik; blink met ’n plakker vol ronde vrugte daarop, gewigtig en vol heerlijkheid. Hy staan op en mik in die seuntjie se rigting. Skielik is niks vir hom so belangrik as dat die kreupele hierdie koejawels moet ontvang nie. Dit is asof hy die seuntjie se vreugde self kan voel en dit maak sulke lekker vonkels in sy bloed. Hy meet die afstand. Gooi sal hy moet gooi om dit bo-oor die voorhoede tot by die kleintjie te kry. Hy neem stelling in, kry sy balans reg en boul die blik met al sy

krag.

Die blik trek in blink boog, hoog-hoog-hoog, knipoog in die son. Oor die grypende hande van die voorste kinders, oor hulle oop monde en hulle groot, gulsige oë. Dit sak, uit die hemel af in die rigting van die kruppel kootjie. Sy mondjie gaan oop en hy trippel van opgewondenheid, kwetter van plesier. In 'n land van min is hierdie waarskynlik die grootste geskenk van sy lewe.

Die blik val nou vinnig, vinniger, nog vinniger tussen die stokkiesarms deur.

“O hel...” Van Wyngaard se grootste plesier het skielik opsy gestaan vir ontsteltenis. Die swaar blik het die seuntjie se vangpoging ontwyk en hom vol teen die voorkop getref, net bo die ogies wat blink met verwagting. Nou lê hy langs sy vrolike, glinsterende geskenk op die grond.

Van Wyngaard spring van die Buffel af. Nael tot by die knapie. En daar sit hy, in die stof en in die son, totdat die lig, ver, ver getireer het in die kleintjie se oë. Daar was net eenkeer 'n spasma, asof die seuntjie uit 'n koorsige slaap wakkergeword het. Net vir 'n oomblik was daar 'n vonkie lewendigheid in sy kyk en hy het 'n woord begin sê, een wat hy nooit heeltemal sou klaarmaak nie. Dit is daardie woord, daardie Afrikaansste van alle woorde, die erkenning van goedheid en 'n uitdrukking van genoeglikheid.

“Lekker...” sê die seuntjie saggies en dan is daar geen lig in hom meer nie.

En dis hoekom, baie dae later op pas, toe die omie met die boeppens en die saaidies by die braaivleis vir hom vra, “En toe, het jy darem al 'n kaffer doodgemaak?” dat Van Wyngaard regop gaan staan, en om hom kyk, dié kant toe daardie kant toe, en maak soos 'n mens wat wil lag maar nie weet hoe nie.



Die berugte Rillers is as oumanne afgedeel na die Opleidingseenheid in Oshivello. Daar gekom het hulle gou uitgevind dat daar net een ordentlike lid in die hele, wye eenheid was. Dit was Van, 'n groot, geel afsterthond. Van was die drywers se brak en die Rillers het gou hegte bande met hom gesmee. Hulle het hulle kos met hom gedeel en altyd gesorg dat hy genoeg van alles het. In hulle huistent was daar 'n ekstra bed sodat Van nie op die vloer hoef te slaap soos 'n troep op 'n ops nie. Nie dat hy homself tot 'n spesifieke bed beperk het nie. In die aand het hy 'n bed – enige bed – betrek. As dit aan een van die drywers behoort het, het dié lid gewoon maar net op die spaarbed gaan slaap.

Van het twee griewe gehad. Die vernaamste hiervan was offisiere en onderoffisiere. As jy ooit 'n rangteken gedra het, het Van jou gesig nooit vergeet nie en het daar 'n vendetta tussen julle ontstaan. Die Rillers het vir Van saamgevat as hulle moes gaan wagstaan. Hy was 'n uitmuntende waghond op 'n onkonvensionele manier. Jy kon 'n detachment FAPLA's by hom verbygedril het en hy sou hom nie daaraan gesteur het nie. Maar laat 'n loet of 'n korporaal net binne ruikafstand kom, dan skop Van so 'n kabaal op dat die wagte oorgenoeg tyd het om die slaap uit hulle oë te vryf en te maak asof hulle wraggies paraat is.

Van se ander afkeur in die lewe was 'n kort, gesette, harige hond wat 'n sersant behoort het. Die Rillers se vriend het groot behae daaruit geput om dié dierlike misgewas te treiter. Een oggend met bidparade was dit weer sulke tyd. Die irriterende brakkie daag daar op teen topspoed, so 'n halwe benoudeboud voor Van. Die brakkie herken sy baas wat so 'n tree of wat agter die kommandant en die kapelaan staan en gaan soek skuiling daar. Hy is deur die nou gaping tussen die bev en die dominee. Van ook, maar synde dat hy veel groter as die wollerigheidjie is, hardloop hy die kommandant omen die kapelaan onder Psalm 23 en die Onse Vader uit.

Agterna dreig die sersant om vir Van te skiet. Hy sien die dwaasheid van sy weë in toe Grobbie die Riller dreig om hom op syy beurt te skiet.

Die drywers wat die Rillers kom aflos het, het vir Van

verwaarloos. Hy het sy eie koers gekry. Later het daar 'n legende ontstaan van 'n groot, geel hond sonder 'n stert op Oshivelo. Hy sou sonder waarskuwing uit die bosse verskyn, 'n squad opbreek, die instrukteur byt en dan weer verdwyn.



Ek loer deur die gaatjiesvisier van die R1 in die rigting van die troppie koedoes. Hulle is so ver dat die voorste visier die groot bul bedek. Agter my breek iemand 'n raserige wind. Ek is bewus van die span dronk lywe wat by my staan. Hulle staan en wag dat die dominee sy alie sien. Ek haal diep asem. Pers my lippe op mekaar. My mond styf toe. As dit maar net vroeër so was.

Moeilikheid vat kortpad deur 'n grootmond. Ou jagters weet van beter as om voor die daad te spog. Hulle weet dat jy éers die groot skoot moet skiet en dán grootpraat. Daar is baie wat tussen die punt van die loop en die huid van die prooi verkeerd kan gaan. En mense hou daarvan om te sien hoe jy 'n varkspeen van jouself maak. Veral as jy die enigste ou is wat nie geswaai is nie.

Hoe gebeur dit dat 'n herder en leraar in die weermag 'n koedoebul op die horison moet skiet om sy reputasie te bewaar?

Ek kan nie vir ander kapelane praat nie, maar vir my het dit alles met die inwyding van die nuwe onderoffisiersmenasie begin. Op 'n koppie net buite die basis was vantevore 'n indrukwekkende opstal wat in onbruik verval het. Naderhand was dit heel bouvallig. Eendag het die RSM maar een maal sy oog daarvoor laat gly en besluit dit is die ideale plek vir 'n onderoffisiersmenasie. Mense mag dink 'n menasie is 'n plek om te eet, maar dit is nie die geval met 'n onderoffisiersmenasie nie. Dit is eerder 'n soort klubhuis; 'n kuierplek en ons almal weet hoe kuier onderoffisiere. Kort gestel, hierdie was 'n suipplek.

Dit was keurig ingerig met 'n kroeg van pale gemaak en versier met velle, bokkoppe, regimentele skilde en ander fynere mannegoed.

Ironies genoeg het die plek, na al die werk wat daarin gegaan het, tekort geskiet. Die paadjie boontoe (en natuurlik weer ondertoe) was baie skuins en smal. Dit het gou 'n duur tol geëis aan voertuie en leiersfigure wat opgegaan, gesuip en afgerol het. Die menasie is na 'n kort tydjie verskuif na 'n meer geskikte lokaal iewers in die vlakke.

Dié betrokke dag, egter, was almal nog baie ingenome met die plekkie. Al wat 'n offisier en onderoffisier is, is uitgenooi om die plek te help inwy. Die uwe ook. Wat 'n kapelaan by 'n kroeg moet doen, is nooit behoorlik met my uitgeklar nie. As jy nie saamsuip nie, en aan 'n koeldrank suig terwyl die res Coke en Klipdrift gorrel, is jy 'n pretbederwer. Jy laat die res skuldig voel en wie kan dan ordentlik geswaai raak. Aan die ander kant kan jy speel jy is een van die boys en jy kan saamdrink, maar jy kan daarna vergeet om jou pastorale plig behoorlik te doen. Wat help dit vir 'n man, byvoorbeeld, om sy drankprobleem met 'n mede-suiplap te bespreek?

Naderhand is ek so verveeld ek gaan loop buite rond. die koppie waarop die gefuif plaasvind is 'n goeie veertig meter hoog, so 'n mens kan ver die veld in sien. Terwyl ek so kyk sien ek 'n troppie koedoes daar doer ver. Om die tyd te verwyl probeer ek die afstand na die bokke skat met die onfeilbare duimmetode. Jy korrel met die een oog oor jou duim na die voorwerp. Maak die oop oog toe en die toe oog oop. Skat die afstand wat jou duim in verhouding met die teiken beweeg het en maal dit met tien. Maklik. My skatting werk uit op so seshonderd meter.

Ek staan nog so en trigonometrie bedryf, toe kom Piet Oghenaaz daar aan. Daar is niks wat 'n infanteris se aandag so prikkel soos 'n ander lat wat staan en afstand skat nie. Hy werp sy duim op. Volgens sy mening is die bokke so sewehonderd meter van ons. Ons stryery lok ander lede en elkeen hou sondermeer die duim hoog. Elkeen is honderd persent oortuig van die betroubaarheid van sy eie skatting.

Die enigste een sonder 'n mening is die R.S.M. Hy het wel soos Moses van ouds sy arm uitgesteek, aanvanklik in heel die

verkeerde rigting. Hulle draai hom fisies om maar hy bly net so staan met sy arm styf voor hom wat op en af wieg soos 'n seilskip se boegspriet in 'n see met groot golwe. Hy kry nie sy regteroog toegemaak nie. Te geswaai.

Die bev sluit by ons aan. Hy lig ook sy duim maar sy arms is baie kort en hy maak 'n gruwelike paralaksfout. Hy skat die koedoes is negehonderd meter van ons.

Dit is net hier wat my mond die greep van my goeie oordeel omseil.

“Wat!” grinnik ek. “Nehonderd meter? Nooit. Kyk net daardie groot bul. Hy is nie meer as seshonderd meter hiervandaan nie. Om die waarheid te sê, gee my 'n geweer en ek skiet hom van hier af raak.”

Waarop 'n R1 asof vanuit niks materialiseer en deur die K.G.B. in my hand gestop word: “Wys ons!”

Wat kan ek doen? In die weermag is dit belangrik dat jy jou grootpraterij gestand doen. 'n Man word daaraan gemeet. Dit is miskien nog belangriker vir 'n kapelaan, daar sy werk in so 'n groot mate uit praat bestaan. 'n Kapelaan wat nie sy woord hou nie sal nie ver kom nie. Veel beter om eerder stil te bly.

Maar nou ja, as die wag voor jou mond vir die oomblik op AWOL is...

Ek neem dooierus oor 'n walletjie en loer deur die gaatjiesvisier van die R1 in die rigting van die koedoetrop. Hulle is so ver dat die voorste visier die groot bul heeltemal verskuil. Agter my breek iemand 'n raserige wind. ek is bewus van die span dronk lywe wat by my staan. Hulle staan en wag dat die dominee sy alie sien. Ek haal diep asem. Pers my lippe op mekaar, knyp los. Niks gebeur nie...

... en toe val die ou bul.

Vrydagoggend is ek voor die sektorbevelvoerder. Hy wil weet hoekom poach ek die bokke van die Staat. Gelukkig was al die getuies dronk en die saak word laat vaar.



Manne praat nou maar eenmaal soos manne en veral so in die weermag. Wat vir die siwwie-oor soos gruwelike vloekwoorde geklink het, was maar net die korste manier om 'n saak duidelik te stel. Net so min as wat 'n kapelaan mag suip, mag hy van hierdie woorde vir sy eie gebruik toeëien. Ons herderlikes het maar gereeld gesoek na ander woorde om die werk te doen van die kort, kragtige hooghollands wat die manne met soveel smaak gepraat het.

Veral een Engelse kollega, wat homself as ietwat van 'n taalkundige beskou het, het versag om toe te gee aan die versoeking om sy moedertaal, en sy Christelike getuienis, te verongeluk.

Toe 'n tiffie erg met dié geestelike se voertuig se petrolpomp sukkel, snou hy die onderdeel 'n veeldoelige belediging toe, waarop White die werktuigkundige tereg wys:

“Sir, how could a perfectly inanimate piece of machinery be expected to perform such a heinous act upon itself?”

Dit was maklik vir hom om te sê.



Dieselfde lankmoedige dominee speel op 'n dag vlugbal saam met die troepe. Na 'n goeie diens van hom na die oorkant, moedig een van die troepe hom aan: “Nice service, dominee.”

“I wish,” sug die dominee, “you would, just once, say that on a Sunday!”



Die leër en die polisie was bondgenote in die stryd teen kommunisme en moes dikwels saamwerk, veral wanneer dinge op

die siviele front te warm of te groot geraak het vir die polisie om op hulle eie te hanteer. Tydens my deelname aan verrigtinge in die townships het ek die kans gekry om die S.A.P. in aksie te sien. Na 'n jaar op die grens was ek in 'n posisie om hulle werkswyse met die leër s'n te vergelyk. Dit het fundamenteel verskil.

Soos?

Kom ek verduidelik dit aan hand van die hipotetiese probleemstelling: “Hoe vang 'n mens 'n krokodil?”

Die S.A.W. kry eerste kans:

'n Krokodil word as 'n doelwit geïdentifiseer. 'n Volledige inligtingsverslag word saamgestel. Dit word onder die aandag van die hoof van die leër gebring. Hy belê 'n vergadering met die generaalstaf. Die voor- en nadele van 'n krokodil in aanhouding word bespreek. Daar is ontledings van sy aanwendings- en onderhoudskostes. Die politieke implikasies van sy teenwoordigheid word bekyk en daar is bespiegeling oor sy invloed op militêre beplanning in die toekoms.

Die uitslag van die vergadering is dat die saak na verskeie komitees verwys word. Op grond van hulle bevindings sal besluit word om of 'n toepaslike operasie geloods sal word. Na intensiewe navorsing word 'n aanbeveling aan die generaals gemaak dat 'n krokodil nodig is. Die behoefte is vir 1 (een) verteenwoordiger van die spesie *Crocodylus Niloticus* met 'n lengtemaat van tussen 6 en 6,096 meter. Hy moet nommer 145 op Pantone se kleurkaart wees, met 'n stert maar sonder vlerke.

Later dien die aanbevelings voor die generaals. Na 'n roerende toespraak deur die hoof van die weermag, vol paritiese vuur en emosie, besluit hulle dat die ding inderdaad nodig is vir die welsyn van die staat. In hulle motivering skryf hulle dat daar nie sonder een klaargekom kan word nie. Hulle weet nie hoe die Suid-Afrikaanse Weermag so lank sonder een kon opereer nie. Die toestand is ernstig en die krisis neem by die uur toe.

'n Operasie word onder die naam “Petunia” geloods. (Die weermag was nog altyd lief gewees vir blomname vir hulle opse. Hoe bloediger die ops, hoe skattiger die blom. Praat maar met die

manne wat op Operasie Daisy was.) Verskeie weermagafdelings word getaak om ondersteuning te bied. Die geneeskundige diens, die lugmag en die vloot word op hoogste vlak betrek. Maar, soos meermale, rus die leeu-aandeel van die operasie op die leër.

Die lede van 'n konstruksie-eenheid bou 'n "Petunia"-baan. Dit is 'n lewensgetroue replika van die habitat van die krokodil soos onderskei deur die inligtingskorps. Vir 'n week lank word die voorgename operasie tot in die fynste besonderheid geoefen. Die manne se moraal word fyn gemonitor en die veggroepbevelvoerder skryf in die aand troosbriewe vir die ouers van lede wat in die oefeninge omgekom het.

Op die agste dag vertrek die deelnemende lede weer soos elke dag, maar hierdie keer beweeg die voertuie verby die baan. Hulle bestemming, dié besondere dag, is die nes van die krokodil.

Ops Petunia het begin!

'n Seksie recces van 1 Verkenningskommando vermom hulleself soos 'n rivieroewer en gaan bespied die krokodil vir 'n week en drie dae. Hulle kom terug met 'n volledige verslag oor die dier se grootte, toestand en gewoontes. Hulle bespiegel oor sy gedrag en seksuele afwykings. Daar is detail oor sy skuiling, die diepte waarin hy ingegrawe is, sy spoed oor land en in die water. Die weermag beskik oor meer inligting oor Kameraad Krokodil as Onderstepoort en National Geographic saam. Ordergroepe duur tot laat in die nag.

Die geniekorps spring aan die werk en bou 'n pad na die krokodil toe. Na vele oorwegings teer hulle dit.

Die lugmag bou 'n landingstrook.

Die artillerie bou 'n weerstasie.

Die kapelaansdiens bou 'n koffiekroeg.

Die komops-manne leere krokodils praat.

Al Debbo en Esmé Euvrard daag op om die manne se moraal met komedie en toesprake te help bou.

Dagbreek, een oggend, spring 'n peloton valskermsoldate uit 'n flossie. Hierdie vleisbomme gaan neem stelling agter die krokodil in. Hulle dien as stoppergroep sou die krokodil wil

uitbreek. Die vloot lanseer die Daphné-klas duikboot, die Johanna van der Merwe, in die rivier om die krokodil se onderwaterroetes af te sny.

Op die presiese gesinchroniseerde moment begin die artillerie met 'n bestoking van 'n anderhalfuur om die stelling rondom die krokodil sag te maak. Hierna vee die geniekorps die teerpad wat hulle gebou het vir landmyne.

Uiteindelik beweeg die infanterie in met 'n vegspan Ratels, twee vegspanne Buffels, 'n paar eskadronne Eland 90's – vir krokodilafweer – en vyf kantientrokke.

Op die tuisfront word 'n propagandaveldtog geloods om vir die krokodil te verduidelik presies hoe sleg dit met hom gaan gaan. Die Staatspresident verskyn op televisie in 'n vurige toespraak waarin hy die reptiel aanval omdat hy krokodille se naam slegmaak. Hy versag darem en hou 'n olyftakkie, waarmee politieke asiel vir die dier aangebied word, uit.

Die krokodil besef die stryd is tevergeefs. Wanneer hy oorgee, daag 'n generaal en 'n kompanie M.P.'s op om hom te arresteer. Uitgesoekte lede van die pers word toegelaat om 'n onderhoud met hom te voer en foto's te neem.

Al die lede wat aan die operasie deelgeneem het, kry veertien dae bosverlof en Operasie Petunia word ontbind. 'n

Die S.A.P. het dieselfde taak op hulle eie, nimlike, manier uitgevoer.

By die naaste polisiestasie besluit hulle hulle wil sien hoe lyk 'n krokodil. 'n Konstabel met 'n knuppel word in die veld ingestuur en hy vang 'n likkewaan of 'n akkedis.

Dan slaan hy die ding totdat hy erken hy is 'n krokodil.



Presenteer geweer!

Daar was hierdie Staande Order in die S.A.W.: As die Volkslied oor die luidsprekers speel, en 'n lid het 'n hoofdeksel op, sal hy op aandag kom en salueer vir die duur daarvan. As jy 'n geweer by jou het, presenteer jy dit.

Prof was onkant betrap deur die lukrake tydsberekening. Hy het uit die stort gekom waar hy sy beret om sy kop gevorm het, toe trek Die Stem los. Goeie troep wat hy is - hy lewe om te gehoorsaam - kom hy op aandag en salueer. Skutter Ribberink, neffens hom, is ook 'n goeie troep. Hy salueer ook (dis nie sy skuld dat hy nie 'n geweer by hom gehad het om te presenteer nie.)

Nie so Sktr. Shane Ensor-Smith nie. Hy het nie op aandag gekom nie. Hy het nie gesalueer nie. Hy het die foto geneem. Porra! Jou naam sal in oneer leef. (Die sensuursterretjies is 'n idee wat by toenderjare se Scope-tydskrif geleen is.)

WAAR DIE KRANS- BURGERS ANTWOORD GEE

Die basis self het lank in onbruik gelê voordat die hoë range besluit het dat dit weer in gebruik geneem moet word. In die tussentyd het 'n groot aantal plakkers dit beset, en hulle het, natuurlik, nie die terugkeer van die S.A.W. en Seuns gelate aanvaar nie. 'n Man se tradisionele grond kan mos nie sommer net so van hom vervreem word nie. Hulle het voortgegaan om terstond 'n oorlas van hulleself te maak. Massa-aksie.

Die bobbejane! Nee, ek bedoel dit. Hierdie plakkers waarvan ek praat was van die spesie Papio Ursnius – bobbejane, soos ons hulle ken. Kransburgers.

Hierdie waardiges het hulle nie sondermeer laat afskrik nie en die amie se werksaamhede het so al om hulle plaasgevind. Dit was 'n ongemaklike samesyn. Dikwels het van die groter mannetjies net buite bereik gesit en hulle protes uitgebôggom. Sulke langarm-, kromskouerouderlinge. Ander het weer besluit dat die amie darem vermaaklikheidswaarde het. Hulle het in alles gepeuter – die ammunisiestoor, die voertuigpark, die werkswinkels, die kombuis. Veral die kombuis.

Moet ook net nie dink dit is maklik om hierdie sekelstertbende te verdryf nie. Die jonges sou nog laat spaander as jy jou arms swaai en skree en lyk of jy wil weet wie die yskas se deur oopgelos het, maar 'n groot, gespieerde, iesegrimmige mannetjiesbobbejaan laat homself nie sommer so nooi om te gaan nie. Hy trek net so bolip van daardie lang, geel tande weg en jy begin vra of hy suiker in sy tee drink.

Vir 'n ruk het hierdie ongemaklike skouerskuur voortgegaan. Toe gaan help die bobbejane hulleself aan 'n hoeveelheid groente en brood in die kombuis. Verdeling van rykdom. Hulle het hulleself daarmee bewys as amie-gehalte chefs want met hulle optrede het hulle 'n pot gort op die stoof gesit en teen die tyd wat hulle uitgeklok het, was dit deur en deur gaar.

’n Onoffisiële direktief het van die bev se kantoor uitgegaan om hierdie boombewoners te skiet. Bobbie en sy pelle is voelvry verklaar. Daarna het die bobbejane gereeld in die stof gebyt, maar wat gemaak met die oorskot? Aan die begin het die manne die karkaste verbrand en oral kon jy die goed ruik. Sersant Piet Oghenaaz het toe opdrag gekry om ’n alternatiewe metode na te vors om van die lyke ontslae te raak. Om meer presies te wees, die majoor het hom geroep en gesê hy soek nie, en ek haal aan, “hierdie vieslike, stink goed” in “sy” veld nie. “Maak ’n plan.”

Piet O, Koen en ’n kas Castles het hieroor gaan dink. Teen die einde van die aand het hulle ’n strategie beraam, ’n meesterplan wat opgesom kan word in een woord: Biltong.

Omdat ’n grenseenheid ’n sekere hoë aansien onder sommige elemente van die bevolking geniet, het ons dikwels besoekers ontvang. Tot hulle verbasing is hulle gereeld getrakteer op biltong. Wanneer Piet gevra is wase biltong hierdie heerlike, kort brokkies was het hy gesê dit is bok.

Sitbok.



Jy kan my nie vertel ’n bobbejaan is onnosel nie. Hy mag miskien ’n bobbejaan wees maar ’n aap is hy nie. Enige een wat hulle vir ’n ruk lank dopgehou het, sal dit beaam.

Naby ons eenheid was ’n geëlektrifiseerde draad. Die bobbies het gou uitgevind dié ding byt. Daarom ignoreer hulle hom. As jy dit lank genoeg weet, wie weet, miskien gaan hy weg.

Bestudeer ’n man hulle met ’n verkyker, bemerk hy gou wie die ervare burgers is. Dit is hulle wat dit nie naby die heining waag nie.

Vroegoggend wil hulle emigreer. Oorkant toe. Ander land toe. Hoekom, weet niemand nie. Miskien wil hulle ’n regering in ballingskap begin. En dit is nie net party van die manne, die

professionele en sakemanne nie. Gaan een, gaan almal. Die hele trop. Hierdie is nie 'n standaard chicken run nie, maar 'n eksodus en masse.

Die dronkie in die hofsak is natuurlik die draad. Die edele barbare weet dat iemand sy lewe sal moet opoffer vir vryheid. Uhuru het sy prys, en soos in enige rewolusionêre beweging is daar nie plek vir demokrasie nie. Van 'n volksvergadering om die gelukkige man wat 'n pad vir sy volk na vryheid moet baan uit te wys, is daar nie sprake nie. Dit is “survival of the fittest” en die “fittest” is die ou wat sy nuuskierigheid en wanderlust die langste onder beheer kan hou.

Enter die jong verkenner. Hy ruik-ruik aan die draad en besluit dit kan onmoontlik 'n leeu wees. Derhalwe kan is dit nie gevaarlik nie. En dan daardie ligte aanraking met die voorpoot...

Oombliklik is daar nuwe lewe in die meer ervare emigrante, dié wat die draad so deeglik geignoreer het. Sodra daardie eerste pionier sy lewe in 'n blou vlam skenk op die altaar van die volk se vryheidsdrang, weet almal daarvan. Die heining is weerskante van die verassing uitge-short. Dan huppel en spring die ganse lot oor die draad om die groen aan die anderkant daarvan te geniet.

Hulle bly daar vir die hele dag, maar teen laatdag onthou hulle die lekkerlewe in die goeie ou R. van S.A. Die verlange na die Vaderland is groot.

Dan ignoreer hulle die draad van die anderkant af...



Ahlers was 'n volluitenant met 'n passie vir al wat gedierte was. Hy het, byvoorbeeld, 'n mak bobbejaan gehad wat hy wou aanstel as K.S.M. van C-kompanie. In die proses is die dier se I.K. getoets en daar is vasgestel dat hy te slim is om 'n sammajoor te word. Hy is weggestuur na die Akademie in Saldanha waar hy eerste gekom het in sy klas. Die lugmag het hom opgeraap en die laaste wat ons

van hom gehoor het, was hy die bobbejaan wat besluit het om die Spare Force se uitmuntende Transhaul-vragvliegtuie van diens te onttrek.

Na hierdie teleurstelling het Ahlers op likkewane begin fokus met die gedagte dat dié goed onmoontlik deur die weermag afgerokkel sou word (Dit was natuurlik voor die samestelling van die Oorgangsmag voor die '94 verkiesing.) Naderhand het hy 'n halfdosyn van dié reptiele gehad wat hy na ses van die Sewe Dwergies vernoem het. Net Dopey het nog ontbreek.

Op 'n dag dog hy hy het die Dowwe Een aangekeer. Dit was amper sy laaste vangs.

Blykbaar het hy net die stert gesien voordat dit in 'n sandsloot verdwyn het. Na 'n formele spookloop het hy oor die laaste sewe meter aangeval om die dier met 'n laagvat anderkant die wal te arresteer. Trek Ahlers egter so deur die lug, besef hy dat dit glad nie eens Dopey is wat onder hom wag nie... wel 'n oom van 'n pofadder.

Het jy al gesien hoe maak iemand 'n u-draai in die lug?



Dit was uiteindelik die rooimiere in Ahlers se lewe wat sy roem verewig het.

Soos ek verduidelik het, was dié lid lief vir diere. Dis nou te sê, vir alle diere met die heftige uitsondering van rooimiere. Die infanterie en rooimure het kruiskulturele verbintenisse oor baie jare opgebou. Uit die aard van 'n infanteris se werk bring hy baie tyd op (en in) die grond deur. Hy loop daaroor, kruip daaroor, seil daaroor. Hy grawe sy skuilplek daarin en lê hinderlaag daarop, en so aan, en so aan.

Om die waarheid te sê, die landsbodem figureer so sterk in 'n infanteris se lewe dat die weermag 'n hele paar, baie vermoeiende, weke gebruik om hom te leer om daarop te val.

Dit gebeur tydens sy tweede – of konvensionele oorlogsfase. Dag na dag word daar by 'n bokkop ingeskerp wat hy moet doen by die eerste tekens van 'n kontak. Hy moet die grond opsoek. Nie soos in gaan lê nie. Nee, hy moet daarop neervoeter, hoe harder hoe beter. En nie net moet hy sy lyf teen die grond vasmoker nie, hy moet terselfde tyd 'n paar lewensbelangrike handelings uitvoer.

Elke infanteris leer 'n rympie uit sy kop uit: Dash-down-roll-crawl-observe-sights-fire. Die man moet in die eerste oomblik na die aanvang van die twis laat spaander, neerslaat, links of regs rol, 'n ent leopard crawl, korrelvat en die vyand tussen die oë skiet. Hierdie vaardigheid word vuur-in-beweging genoem.

Dae aaneen, vir kilometer na uitmergelende kilometer word dit geoefen. Naderhand kan die lid dit in sy slaap doen. Hy leer om te val, sonder huiwering en in alle haas, en hy kan dit doen sonder om seer te kry, wat die oppervlakte ook al is. 'n Opgeleide infanteris sal sonder merkbare ongerief dekking kan slaan op 'n teerpad. En dit het gewerk, want hierdie ingediepte instink het tallose lewens in die operasionele gebied gered.

Maar dan moet die roomiere 'n man darem uitlos. Vir een of ander diep natuurkundige rede het roomiere regoor Suidelike Afrika 'n smaak ontwikkel vir die Ahlers-vlees. Hy is skaars op 'n plek of 'n miersein gaan uit: *Hy is hier*. Dit is bekend dat miere wat tussen Pretoria en Durban op reis was, weggedraai het Bloemfontein toe om vir Ahlers te gaan byt. Miere het hom al op die rugbyveld gebyt, hom by die viswaters bygekom en, in een opsienbare voorval, aan hom geknaag terwyl hy goed vordering gemaak het met die landdros se dogter een maanligaand in 'n parkie.

Met sy opname in die S.A.W. het die felheid van die aanslag toegeneem. Veel is die loopgrawe waaruit mier vir Ahlers verjaag het. Op die grens het die toestand verder versleg. Die miere op die grens is veel erger as enige siwwiemier. Hulle is groter, rooier en meaner, met knypers wat 'n Viro-slot kan knip.

Bygesê, Ahlers was nie net 'n hulpelose slagoffer nie. Hy was 'n geharde soldaat en die tyd vir terugkry was daar. Nie Schwarzenegger of Stallone het ooit met soveel vasberadenheid

vergelding gesweer nie. In vergelyking met die verbete Ahlers was die Graaf van Monte Cristo 'n besluitlose jellievis. Ahlers het begin om rooimiere uit te wis, met al die vasberadenheid en vindingrykheid van 'n boer in uniform.

Sy gunsteling hakkejagmetode was om die dryfmiddel (n amiegeweer het nie kruit nie) uit 'n hoeveelheid R1 rondtes te neem, dit in die sentrale skag van 'n miernes te gooi en die spul aan die brand te steek. Die dryfmiddel brand met 'n siggeluid en daar is 'n bevredigende skouspel van 'n vuurspuwende miernes wat verkoelde inseklyke oor 'n wye gebied versprei.

Die ellende het met Kersfees gekom. 'n Generaal wat 'n fotogeleentheid gesoek het, was daar om vir die troepe Merry Christmas te kom sê. En 'n voorspoedige nuwe jaar. Nou kyk, 'n generaal kom nooit op sy eie nie. Die dankietannies van die Suiderkruisfonds het ook opgeruk en die K.G.B., die R.S.M., Z.I.B. en al die ander letters en nommers se teenwoordigheid was verpligtend. 'n Videospan het die geleentheid vir geskiedenisdoeleindes opgeneem. Dit was 'n geleentheid vol vertoon. Hoe moes hulle weet watter onheil buite die hoofkwartier besig was om te ontvou.

Daar was Ahlers besig met 'n private ops teen 'n blienkieng groot miershoop. Hierdie sou die kroon span op sy verskroeiemier loopbaan. Vir hierdie Normandië sou R1 rondtes nie doen nie. Growwer geskut was nodige en 'n ordentlike voorraad hulpladings van 'n 81-mil mortier is vir die taak toegeëien. Hierdie dryfmiddel kom in 'n hoefvormige sakkie en is ontwerp om 'n mortier langer bene te gee. Ahlers het, tereg, gereken dat dit geskik sal wees vir die verkoling van 'n beduidende hoeveelheid miere. En natuurlik, as 'n man weerstaan word deur die moeder van alle miershope, sal een of twee ou sakkies nie genoeg wees nie. Hoeveel hulpladings in die miernes gestop is, sal ons nooit weet nie. Nie eers Ahlers het telling gehou nie. Hy het bloot elke liewe lading wat hy kon kry daarin gedruk.

Ahlers se aanslag is met professionele belangstelling deur 'n groepie junior offisiere en troepe aanskou. Gelukkig het hulle instinkatief so 'n entjie geretireer. Nie van banggeit nie, hoor. Net om

so 'n bietjie perspektief te kry. Oor die panorama. Ahlers steek die spul aan terwyl hy by homself giggel en mompel. Hy staan terug, vol afwagting. In sy gedagte sien hy reeds die indrukwekkende fontein van vuur wat die miere in alle rigtings uitspoeg. Ongelukkig bereik sy vuurwerke critical mass en in plaas van winde van vuur, is daar 'n eenmalige, ordentlike en hewige ontploffing.

Binne-in die lapa gaan die generaal voor om soos 'n ware leier met swier en grasia die vloer op te soek. 'n Generale-offisier slaan tog nie dekking soos 'n gewone mens nie. Daarna neem sy opgeleide instinkte oor en vir 'n oomblik is hy maar net weer 'n troep in die veld, besig met vuur-in-beweging.

Dash, down, roll, crawl...



Tydens hierdie feesbesoek het ek gesien hoe 'n man se oorsensitiwiteit en 'n sekere vlugheid van verstand hom kortstondig van 'n verleentheid red net om hom in 'n groter een te dompel.

Die dankietannies van die Suiderkruisfonds het, soos ek genoem het, saam met die generaal gekom. Die majoor het die voorreg gehad om die basis en sy installasies vir die dames te gaan wys. Dit het 'n uitgebreide toer tot gevolg gehad. Die transportpark, L.W.T., kombuis, magasyn en store is gesien, vanwaar hy die deftige dames op 'n kortpad na die koffiekroeg neem. Nou as 'n man wil kortpad neem, moet hy vooruit dink. Hierdie infanteris het nie en toe hy hom kon kry loop lei hy die tannies langs 'n ry pielelies verby. Vir die siwwiess, ek praat van daai lang bruin buis met 'n voorkant soos 'n donderbus of 'n trompet. Jy plant die eerste paar duim in die grond en 'n man gebruik dit om in te... nou ja, jy weet... om sy water in uit te gooi in antwoord op die natuur se oproep.

Natuurlik het die arme man nie hierdie ongelukkige blootstelling beplan nie en natuurlik wil die tannies weet waddejel dit is. Dit is vir ons maklik, met die terugkyk, om te sê die man moes

net eerlik gewees het, maar onthou, hierdie edele volksmoeders was fyn opgevoed; heeltemal te sensitief om die brutale waarheid netso in die gesig te moet kyk. Gee die man darem punte dat hy op sy voete kon dink.

“Mevrou,” verduidelik hy terwyl sy verwarde verstand rondgryp vir ’n uitkoms, “hierdie goed is... uhm.. u sien, dit is wat ons in die weermag gebruik as... sien... unghh... dit is luggate. Ja! Dit is wat dit is, hierdie unghh... goed... Luggate! Vir die... uhhh... manne, die manne in die ondergrondse bunkers.

En dit is hoekom, toe ek op daardie oomblik op die toneel verskyn, een van die tantes haar kop so ’n ent in die een lelie in het terwyl sy uitroep: “En ’n geseënde Kersfees vir julle ook!”

’n Paar weke later daag daar ’n besending Country Air - Lilac Love - lugverfrisserblokkies op. Die dierbare tante het dit met haar eie geld gekoop vir die “arme manne in die bunkers wat in sulke benoude omstandighede moet werk.”



Dis toe hierdie paartie opbreek dat ek die aanbod kry om saam met die senior offisiere in ’n Puma te vlieg. Gaaf van hulle. Almal weet dat ek kort tevore effens naar was in een. Die K.G.B. wat self tydens Ahlers se vertoning die veiligheid onder ’n koektafel opgesoek het, sien ’n geleentheid om sy gekneusde selfbeeld so ’n bietjie te masseer. Deur myne aan te val. Die gedagte is dat as ek naar sou word en opgooi, wat dan vir hierdie prins van ’n mens die geleentheid so gee om my te treiter en om, in teenstelling, heel gehard en heldhaftig te vertoon.

Ek wys die aanbod beleefd – maar ferm – van die hand. Die generaal dring egter aan dat ek saamgaan. Voel seker hy het ’n dominee naby hom nodig na al die opwinding. So gaan vlieg ons en dit gee vir my nogmaals geleentheid om die ironie van ’n infanteris se samestelling te bepeins. Hulle neem uitermate trots in hulle vermoë om te kan vlieg. Om naar te word in ’n vliegtuig word as ’n

swakheid beskou. Ek verstaan dit nie. De Wet het nooit gevlieg nie; Nelson ook nie (maar hý het darem gereeld seesiek geword).

Onthou, ek het nou net van 'n kersmaal opgestaan, en dit boonop een wat onderbreek is toe 'n half-histeriese loet 'n miershoop opgeblaas het. Daarom probeer ek my gedagtes kanaliseer. Ek streef daarna om aan enige iets anders as kos te dink. Ek dink aan goed soos swem by die see, heg-en-steg in 'n Jeep, laataand flieke by 'n inry, aan alle lekker dinge (Nee, nie meisies nie, ek is getroud, man!) Elke keer wat 'n gedagte mik in die rigting van kos, keer ek dit daadwerklik. Aan kos dink ek nie. Ook nie aan vlieënde primusstofies, goed wat raas en bewe en stink na ontbinde lampolie, nie.

'n Aerodinamikus het op 'n slag aan my verduidelik wat die beginsels is wat 'n helikopter laat opstyg. Dit is eintlik heel eenvoudig. Die ding vibreer en lawaai en rook so erg dat die aarde dit verwerp.

Die bev, wat verlore aansien het om te herwin en wat homself nog altyd roem op sy vermoë om sonder naarheid te vlieg, spring aan die werk om munt te slaan uit my gewaande swakheid. Met groot smaak beskryf hy al wat ryk, vetterige of walglike dis is. Hy praat van vetkoeke met varkvet en rou eier op en van koue boeliebief op opgekookte kool en gebrande rys en van hamburgers wat in ou kookolie gedoop is en met grondboontjebotter besmeer is...

Miskien het hy homself naargepraat. Ek weet nie. Ek hoor net hoe iemand skielik die groot skuifdeur langs my oopruk en toe roep die K.G.B. na iemand met die naam "George!"

Met al die haastige jong-osse-inspannerij laat val hy toe sy aktetas met vertroulike inligting uit die Puma.

Geregtigheid!

Langenhoven het mos gesê:

"Al is Piet siek
van al die eet,
mag Koos nog nie lag nie!"

En as die kapelaan vir die bev lag omdat hy sy kos in half-verwerkte vorm oor Moeder Afrika gesprei het, moet daar vir die gelag betaal word. Daarom word die uwe in bevel geplaas van Operasie Soek-Die-Tas.

Justice!



’n Roetemars is nie lekker nie, het ek tog aangedui. ’n Roetemars in die nag is baie erger, veral as dit bewolk en donkermaan is. Oor die ruwe terrein by ons basis is dit ’n onversagte foltering. Terwyl jy nog so deur die oop veld loop, groei die klippe skielik voor jou uit die sand uit op. Al die plantegroei het nou doringe. Dis net sekelbos, kameeldoring en haak-en-steek waar jy vat of trap. Die dongas grou hulleself. Die weermag maak staat op jou kameraadskap om jou deur die taai tye te help, maar hierdie nag kan jy jou buddies nie sien nie want dit is te donker. Dis erg eensaam met soveel mense naby jou wat in die donker struikel en wapens laat val.

Hierdie vyf pelotone is, as deel van hulle grensopleiding, ingelei in die vreugdes van nagpatroillie. Ek en Piet Oghenaiz het die manne gaan voorlê (Is mos deel van ’n kapelaan se werk!) Eenhonderd-en-vyftig primagraad soldate, gekeur en gewerf in swart woongebiede aan die Rand, feitlik klaar met opleiding. Hierdie was manne wat Rambo na ’n dankietannie laat lyk het. Jy dink jy’s rof omdat jy ’n geweergraat uit die heup skiet? Hierdie manne skiet hom uit die oog! Hulle skeer nie gereeld nie maar as hulle dit doen, gebruik hulle ’n Weed-eater.

“When the going gets tough...”

Toe hulle ons pootjiefakkels trap, trek ons die MAG oop en skiet so ’n halwe belt rondtes hoog bo deur die takke van die mopanies. Het jy al gehoor hoe klink die supersoniese knal van ’n 7,62 NATO rondte van die verkeerde kant af? Wat sê hulle nou weer van “klaar gemaak”?

Toe hierdie GV's die skote en lawaai hoor van die hinderlaag wat oënskynlik deur driehonderd-en-sewentig Venters en Oghenaaize gemaak word, voer hulle met groot flinkheid 'n ingewikkelde taktiese maneuver uit. In militêre kringe staan dit bekend as "weghardloop". En as 'n man strategies terugval is die redelike ding om te doen om van oortollige gewig ontslae te raak. Stewels maak 'n man net stadiger.

Ek het met my eie oë gesien hoedat 'n man sy jumper-boots in twee magtige bewegings uittrek, sonder om spoed te verloor – en sonder om die veters los te maak.

Die volgende môre het ons 'n SAMIL 50 gevat om al die kit te herwin. Stewels en gewere, staaldakke en browns. Selfs 'n onderbroek of twee.

Elf manne het nie weer terugkeer nie.

"As dit die amie se houding wil wees..."



*They say that in the army
The food is so divine
A bun fell of the table
And killed a friend of mine...*



Die tantes van die volk, bless their souls, het soms uit jammerhartigheid die troepe in opleiding getrakteer met koekies en koeldrank. Hierdie gebaar moes paslik erken word. 1 SAI te Tempe het 'n troepekoor gehad wat die dames se harte week gesing het, en dan is Prof die Riller getaak om hulle mondelings te bedank. Sy eerste uit-die-vuis-uit toespraakie was so 'n sukses dat hy nooit enige rede gesien het om dit aan te pas nie.

“Napoleon,” het hy verduidelik “het mos gesê dat ’n weermag op sy maag marsjeer. Wel, na dit wat ons vandag beleef het, hierdie heerlike eetgoed, kan ek die moeders van ons volk verseker, ons is reg om ver te marsjeer, so ver as wat dit nodig is om te doen wat ons moet doen vir die behoud van ons volk en ons vaderland...”

Die tantes het so baie van die koor en dié toespraak gehou dat dit alles ’n ritueel geword het wat so gereeld plaasgevind het dat dit met opleiding begin inmeng het. Die koor sal sing, die tantes sal hulle sakdoekies uitwring, Prof sal vertel van Napoleon en die soldaat se buik en hoe ver hulle sal kan dril op die lekkernye wat die dames aangery het. (Dieetkundiges sal ongetwyfeld skepties wees oor die energievystelling van gemmerbier en soetkoekies.)

My ervaring is dat die amie dikwels nie soseer op hulle maag gemarsjeer het nie, maar as gevolg daarvan—in onbeplande formasies go-cart toe en terug. Tog het Napoleon sy kort, Korsikaanse vinger op ’n baie belangrike element van weermaglewe gelê: Kos.

Dit is nou meer as ’n dekade gelede wat ek my browns opgehang het. Ek loop gereeld manne raak wat morsig nostalgies is oor hulle diensplytyd. Hulle verlang na die kameraadskap en mis die avontuur. Meeste ag die onbesorgdheid van hulle militêre lewe en die malgaangoed wat hulle aangevang het, nou besonder hoog. Daar is selfs die enkele masochiste wat met heimwee terugdink aan die oppies en die 2,4’s en die roetemarse. Maar ek het nog nooit, nog nie eers ’n enkele keer, ’n veteraan ontmoet wat terugverlang na weermagkos nie.

Die weermag het probeer om klagtes oor die saak van die kos voor te spring – en die sjefs opgelei om die kos so voor te berei dat dit geen smaak het nie.

Die Eerste Venter in die Amie, my kleinboet, se eerste aandete was ’n gekookte aartappel. Een gekookte aartappel – en dit so ’n harde, wit, wasagtige bondeltjie smaakloosheid wat soos ’n vissoog in louerige, blouerige water gedryf het. Niks anders het die werklikheid van sy kort- tot mediumtermyn toekoms so tot hom laat deurdring nie. En na hierdie aandete (as ons dit met daardie naam kan vereer) het hy, volgens berekening, nog 729 gehad wat

moes volg! Was hý in die verkeerde plek..!

Nie dat die weermag afskeepgehalte kos aangekoop het nie. Intendeel, dikwels was dit die beste graad en snitte wat voorgesit is. Maar iewers tussen aankope en varkpan het daar 'n ongelukkige transformasie plaasgevind. 'n Biefstuk sal inklaar as 'n jong, ferm, ambisieuse stuk dieremateriaal. Nadat hy deur die sjefs geprosesseer is, was hy 'n afgeleefde, tam homp opgekookte vleis.

Een van hierdie prosesse, sekerlik hulle gunsteling, was wat ons konsekwente veroudering kan noem. Die gedagte was dat kosmateriaal 'n sekere ervaring moes hê voordat dit vir die troepe aangebied kon word. Hulle was nie seker wat vars brood aan die soldaat se gestel sou doen nie, maar hulle wou geen kanse waag nie. Daarom wag hulle dat dit lekker kraakvars is voordat hulle dit voorsit. Hulle was vasberade in hierdie metode maar –

...dit was nie waar hulle determinasie opgehou het nie. Kos is meedoënloos gekook om seker te maak dat daar geen lewe (wat skadelik kan wees) in oorbly nie. Sekerlik het dit ook gesorg dat al die voedsaamheid in die kos verdryf is – maar dit is maar die prys wat betaal moes word. Daar is die geykte storie van 'n sjef wat in radeloosheid uitgeroep het dat hy die eiers nou al vir vyf ure gekook het en dit nog nie sag gekry het nie. Ek glo hierdie storie want ek het nog nooit 'n gekookte amie-eier gesien wat nie blou is nie. Die verskil tussen 'n amie-eier en 'n muurbalbulletjie is dat jy langer kan kou aan die eier.

Hierdie weldeurdagtheid is nie tot individuele kossoorte beperk nie. Die weermag het kombinasies ontwerp wat 'n Engelse eksentrikus na sy asem sou laat snak het. Ek het eenmaal (en hierdie is die reïne waarheid) met middagete 'n toebroodjie met grondboontjiebotter en roereier daarop gekry. So het ons eenheid (soos meeste op die grens) geglo aan brunch. Dit spaar tyd en geld want daar is sodoende natuurlik net twee etes per dag. Omdat daar egter voorraad aangekoop is vir ontbyt én middagete, en niemand kon besluit watter een van die twee brunch nou eintlik is nie, kry jy die bestanddele van albei maaltye – gelyktydig. Op een bord. Daar is pap (met melk en suiker), vleis, roosterbrood, groente, rys,

soms spek-en-eiers, soms poeding, alles op een varkpan ingeskep. Dan moet jy eet asof jy vir alles plek het. Die volgende ete is eers vanaand. En bewaar die troep wat nie 'n varkpan het nie. Dan kry hy al hierdie kos in 'n dixie.

Die weermag het geen kosaangeleentheid aan toeval oorgelaat nie. Kos moes verkieslik louters gewees het – soms koud, maar nooit, ooit sou hulle dit warm opdien nie. Troepe, weet almal, eet soos varke en wie sou die blase in die mond behandel? En om seker te maak dat die troepe iets so onbenullig in hulle skedule kon inpas, is al die kos so twee ure voor etenstyd klaarberei. Dit gee dit kans om af te koel; om ordentlik louters te word in sulke vetterige, blouerige water. Soms het iemand wel 'n bevlieving gekry en die goed opgewarm om dit weer te laat afkoel. Dan is al die vog daaruit en is dit droog en soutig. As jy dit vir nog 'n halfuur laat staan, kan jy dit fynstamp en vir snuif gebruik.

Nee, ek dink ook nie met enige genot terug aan die kos in die weermag nie. Die etes was deurgaans kleurloos en smaakloos. Almal van hulle? Nee, daar was een uitsondering, 'n koningsmaal wat onverwags op my gewag het toe ek teruggekom het van buiteposbesoek.

Dit was my lot in die lewe om eenmaal 'n week 'n buitebasis te besoek. Dis op pad terug van so 'n uitstappie wat my Land Rover tyd en ruimte met 'n SAMIL 20 gedeel het – moewiese ongeluk. Weet jy hoe groot is 'n SAMIL 20 skielik van onder uit 'n Land Rover gesien? My Gharrie is op die toneel gelos, waarskynlik as 'n waarskuwing aan ander personeel om nie aan die linkerkant van die pad te ry in die omgewing van ander weermagvoertuie nie (links en regs synde 'n problematiese beginsel vir amiedrywers te wees). Ek is in die SAMIL terug basis toe. Behalwe vir 'n sny oor my oog, het ek boonop nog met die slag 'n hap uit my tong gebyt.

Toe ek by die basis kom, is ek net betyds vir aandete. Heerlike, geurige, sagte biefstuk (medium to rare), brosgebraaide aartappels, rys met speserye en soetsuur botterbone. Dis is die eerste – en enigste – smullekker ete wat die S.A.W. ooit vir my opdien het. Wie die chef was en wat gelei het tot sy helder oomblik, het ek

nooit uitgevind nie. Dit was nie belangrik nie. Ek kon in elk geval nie die kos eet nie.

WANT MY MOND IS TE SEER!



Met dit wat ek hier vertel het in gedagte, is dit nie vergesog om te sê dat die enigste vars kos wat ek in die weermag ingeneem het 'n deel van my eie tong was nie. Sulke dinge gebeur.

Sit 'n groepie rowers by 'n infanterie-eenheid in 'n kringetjie, skiet spek en eet biltong. Die biltong is 'n lang, dik, breë lap vleis. Dit is 'n vrolike aanganery, vol geskerts en skaterlag, waarvan twee skutters, Douw Venter en André Vorster, die voorbokke was. Die troep wat die minste lag, vat die gemeenskaplike knipmes en sny 'n paar gervies biltong in die mandjie in en die res help hulleself. Dit sou alles maar net 'n biltongetery gewees het as skutter Venter (nie familie van hierdie Venter) nie so aan die lag geraak het terwyl hy besig was om biltong te kerf nie. Met die geskud van sy lagbui, sny hy die tippie van sy duim af. Hy is so geskok dat hy nie 'n geluid maak nie.

André Vorster, aan die ander kant, het weer so lekker gelag dat hy nie die verwonding bemerk nie. So tussen die lagtrane deur, het hy darem genoeg krag oor om homself aan die biltong te help. Daar is veral so 'n halfmanerigheidjie wat na 'n besondere lekker stukkie vet lyk.

En voor die gekweste se geskokte oë eet sy boesemkameraad die punt van Douw Venter se duim.

Maar André se kosprobleme het net daar baie meer kompleks geword.

Want daar word net nie behoorlik voorsiening gemaak in die S.A.W. vir 'n nuutbekeerde vegetariër nie.

Vir die man in die veld op die grens was daar drie spyskaarte, maar hy kon nie kies nie. Hy moes eet wat hy gekry het (hoewel dit dikwels meer 'n geval was van dat hy nie kon eet wat daar nie was nie). Hierdie voedselverskynsels was

- rantsoenpakke
- droë rantsoene
(en almal se gunsteling)
- nat rantsoene.

Die algemeenste bron van spyse was rantsoenpakke – die veelbesproke ratpack. Eintlik, nou dat ek daaraan terugdink, was ons ratpack-etters nie sleg daaraan toe nie. Die samestellers daarvan het daarop geroem dat dit genoeg voedingsware bevat om 'n man vir 'n dag aan die gang te hou (mits hy nie seconds verwag nie.)

'n Ratpack kom in 'n plastiekoortrekte bruin boks, min of meer so groot en so swaar soos 'n naslaan-Bybel. Daar is 'n verbasende hoeveelheid en verskeidenheid kos in die ding. Daar is drie piepklein blikkies kos, 'n dosie aanmaakpap, 'n buisie kondensmelk, 'n worsie geprosesseerde kaas, twee energiestafies (allerweë bekend en bemin as Tarzan Bars), twee pakkies Super C suiglekkers, kougom, doggies, sakkies tee en koffie, 'n pakkie vuurhoutjies en 'n paar brandstoftablette wat almal “esbits” genoem het.

Die fyn waarnemer sal dadelik opmerk dat die meeste van die disse van die aanmaaksoort was. En as iets aangemaak moet word, is water van onmisbare belang. So, al weeg die kos nie te baie nie, was dit 'n infanteris se dilemma dat hy baie kilogramme se water op patrollie moes saampiekel – om die ligte kos mee aan te maak. (Laaste wat ons gehoor het, was daar 'n gerug dat die Weermag se boffins besig was om te eksperimenteer met aanmaakwater. Soos ek verstaan sou dit 'n sakkie onsigbare poeier gewees het wat jy met water aanmaak.)

Vir die doel van aanmakery (vir die melkskommels en koeldranke) is langwerpige plastieksakkies voorsien. Die innameproses het 'n sekere behendigheid vereis. Jy gooi die poeier

en die water in die sakkie, knyp die oopkant toe en skud behoorlik. Wanneer die oplossing versadig is, laat jy die sakkie soos 'n druiwetros bokant jou mond hang, jy lê jou kop agteroor, byt 'n gaatjie in die onderste hoek van die sakkie en spuit die drinkware in jou mond in. Heerlik!

Alles inaggenome het rat packs gesorg vir 'n heel genoegsame, en by tye selfs aangename, dieet. 'n Byvoordeel was dat dit beplanning en handewerk gekos het om dit voor te berei. Hierdie kosmaakrituele het gedien om jou aandag van die feit af te lei dat jy op 'n onherbergsame stuk aarde saam met 'n aantal ongeslypte stukke erts in diens van die S.A.W. was. Sommige lede het heel behendig geraak met dié kosmakery. Daar is sekere kenners wat reken dat Prof se mince and noodles-corned beef hash-en-kaas ghoelasj,, bedien met kondensmelk-en-koffie kitsskommel kulinêr vergelyk met enige iets wat die Ritz in Parys ooit opgedien het.

Sommige elemente van die ratpack was minder suksesvol en is meestal as oorbodig beskou. Kougom byvoorbeeld. Ons praat hier van sulke plat teëltjies pienk ghoel. Daar was net een geur – Mislike Musk. Siende dat jy dit nie mag insluk nie (om geknoopte derms te voorkom) en dit omtrent net met suiker gegeur was, is die voedingswaarde daarvan te betwyfel. Dit het darem die oopmondkouers baie Rambo laat lyk, so daar is 'n voordeel te bespeur. Maar wat van die doggies? Niemand het die goed geëet nie. Jy kan dit vir 'n hond voer om hom te paai as jy 'n P.B. se kraal betree, maar dit is nie sonder risiko nie. Die hond kan in sy waardigheid aangetas voel en jou byt. Dit is wel as 'n speelding in die frisbee-klas gebruik, maar as kos was dit nie 'n groot sukses nie.

Weerskante van ratpacks, goed en sleg, was nat rantsoene en droë rantsoene. Nat rantsoene was koningskos, die hoogtepunt van militêre gourmetkuns. Met “nat” het hulle die voorrade wat bederfbaar is soos brood, vleis, melk en (ongekookte) eiers bedoel. “Nat” rantsoene was so skaars soos sensitiewe sammajours.

Droë rantsoene, aan die anderkant, het 'n wolk oor die mees optimistiese gemoed getrek. As “nat” rantsoene bederfbaar was,

was “droë” rantsoene die goed wat vir ewig moes hou en dit het eintlik maar net uit blikkieskos bestaan.

Dit was met droë rantsoene – blikkieskos – waarmee die lede vir ’n weeklange oefening in die veld moes klaarkom. Die beplanning is deur ’n stoorman agter op ’n sigaret-dosie gedoen totdat sy Bic-pen se ink opgeraak het. Toe raai hy maar sommer wat hy dink die manne sou verbruik (Die oorskot het hy vir drank geruil by ’n Cuca-shop). Dit het gou duidelik geword dat daar nie voldoende voorraad is vir ’n week se gebruik deur die vegspan nie. Die telrame is uitgehaal en na ’n dag, ’n aand en ’n oggend se berekeninge is dit bekend gemaak dat daar een blikkie kos vir elke drie manne per dag is. Die rantsoene is daarvolgens ge... nou wel... gerantsoeneer.

Die uitdeel van hierdie oorfloed het nie sonder komplikasies geskied nie. Daar was te veel van sekere soorte en te min van ander soorte blikkies. Oplossing: Skeur die etikette van die blikke af en laat die ouens hulle kanse vat. Maklik. ’n Man kan tog nie protesteer oor iets as hy nie weet wat dit is nie.

Etenstyd was skielik nie meer glanspunt wat dit altyd was nie.

En soos altyd, wanneer die manne hongersnood in die gesig staar, is daar net een ding waaroor hulle kan praat: KOS. Hulle praat van hamburgers en chips, pizza’s, varkribbetjies, warm brood met botter wat daarin smelt, bobotie en geelrys, roomys en wafels en swaar borde boerekos, braaivleis, gevulde aartappels, gebraaide sampioene, slaai, vetkoek, lasagne, yskoue glase melk, gemmerbier, bier...

Nie lank nie of die rang kon die tekens lees. As hulle nie gou spring nie, los die manne hulle net daar in die veld en dan kan die rang maar self die oefening klaarmaak.

’n Noodsein word soos ’n desperate gebed H.K.-waarts gestuur.

Nog ’n dag gaan verby. Die manne se oë begin styf staan. Hulle mompel as hulle eet; begin rondkyk en maak sulke gromgeluide. Hulle is vinnig besig om oor te skakel na die oorlewingsmodus van die oermens. Kannibalisme begin as ’n werkbare opsie oorweeg

word. 'n Man wat vir die derde dag in 'n ry ('n derde van) 'n blik ingelege groenboontjies vir sy dagmaal gekry het, begin in 'n fyn stemmetjie praat met 'n denkbeeldige maatjie wat hy "Roberto" noem. Tyd word min.

Nie 'n oomblik te vroeg nie, gooi die H.K. 'n reddingslyn. 'n DC3 van die lugmag word getaak om rantsone – nat! rantsone – vir die manne af te gooi. Optimisme slaan op soos kosmosblomme langs 'n snelweg. Kliere spuit speeksel in die manne se monde terwyl hulle wild spekuleer oor die fuifmaal van vleis en brood en miskien melk wat op hulle wag. Van die meer roekelose, alles-of-niks manne, staan hulle porsies aan makkers af. Hulle sal wag.

Die Groot Dag is toe sommer ook 'n Sondag. Die manne vorm 'n oop laer langs 'n stroompie water wat hoop om eendag 'n rivier te word. Daar wag hulle. Die spanning begin oplaai en gerugte skarrel soos vlooië oop 'n Chihuahua. Die Dakota kan eers Woensdag kom. Die Dakota kom glad nie. Dit is alles deel van geestelike opleiding. Die rang wil sien...

Maar die Dak kom. Lank voordat hulle die vliegtuig kan sien hoor hulle die onmiskenbare gedreun van die groot Pratt & Witney-motore. Dan kan hulle hom sien. Hy vlieg laag; moet van al die nat rantsone wees wat hy dra. Vleis en brood. Dink net aan die brood. Nooit gedink 'n mens kan so verlang na 'n dik sny stapelvoedsel en 'n appelkooskonfyt nie.

Rookfakkels word gebreek. Nie dat dit nodig is nie. Die Spare Force-piete weet mos die bokkoppie is langs die stroompie.

Die Dakota maak so 'n lang, lui draai en waggel in vir besigheid. Die ladingsdeure gaan oop en groot donker pakke stort uit die vliegtuig uit, tol holderstebolder en dan gaan die valskerms oop en sweef af soos massiewe perdeblomme. Manna, letterlik uit die hemel.

Die manne juig uit een verhongerde keel. Die valskerms val reg in hulle rigting. Dit gaan duidelik nie eers ver van die stroompie val nie. Dit gaan glád nie ver van die stroompie...

Die juigsang verstil as eers die een en dan die res van die pakke grasieus in die water stort. En omdat die rantsone hoofsaaklik uit

brood bestaan is die enigste teken van die manne se beloofde fees 'n paar kummels wat stroomaf dryf.

En jy, jy praat van nat rantsoene?



Die enigste twee lede wat hierdie misgooiery van die Dak met 'n mate van geestesgesondheid oorleef het, was twee drywers wat verdwaal het. Hulle kom 'n kantientrok teë wat ook nie weet waar hy is nie. Die twee gevegdrywers koop die trok se hele voorraad sjokolade en koeldrank. Op rekening. Tien jaar later kon nie een van die twee al 'n Caravan-stafie of 'n Miranda Orange in die oë kyk sonder om naar te word nie.



Alles is relatief en een man se vervelige kos is 'n ander man se feesmaal. Die manne het sommer meer respek vir 'n ratpack gekry toe hulle eers sien hoe gretig die P.B.'s was om 'n hele bees vir een te verruil.

**‘N
GEKKNERS
VAN
TANDE**

Gatslag!

Die Buffel was 'n goedkoop, doeltreffende antwoord op die S.A.W. se behoefte vir 'n landmynbestande boskar.

En die ding is haas onstuitbaar.

Daar was min of meer net twee dinge wat 'n Buffel kon omkeer:

'n Hopelose of oorentoesiastiese drywer of 'n TM-57 anti-voertuig myn.

Hierdie keer was die drywer onskuldig.



MAMPA'S EN MOTORS

Hulle sê mos voordat 'n Amerikaner hierheen kom, hy gemaan word om versigtig te wees. “South Africa is lion country,” word hy ingelig. Dan daag die arme drommel hier op, erg op sy hoede teen die leeus wat in die strate loop. Ons almal wat hierdie storie gehoor het, lag lekker daaroor. Enige leeu wat dit in Johannesburg se strate waag sal daar uitkom met gerolde sakke en 'n dwelmgewoonte.

Die Weermag se hooggeagte instrukteurs het ook van “leeuwêreld” gepraat. In hulle geval was dit die operasionele gebied waarna verwys is. Daarmee bedoel hulle dat die grens 'n harde wêreld is. Dit mag miskien al wees wat hulle in gedagte gehad het, maar in die omgewing van ons basis was daar rêrige-êrige leeus en as jy in die veld is, laat die gedagte jou kriewelrig en dit is asof Vuilbaard se skim reeds jou spoor gevat het.



In die ensiklopedie weeg 'n uitgegroeide leeumannetjie sowat 260 kilogram. Sien jy hom in die veld, meet jy sy gewig in tonne. Hy is drie keer so groot en vyf keer so woes as wat hy in jou drome verskyn het. Vra maar vir ons eie stafsersant Mampa.

Sy verwagte tyd van aankoms in die basis was 23h00, maar net os skuins voor 08h00 die volgende dag stoom hy die kamp te voet binne. Hy is 'n lang man op 'n horisontale manier – bonkig is nie die woord nie. Hy is natgesweet en sy oë is so groot en so rond soos botterklappers.

Sy storie is een van daardie ek-is-bly-dit-het-nie-met-my-gebeur-nie episodes. Die man se motor het so vyftig kilometers

van die eenheid af gaan staan. Daar was niks anders te doen nie, en stiptelik om 22h00 sit hy sool op pad. Staf Mampa is 'n goeie, soliede infanteris. Hy is atleties gebou op 'n gewigstootmanier eerder as 'n naelloopmanier.

Na 'n uur se sleep, teen honderd passe per minuut, het hy al 'n goeie klompie kilometer gevorder. In die helder maanlig kom hy op 'n karkas af van 'n dier wat deur 'n voertuig getrap is. Eers lyk dit nie na iets groterigs nie, maar hoe nader Mampa kom, hoe groter lyk die oorledene. Niks om hom oor te ontstel nie – totdat hy die dier sien wat aan die karkas vreet. Mampa is 'n bosveldboorling. Hy het al tallose vleisetters sien aansit vir 'n ete van bene en derms. Hy ken jakkalse en hiënas en selfs rookatte. Hierdie is nie een van daardie nie.

Dit is die grote, sweer Mampa. Leeu. Mense van regoor die wêreld kom na Afrika om te sien hoe Koning Leeu met sy kos omgaan. Hulle vind dit vreemd roerend. Dit is egter nie – en vat Mampa se woord daarvoor – iets wat jy in die maanlig, alles op jou eie, te voet, wil sien nie. Wie sê meneer Leeu het genoeg geëet? Miskien het hy nog so 'n leë kolletjie op die maag. Net groot genoeg vir 'n stuk homo sapiens saam met sy koffie. Mampa en Frisco. Brrrp!

Die pad, gewoonlik besig, is nou stil. Soos die graf. Graf. Mampa kan in sy gedagtes sien hoe hulle die hopie bene, sy volledige oorskot, langs die pad in 'n skoenboks begrawe.

'n R1. Hy sou al sy strepe gegee het vir 'n stuk ongepoetsde amieroer. Al wat hy by hom het is 'n dankietanniemes met 'n gebreekte lem.

Die gedierte staan sonder waarskuwing op en verdwyn soos 'n spook in die nagbosse in. En as 'n leeu, wat jy kan sien, jou kriewelrig laat voel, gee die een wat jy nie kan sien nie, jou die algehele horries. Mampa onttrek van die toneel. Sy treë is langer as voorheen, en daar is meer van hulle. Nie lank daarna nie, kom hy agter dat hy agtervolg word. By Mampa kan daar geen twyfel wees nie. Dit is die leeu.

Was daar regtig 'n leeu? Ons sal nooit weet nie. Selfs in daardie

deel van Afrika is leeus nie te volop nie. Nou, ek en jy, in die helder daglig, kan wonder of dit regtig 'n leeu was. Het iets hom regtig gevolg? Ons kan miskien vir die man lag of hom terg. Die feit bly, met sy dik lyf het hy amper sestig kilometer in vyf ure geloop.

Na die ontydige afsterwe van my Land Rover is 'n 4x4 Nissan-bakkie aan my toegedeel. Dié vierwielpoging het heel gerieflik gery, maar ek dink tog nie dit is een van die produkte waaroor die Nissan-mense te trots kan wees nie. Hulle het daardie jare baie gepraat van die “onvernietigbare enjin”, wat alles goed en wel was, as jy geweet het die bakwerk gaan ingee lank voor dié grootpraterij getoets kan word. Dit is veral in die modder wat die ryding te lig bevind is. As hy eers in die goed is, lawaai hy baie en doen min. Daarom ry ek so 'n ligte wenasaffêretjie saam, 'n implement wat in die volksmond bekend is as 'n “come-along”. Jy ken hom mos – die staalkatrolletjie met die slinger en diviermeterlange staalkabel.

Ek het vroegdag my bakkie by die tiffies gaan haal. Hy was daar omdat ek gekla het hy is te swaar op petrol. “Maak 'n plan,” was my opdrag aan hulle. So 'n fout maak 'n ou net een keer. Want sien, toe maak die latte 'n plan.

Die omvang van hulle planmakery was nog aan my onbekend toe ek vertrek het. Hierdie ritte van my na die buitebasisse het moontlik my grootste lekkerkry in die weermag uitgemaak. Soos enige Afrikaner het ek 'n liefde vir die veld, en dit lê baie diep. Veral op 'n dag soos hierdie een, want die water het te swaar geword vir die vet wolke en dit reën sporadies van vroegoggend af. Gewoonlik is daar heelwat wild op my roete, maar hierdie dag mis ek hulle. Skuil vir die reën, neem ek aan (waarin weet ek nie).

Ek kan nie anders as om deur 'n hele reeks modderplasse te ry nie en uiteindelik is daar een wat breër, langer en – helaas – dieper as al die ander is. Met 'n sug, soos 'n ou hond wat sy lê kry, val die Nissan tot by sy aste in die modder vas. No probleem! Ek skakel bloot oor na vierwieldryf. Sommer so sonder om uit te klim. Net 'n flinke beweging van die ratkierie en ek is uit. Laat die Japanner die werk doen.

Maar ek het nie rekening gehou met die innoverende denke

van die manne met die weerligbeslaande perd op die beret nie. Die meganiese verteenwoordiger van die Land van die Opkomende Son roer nie sy lyf nie. Hy skrou net “banzaiiiii!” en gooi sulke wye, hoë moddersuile met die agterwiele hoog die lug in. Ek lig my voet van die versnellerpedaal en die enjin se histerie versag tot ’n selfbejammerende geluier. Wat kan verkeerd wees? Het ek dalk vergeet om die vryloopnawe te sluit? Onmoontlik. Ek is ’n ou Jeepman wat al ver gekom het met freewheel hubs.

Ek klim uit om ’n eksterne perspektief op die vassittery te kry. Die modderpoel is so groot dat ek in die middel daarvan uitklim. Ek plons deur die modderwater om die naaf te ondersoek. Die verstelling is duidelik op “LOCK”. Geen verrassing daar nie. My oog val op die voorste dryfas (propshaft, vir julle F.A.K.-manne.) Herstel. My oog val op waar die voorste dryfas sou gewees het as daar hoegenaamd een deel was van die bakkie.

Kennis kom soos ’n lenteson in my op. Natuurlik! As die dominee kla sy bakkie is te swaar op petrol, haal die tiffies die dryfas af. Hoe ligter die voertuig, hoe verder kom hy op ’n liter brandstof. Buitendien, as die priester te veel – enigsins – in vierwieldryf ry, sal die bakkie noodwendig dors wees. Wat wel ’n kapelaan met vierwieldryf maak? Het Sarel Cilliers miskien een by Bloedrivier gehad? Het Charlemagne oor een beskik? Of Johanna van Arkel? Olivia Newton John se Cadillac het nie vierwieldryf nie en wat goed genoeg is vir die Neutron Bomb is goed genoeg vir luitenant P.A. Blienkieng Venter.

Dit is nou ek en die wenas. Ek maak die come-alongtjie se een punt om ’n groot boom vas en haak die ander punt aan die bakkie se voorste buffer. Ek begin die slinger draai. Die kabel trek styf en die bakkie begin duim, vir trae duim, vorentoe beweeg. Dis harde, stadige werk maar as die Japanner te moeg is om self daar uit te kom, moet die Boer maar hand bysit. Ag nou ja, so erg is dit ook nie. As daar een ding is waarvan ’n mens oorgenoeg in die weermag het is dit tyd.

So staan ek en sleep my bakkie op my eie tyd uit die modder uit. Nie te ’n onaangename tydverdryf nie. Die reën het eers

smoke break gevat en die sonnetjie skyn hartlik – indien ietwat skamerig – tussen die boude van groot, swart wolke deur. ’n Paar neushoringvoëls doen ’n tipiese noodlanding in ’n boom naby my, vanwaar hulle sit en grinnik vir my pogings. Ja-nee, die ondervinding het sy kompensasies en ek werk heel opgewek voort.

Totdat my oog op die yslike leeuspoor neffens my val.

Die opgewekte fluit wyk van my lippe. Hierdie kat se spoor is so groot soos ’n halwe varkpan en so vars die watertjies syfer nog so stadig daarin. Hierdie dag is nou nie meer pret nie. Die neushoringvoëls het baie te sê. Hulle kan maklik praat. Ek is die een op die grond. Ek is die een sonder vlerke.

Anders as Mampa het ek ’n R1 by my. Weet jy hoe moeilik is dit om ’n come-along met die een hand te werk terwyl jy ’n roer in die ander een hou? Ek en die wenas sleep die Japanner uit daardie modderput uit asof hy van karton gemaak is. As jy dink ou Mampa het ’n goeie snelheid gehandhaaf omdat hy vermoed het ’n leeu loer vir hom, moes jy gesien het hoe wen ek die toere met daardie slinger op vir dieselfde rede.

Ek het van daardie dag af somer hope meer respek vir Nehemia en sy manne en hulle troffel in die een hand en spies in die ander een.



Wie ore het...

'n Kenmerk van die S.A.W. was die manier waarop Staandemagdele en Nasionale Dienspligtigs skouers moes skuur.

Die P.F.'s het die planne uitgedink en die D.P.'s het die ding gedoen.

'n Toneel soos hierdie was 'n alledaagse toneel op die Grens:

'n Plan is gemaak en 'n offisier verduidelik vir die troepe wat dit is wat hulle moet doen.

As dinge verkeerd gaan sê die Rang dis omdat die troepe nie mooi geluister het nie en die troepe sê dis omdat die Rang nie mooi verduidelik het nie.

CRUISERS EN KRYGERS

In die weermag loop 'n bevel, nes moeilikheid en ander onwelriekende goed, afdraande.

Iewers in die diepste binnekamers van die hoogste Olympus van die weermag kan 'n idee – 'n plan – in die hart van 'n generaal verrys. Hierdie mees minuskule, abstrakte ratjie wat begin draai sal die hele leviatanse masjien opstart en uiteindelik is daar duisende troepe besig om wieweetwat met miljoene rande se krygstuig Wieweetwaar aan te vang.

Die roete wat hierdie gedagte volg, van impuls tot operasie, vanuit die wasigheid van die generaal se verbeelding tot by die hande van die troep wat die werk doen, is alles volgens die bevelskanale. Die generaal tree tog nie 'n troep aan en vertel hom wat moet gebeur nie. So 'n brandende-bos ervaring sal straks te veel wees vir die skutter se gestel. Generaals is so verhewe dit is asof hulle 'n heel nuwe inkarnasie is van halfmens, halfmasjien, halftokkelos (wese-en-‘n-half kan jy sê) wat in Morse Kode praat.

Die generaal, blosend van opgewondenheid oor sy skerp idee, gee 'n bevel aan 'n persoon dat hierdie plan uitgevoer moet word. Hierdie persoon is self te verhewe om dit uit te voer, en hy beveel 'n lid met 'n laer rang om dit te doen. Daar is baie range tussen die vindingryke generaal en die onderbetaalde troep wat die werk doen en dit vat baie hand-tot-hand bewegings voordat die bevel onder aankom. Aan en aan gaan dit; af en af; deur die generaal se staf af tot by divisiebevelvoerder en brigadebevelvoerder totdat dit die eenheidbevelvoerder bereik wat dit deurstuur vir sy 2IB wat dit aangee vir 'n kompaniebev vanwaar dit na 'n pelotonbev, 'n pelotonsersant en uiteindelik 'n seksieleier gaan wat vir 'n troep order om te volunteer om die opdrag uit te voer.

As hierdie plan behels dat 'n trok van punt A na punt B moet gaan, verwissel dit van die abstrakte tot die daadwerklike wanneer die drywer die aansitterknop van die SAMIL 50 trek. Die plan is eers 'n sukses as genoemde trok by genoemde punt B sou opdaag. Sou die drywer se breinsel egter uitshort tussen punt A en punt

B, en hy foeter die lorie in 'n sloot en stel dit so buite aksie, faal die generaal se meesterplan. 'n Puls van verduidelikings gaan dan in dieselfde kanaal terug, van onder af boontoe, van die troep af deur die seksieleier, pelotonsersant, pelotonbevelvoerder, K.S.M., kompaniebev en adjudant totdat dit weer by die generaal opdaag. Die generaal sal 'n onmiddellike toorn beleef en allerhande onheil aan sy onmiddellike onderdaan belooft wat heel gebelg sal voel dat dit nie hy was wat na alles sy hande op die SAMIL se stuurwiel gehad het nie en hy gee die gramskap aan ondertoe. So word die kommunikasiegeleiding omgekeer en die wraak vloei deur die kanaal al die pad af totdat die seksieleier die drywer met 'n sleepstang al om die basis jaag.

Dit is hierdie stelsel wat die hele kolos aan die gang hou. Dit is (natuurlik!) nie sonder swakplekke nie. Opdragte vereis verantwoording; mislukkings word beloon met vergelding. Wanneer die spreekwoordelike lorie in die afvoersloot beland, moet daar vasgestel word wie is die pateeet wat ge-links het toe hy moes geregs het. Koppe moet rol en sodoende funksioneer die weermag te dikwels met koplose personeel. (Hierdie soeke na 'n sondebok beïnvloed nie die troepe nie. Alles is buitendien altyd hulle skuld. En natuurlik, hulle het min dae en – anders as die PF's – klaar hulle een van die dae uit en, soos enige ouman troep kan verduidelik, min dae maak alles reg.)

Maar die staande mag offisier het nie min dae nie en hy word gereger deur die aansprake van Die Loopbaan. Die dag wat hy as 'n loopneus groentjie op die stippellyn teken en by die Staande Mag aansluit, verrys 'n nuwe meester in sy lewe, 'n slawedrywer wat algehele en stiptelike onderdanigheid wil en sal hê: Die Loopbaan. Dit is kenmerkend van 'n militaris dat hy doelgerig is, dat hy 'n strategiese mikpunt het. 'n Kenmerk van die S.A.W. in die sewentigs en tagtigs was die kordaat, selfversekerde, stywe-ruggraat jong junior offisier – skraal, borselkop, paraat – wat 'n obsessie het met sy loopbaan en 'n pantserstaal sekerheid dat alles volgens stroomdiagram en reg op skedule sal verloop. Hy is so seker van die uiteindelijke sukses van sy loopbaan omdat hy belê

het in 'n transaksie met die hele militêre masjien: Die S.A.W. gaan van hom 'n generaal maak want hy is bereid om die regte offers te bring. En so voer hy sy ywer, sy belangstellingvelde, sy gesinslewe, sy lojaliteite, alles, deur die gapende smoel van die onversadigbare Molek: Die Loopbaan.

Sy onmiddellike probleem is dat hy maar een van duisende junior offisiere is en dat elkeen van hulle net so doelvas is soos hy en elkeen sy Loopbaan met dieselfde onblusbare ywer dien. En net een uit 'n duisend sal uiteindelik 'n generaal word. Die bopunt van die piramide is baie spits en daar is plek vir net die beste. Daarom is hy ook van meet af nie net in diens van Die Loopbaan nie maar ook in genadelose, darwiniese, wedywering met sy mede-offisiere.

Dit alles bring mee dat 'n offisier homself op twee fronte moet beskerm. Noord van hom is sy seniors wat, in geval van mislukking, hulle bes gaan doen om hom en sy loopbaan vir hulle (en derhalwe die S.A.W.) se beswil op te offer. Aan sy suidekant is sy onderdane wat, glo hy onwrikbaar, hulle jaloerse oë op sy pips en sy kantoor het en wat die beste plan uit die hoogste kantoor sal verongeluk, net om sy loopbaan te belemmer.

'n Offisier in die weermag, enige weermag, voer daarom merentyd 'n skisofreniese en agterdochtige bestaan. Hy probeer meeste van die tyd in twee rigtings gelyktydig kyk.

Vir die insae van die jurie, julle my liewe lesers, bied ek bewysstuk S.A.W. 11/86-PF660 aan: Die vertoning van die K.G.B., dié dag wat ons gehoor het die rivier kom af.

Dit is rivier soos wat ons dit in Droër Afrika leer ken het. Dit het nie altyd water ingehad nie maar met genoeg reën het dit in 'n ommesientjie in 'n grommende, monsteragtige, snelskeurende vloedpyp verander. Nadat 'n wolk in die omgewing gebreek het, was dit sulke tyd. Ons ontvang 'n berig dat daar van die Plaaslike Bevolking vasgekeer is op 'n eilandjie in die middel van die rivier. Die water stoot teen tempo hewig op en die mense gaan verdrink.

'n Sersant en 'n korporaal word na die dreigende rampgebied gestuur vir 'n op-die-toneel inspeksie. Hulle keer na twee ure terug. Hulle rapporteer dat daar 'n skielike vloed plaasgevind het en

dat 25 mense op 'n eiland vasgekeer is. Hulle loop gevaar om te verdrink. Die sersant, ondersteun deur die korporaal, beveel aan dat 'n helikopter gestuur word om die mense na veiligheid te bring.

Net daar skop die bev se Gluteus Maximus-bedeekkingsinstink in. 'n Man in sy posisie, oortuig hy homself, kan nie sommer net 'n helikopter laat invlieg nie. Sê nou die woer-woer kom by die eiland aan en daar is na alles geen gevaar van oorstroming nie? Nog erger, sê nou die Spare Force kom daar aangevlieg – hot-shot chopper pilots in vlugoorpakke, kaarte op die knieë, yskoue Ray Bans op – en die P.B.'s het sommer na die oorkantste wal geswem? Hy het dan een van die mees vernederende mistappe in die ganse weermag begaan: Hy het oorreegeer, opgetree soos 'n senuweeagtige snotneusloeiie. Hy is duidelik nie uit die plaat gesny waarvan geharde, besliste lede van die generalestaf gemaak word nie. Iemand gaan 'n neerhalende verslag oor hom, die K.G.B., skryf. Wat 'n risiko, en dit alles op grond van twee onderoffisiere se mening!

En, verbeel hy hom, of is dieselfde sersant darem deesdae oorvriendelik met die K.G.B.? Soos iemand maar is, net voordat hy die dolk in jou rug versink.

Die bev vat nie kansie nie. Hy gee opdrag dat twee luitenantte moet gaan kyk. Twee ure later is hulle ook terug. Daar is 25 mense op 'n eilandjie, verduidelik hulle. Daar is nou net staanplek oor en die P.B.'s loop gevaar om te verdrink. 'n Helikopter moet gestuur word om hulle te ontruim.

Die bev se paranoia loop nou so dik soos gouestroop. Hy laat kom die 2IB en die uwe. Hy brom oor die onbetroubare aard van junior offisiere en hulle geneigdheid om alles alewig te oordryf. Hy wil hê ons moet gaan kyk. Die 2IB is immers 'n gesoute kryger en 'n kapelaan behoort vertrou te kan word om dinge te vertel soos dit is.

Na twee ure se gespartel in die modder keer ons terug na die boesem van die eenheid. Die inhoud van ons verslag is ondubbelsinnig en eenvoudig genoeg: Daar is 25 mense styf op mekaar op 'n eiland in die middel van 'n malende en stygende rivier.

Die enigste manier om hulle te red is per helikopter.

Die bev slaan 'n hand teen sy voorkop, rol sy oë ten hemele en maak sulke “Et tu Brute”-geluide. Kan hy dan niemand vertrou nie? Moet hy alles self doen? Hy storm uit sy kantoor uit. Hierdie hoofman oor 'n duisend sal dan blienkiengwel self gaan kyk. Die twee ure later is hy terug, erg onstuimig. Het die korporaal, die sersant, die luitenant, die 2IB en sy eminensie die kapelaan dan geen verstand en niks oordeel nie?

Dan beveel hy aan dat die 25 mense per helikopter ontruim moet word, want die water is nou so hoog dat daar onmiddellike gevaar bestaan dat hulle gaan verdrink!



Die ou Suid-Afrika, verduidelik hulle vir ons, was 'n slegte plek.

Ons weet, ons weet. Maar dat dit so sleg met die mense daarin gegaan het dat dit miljoene rande gekos het om die desperate, onwettige immigrante van die werkersparadys buurlande om ons daaruit te hou...!



Vir 'n student van paradokse is die weermag 'n ware Universiteit van die Lewe. Dit is die een teenstelling op die ander.

Hier kry jy groot manne met klein range en klein manne met groot range. Jy mag nie dronk word as jy 'n soldaat is nie, maar by elke eenheid is daar volop drank en dit is goedkoper as koeldrank. Daar word volgehou dat die manne op die grond (die troepe) die belangrikste lede in die mag is, maar hulle word mishandel en afgelag. Dis om van te lag met 'n traan.

Vat nou maar net die bestaansfilosofie van die infanterie: *Si vis pacem, para bellum* – wie vrede wil hê, moet homself regmaak

vir oorlog.

Daar word gekla oor brandstofverbruik, maar 'n troep op die grens word 200 kilometer in 'n SAMIL 100 gestuur om brood en sigarette vir die PF's te koop. Orals maan plakkate dat daar spaarsamig gewerk moet word – maar op Oshivelo word 16,000 liter diesel in die veld uitgepomp om papierwerk minder te maak.

'n Troep – en hierdie is 'n ware geval – word teen honderde duisende rande opgelei as 'n lugafweerkanonnier, en dan word hy na 'n administratiewe eenheid in Pretoria afgedeel om rekwisitiesvorme te liasseer.

Tydens Bestuur- en Onderhoudopleiding word twee kosbare weke afgestaan om vir die aspirantdrywers in vervelige detail te verduidelik hoe werk 'n vergasser. Dit word afgesluit met die duidelike boodskap dat enige drywer wat dit sou waag om 'n hand op 'n vergasser te lê, aangekla sou word. Dieselfde drywers word grens toe gestuur met 'n groot totaal van agt ure se ondervinding in 'n Ratel, omdat die kursus te kort was om vir hulle meer praktiese opleiding te gee. Die tyd is so beperk as gevolg van die lang lesings oor vergassers.

As kapelaan was dit altyd vir my vreemd hoe gretig almal was om vir my drank te koop. Hulle smee later vir die voorreg. Ek weier. Eers dink hulle dit is kleingeestig van my en dan probeer hulle my weiering bespotlik maak. Hulle sal baie geld uitlê om vir my alkohol te koop, die vrygewige krygsmakkers. Maar vir my koeldrank moet ek self betaal.



En die hoogtepunt van hierdie paradokse? In die uitdrukking: Militêre Intelligensie. Natuurlik.



Kaptein du Preez was daardie rara avis – ’n beroepsoldaat wat gewild was onder die D.P.’s. Hy was ’n sterk leier, een van daardie wat goed gevoel het oor sy beroep en genoeg vertrouwe gehad het in sy vermoëns sodat hy nie gedurig moes swoeg om homself te handhaaf nie.

Hy was nie ’n eenkantleier nie maar het alles saam met ons gedoen. Hy het saam ge-PT en saam gestap op nagmarse en saam met die troepe gaan skiet. Sy gunsteling plek in die basis was tussen die troepe waar hy saam gesit en spekskiet het, na hulle hard-luck stories geluister het en ’n paar van sy eie vertel het. Hy het saamgelag en saamgehuil, as’t ware.

Soms, laat in die kuiernagte, het hy die troepe bevoorreg laat voel met op-die-man-af vertellings van sy krygservaringe. En dan was dit die moeite werd om te luister, want hy was ’n lid van die reaksiemag en hy het baie gedoen en nog meer gesien. Hy was tot in die kleinste greintjie van sy gene ’n soldaat.

Sy teenpool was majoor van der Westhuizen. Hy was een van die baie lede van die Staandemag wat nooit seker was hoe hy daar beland het nie. Sy aanvanklike oordeel van homself en sy krygsvermoëns was hopeloos te hoog en sy verhouding met Die Loopbaan moes dikwels hersien word. Omstandighede en gebeure het ’n onvoorspelbare stroom geword waarop hy bloot rondgedobber het terwyl hy sy ideale in die organisasie voortdurend moes aanpas. Omdat hy nooit seker was van homself, sy vermoëns of sy rang nie, was hy ’n harde en ongenaakbare slawedrywer, vol agterdog en aggressie. Die manne het weggekaats van hierdie onbuigsamheid in hom. Hulle het sy bevele traag en met bitter protes uitgevoer en hulle eie teruggekry met minagting en onsmaklike grappe agter sy rug.

Die twee van hulle, kaptein du Preez en majoor van der Westhuizen, het kort na mekaar in die eenheid opgedaag. Gou was daar fluisteringe oor hulle, en dit het weldra uitgesweer as feite: Hulle kon mekaar nie verdra nie. Meeste van die tyd het hulle mekaar suksesvol vermy, maar soms moes hulle noodgedwonge ruimte en opdragte deel. Dan het hulle so stywebeen om mekaar

geloop soos twee rifu greuns.

’n Besoekende kommandant het ons vertel dat die twee reeds, by ’n ander eenheid, lank saamgewerk het. Van dag een af kon die een die ander nie verdra nie, en daarna het hulle verhouding nog net versleg. Jy weet mos hoe dit is. Twee ous sal ontmoet en van meet af geswore vyande wees. Nes liefde kan afkeur ook met die eerste oogopslag ontstaan.

Wat die onderliggende vete skouspelagtig laat uitbars het, was die majoor se hooghartige besluit dat hy nie ’n ander man se lelie gebruik nie. Sy urine was blykbaar te kosbaar daarvoor. Hy het sy eie een so ’n ent van die ander laat plant. Probeer so al wat hy kon, so ’n geleentheid kon kaptein du Preez nie onontgin laat gaan nie.

Hy plant toe die ontsteker (detonator) van ’n Claymore-myn onder die majoor se geliefde lelie. Toe die majoor op ’n keer stelling voor die pyp ingeneem het, en homself met iets soos ekstase verlig het, laat waai die kaptein met die det. So blaas hy die majoor papnat met sy eie afslaanwater. Net daar raak die twee manne handgemeen.

Later vra ek die kaptein hoekom hy nie weggehardloop het nie.

“Het jy al ooit,” vra hy in antwoord, “probeer weggehardloop as ’n man al op die draad van ’n det op jou afstorm, sopnat en met die oop flappe van sy brownbroek vasgeklem in elke hand?”

Ek sien wat hy bedoel. Jy kan nie juis hardloop as jy hulpeloos is van die lag nie.

Maar ’n majoor met ’n nat broek, dié het nie ’n sin vir humor nie.



Dit is ver om te gaan, van die gedempte atmosfeer in die motor tot by die voordeur. Deur die tuinhokkie en met die sementpaadjie langs, tussen die afgesteekte beddings vol ranonkels en gesiggies en tierlelies verby, by die trappies op, oor die stoep tot by die deur

met sy blink, veelgebruikte koper handvatsel. Agterna is dit die onbenullige indrukke wat jy so goed onthou: Die rooi blompot op die draadtafel, die verfskilfers van die diefwering of die wit deurklokkie. En as jy dit druk, is daar 'n veraf gekriek, iewers in die onaantasbare holtes van die huis.

Jy kan haar voetstappe in die gang hoor en as jy meer as net 'n mens was, sou jy tyd net daar gevries het, want die oomblikke voordat sy die sleutel draai en die deur oopstoot, is die laaste sekondes van haar vryheid.

Die afwagting en nuuskierigheid vlug van haar gesig wanneer sy die uniforms sien, en teen die tyd wat jy die offisier by jou bekend gestel het en gesê het jy is Ds. Venter van die Suid-Afrikaanse Weermag, het die naaste, die mees verbryselende moontlikheid reeds in haar gedagtes opgedaag. Maar omdat die mens moet oorlewe en dit doen deur die ergste te betwyfel, skyn daar vir 'n oomblik 'n lig van vertrouwe deur die troebelheid van haar vrees. Hoe moet sy weet wat die weermag op haar stoep soek? Wat weet sy van die leër en sy manier van dinge doen. Daar moet daar moet daar móét 'n goeie verduideliking wees. Maar haar onderbewustelike radar het reeds die tekens versamel, ontleed en 'n gevolgtrekking gemaak. Daar is niks anders om te doen as om te smee nie, en sy doen dit weergalmend sonder woorde...

Nee, nee, nee. Nee! Kom sê vir my my seun is beseer. Hy was in 'n ongeluk. Dis reg. 'n Ellendige, simpel ongeluk. Maar vertel my hy sal reg wees. Ek sal hom help, julle weet? Maak nie saak hoe seer hy is of hoe hy lyk nie. Hy sal regkom. Hy sal. Hy sal. Ek en hy. Ons sal hom regmaak. Al is hy doof. Of blind. Of beseer van die nek af ondertoe. Dis nie asof hy, op 'n manier, nog nooit so was nie... ek bedoel... 'n baba... jy weet as daardie ogies nog so viooltjie blou is en hy kan nog nie sien nie en sy nekkie is slap en hy kan niks doen nie... net suig en slaap suig en slaap... Maar ons het hom sterk gemaak, ek en hy... ons sal... ons sál... want ek is Ma en ek kan voer en afvee en skoonmaak en gesêls en neurie en gordyne ooptrek en... Ons kán, ek en hy maar... moet net nie, net nie vir my sê...

En omdat die waarheid se skelheid nie gedemp kan word deur sagte woorde of `n beplande aanhef nie, dra jy die vonnis maar haar in die onversierde eenvoud van die feite oor.

Moet net nie vir my sê... ek en hy kán... maar moet net nie vir my sê...

“Mevrou ek is so jammer, so baie jammer, maar ek moet u meedeel, u seun het in die operasionele gebied gesneuwel.”

En wanneer jy ingaan om haar vas te hou en te help om te sit, bly die deur agter jou oop, en dit is nie reg nie, want elke ding het sy plek, vervlaks!, hier is hier en daar is daar. Daardie deur was daar om oop te gaan en hom in te laat en toe te gaan tussen hom en sy ander bestaan waar daar `n geweer aan hom vasgegroeï het. Die weermag het só baie soldate maar sy het net een seun (óf twee, óf drie.)

So weet jy, terwyl sy haar splinternuwe ontkenning van die verskriklikheid uitkreun, dat die weermag vir altyd deel is van haar huis en haar lewe.

*En die band wat hulle aanmeekaarmaak,
is die rooi en warm bloed van haar baba, haar baba,
haar... baba...*



Ek was die een wat vir kaptein du Preez moes gaan vertel dat haar man verongeluk het. Dit was die moeilikste opdrag wat ek in diens van die weermag moes uitvoer.

Veral omdat ek nog self gesukkel het om dit te glo. Die kaptein was vir ses jaar elke dag in lewensgevaar soos wat `n lid maar is in die reaksiemag. Hy het geleer om daarmee saam te leef. Maar sy vroujie kon nie langer nie. Daarom is hy op versoek verplaas na

ons eenheid waar die gevaar nie so skielik, so hewig was nie.

Toe sterf hy op 'n motorfiets. Op 'n teerpad, so skuins oorkant my huis. Sy dogtertjie was vier dae oud.

Partymaal kom haal die Here 'n mens terwyl ons almal dink dit is nie so 'n goeie tyd daarvoor nie. Eendag sal Hy vir ons verduidelik hoe dit werk.

Dit is vir my genoeg.



Die lewe gaan aan en dit is wat ek soms die kilste van die hele proses ervaar het. Toe ek weermag toe is, was ek reeds die pa van twee dogtertjies en saam met hulle het 'n nuwe verwondering oor die lewe gekom en, keerkantig daarmee, 'n nuwe afgryse oor die dood. En dat iemand in jou lewe kan wees, 'n volwaardige mens met eiesoortige vorm en beweegstyl en maniere en gedagtes... en dat net nie meer nie, nooit weer nie –

En soms wil ons maak soos die hondjie wat sy baas se graf oppas totdat hyself wegkwyn.

Maar ons kan nie want daar is beddens om op te maak, skottelgoed om te was, kruideniersware om te koop, banksake om te doen, vorms om in te vul want, en hoe kan ons om dit kyk?, daar is ander mense om en by jou.

Sy ma sal eendag anderkant al die trane en die dapper glimlagte haar krummels moed bymekaar vee en sy goed uit sy kamer gaan haal, wegpak, weggee, wegmaak. Snaaks, dit is dikwels die skoene wat die seerste maak. Sy ander klere het óm hom gehang, óór hom, maar sy skoene?, hy het in hulle gestaan, hulle gevorm om sy voete met soveel energie wat hom soveel swaarder gemaak het as sy gewig en daar is hierdie... dis amper soos lojaliteit, is dit nie?.. hy en sy skoene het so ver saam gegaan, deur soveel plekke geloop. Maar nie meer nie. Nie 'n sentimeter verder nie

En sy pak alles in bokse en swartsakke. Al wat sy uithou is die

klein dingetjies wat sy in `n ou koffer, miskien sy eerste skooltas pak: Sy kinderkuns, briefies, die kasset waarmee hy so lustig – en toonlos – saamgeneurie het, sy skoolfoto’s – daardie een van hom met sy donker driestukpak aan met die strikdassie en die blom in die lapel, by sy matriekafskeid. En sy weermagbriewe met diep hale op dun papier geskryf (“Ek het `n paar goeie vriende gemaak. Ons kry swaar maar ons kry darem saam swaar...”) En dan klik sy die koffertjie toe en pak dit weg, hoog in `n hangkas waar sy dit weer kan kry maar waar sy nie elke dag oor struikel nie. Sy gaan sit die ketel op die stoof. Die lewe gaan aan.

Vir haar, kaptein du Preez se vrou, het die lewe ook aangegaan in ritme met haar baba se behoeftes en aandrange. Maar as sy klaar gevoed het, in daardie lang, donker kleinoggendure, en sy lê in haar bed op haar regtersy en vryf met haar hand oor die vlaktes van die stywe lakens langs haar, oor die matras wat hy so vól gemaak het, dan los die lym wat haar brokstukkies aanmekaar gehou het, op en sy, en sy... Slaap in daardie veld vol van die brandnetels van sy ewige wegwees. Die lewe gaan aan.

En in die weermag – die kompanie, die peloton, die seksie – gaan die lewe ook aan. `n Rower maak die getalle op, staan in vir hom, is die nuwe paaltjiewagter as hulle krieket speel wanneer dit te warm is om te werk...

Hulle, sy seksie, het self verander. Hulle het die onskuldige aanname dat daar reëls in die verloop van die lewe is, verloor. Maar daar is inspeksies om te staan, wapens om skoon te maak, rioolslote om te grawe, voertuie om te diens, patrollies om te loop...

Die lewe gaan aan en in die ‘mag is dit dieselfde frenetiese bestaan. En, net omdat ons nie anders kan nie, sluit ons `n vredesverdrag daarmee. Ons kners die tande, neem die stryd net nog ernstiger op. En, omdat ons nie anders kan nie, en wanneer die situasie dit vereis, dan lag ons weer.



Anders as in die Londense Konstabelmag, was lengte nie `n voorvereiste vir opname in die Weermag nie. Geskiedenis getuig dat sommige van die uitnemendste militariste van alle tye aan die kort kant was. Die (“klein Korsikaan”) Napoleon Bonaparte, kom in die gedagte op. Selfs Atilla die verskriklike Hun was, volgens legende, skaars langer as die ou vyf voet. Miskien is dit omdat hulle soos Jock van die Bosveld die maerbrakkie van die werpsel is en van kleins af beter moes beplan en meer verbete moes veg vir hulle deel van die hondeblokkies. Wat ook die oorsprong daarvan mag wees, dikwels het hulle verbitterde Klein Mannetjie Sindroom vir hulle die aggressie en vasbyt gegee wat so hoog aangeskryf word in krygskringe.

My geëerde bevelvoerder was self net `n halwe kop hoër as `n baksteen (of is dit `n volle kop hoër as `n halwe baksteen?) Hy was dus geestelik en fisies bestem vir groter en beter oorlogdinge. Maar dit betaam die vertikaal gestremde om in gedagte te hou dat daar sekere aktiwiteite is wat hulle liefs moet vermy. Ek dink byvoorbeeld aan vlugbal. Of basketbal. Of om groot perde te ry en met lang meisies te dans. Of om rond te rits in groot Landcruisers.

Hierdie laaste les moes die KGB eers pluk voordat hy dit kon slaag. Toe die eenheid in besit kom van `n spoggerige, bonkige nuwe Cruiser het dit bev onmiddellik sy sweterige handjies daaraan geslaan. Dit was nou syne – en hy sou dit self (sêlf) bestuur. Bonaparte sou sekerlik vir hom kon voorlig dat sekere take gedelegeer behoort te word.

Die eerste Maandag nadat die veldwa (om soos Rocco de Wet, Grensvegter te praat) opgedaag het, moet ek saam met die bev na `n ander basis, sowat 200 Km van ons af, ry. En ry, ry ons in styl. In die nuwe karamelkleur Cruiser. Hierdie kar is wat hulle `n “plesier” noem. Dit is een van daardies met die gespierde 2H dieselenjin. Soos wat `n wit BMW `n monster maak van `n rekenmeester, verander die bev in Sarel van der Merwe die eerste sekonde wat die dieselenjin aan die gang rammel. Hy ry soos `n troep wat na die DB verlang. Hy gooi die Cruiser oor dié boeg en dan daai boeg om die sanderige kronkeldraaie. En die Cruiser ruk en pluk terug. Ek kom

nou agter die KGB sit nie ferm agter die groot bakelietstuurwiel nie en `n anatomiese beskouing verklap die rede: Sy bene kom die pedale nie lekker by nie. En daar is nie kragstuur nie. Hy fladder en flap behoorlik rond agter die stuurwiel en by tye land hy amper in my skoot en ander kere moet die deur keer dat hy nie uitval nie. Ons daag darem by ons bestemming op: Die Landcruiser ongesteur, ek geamuseer en die KGB net-net in beheer van sy humeur en in besit van sy ego. Maar hy het duidelik genoeg gehad van hierdie ongewone en ingewikkelde meganiese stryd.

Teen laatmiddag kry ek die ongewone eer om die wa te bestuur. Wat by herbetrugting `n taktiese flater was. My bene is nie te kort nie – eerder te lank – en ek skuif die sitplek tot heelagter om in te pas. En toe probeer ek die lepel deur die vloerbord trap. Die bev kon na sy eie flambojante bestuursvertoning nie juis vir my sê om dinge kalm te vat nie. Sy ego is reeds so vuisvoos na die oggend. Sal hy nou nog kans sien om te erken dat `n predikant hom banggery het? Newwer! Ek en hy vertrek op Cruiser lugdiens terug kamp toe. En kom ons kyk mekaar in die oë: Daardie Cruiser kon uitstap!

So uit die periferie van my visie merk ek dat die KGB nie eufories opgewonde is met die uitstappie nie. Hy sukkel. Sy bene is te kort om die vloer of die voorste paneel behoorlik by te kom en elke keer wat ons teen hoë spoed deur `n knik of oor `n knop dondervlieg, skommel en skuif hy hulpeloos op die lang sitplek rond. Weereens moet ek hom by tye met `n skerp elumboog weerhou om op my skoot te sit. `n Keer of wat beweeg hy gevaarlik tot op die rand van die sitplek se afgrond. Maar hy sê niks. `n Man het darem sy trots! Hy byt vas... soms ook maar net.

Maar dit kon nie hou nie. Net duskant `n brug tref die ellende hom. Die Cruiser ploeg en bokspring deur `n uitgeryde holte. Een oomblik was die kommandant nog waardig in posisie op die bank; die volgend val hy af.

Hy klim terug uit die voetholte, rooi in die gesig: “Venter, jy sê vir niemand nie!” bulk hy. “Niemand nie, hoor jy my!?”

Wie? Ek? Sal dit mos nooit doen nie!

Maar sensitiwiteit het `n sekere onderhandelingswaarde. Die volgende oggend het ek `n nuwe kapelaansvoertuig gekry: `n Pragtige, karamelbruin sessilinder Toyota Landcruiser met 400 kliks op die klok.



My eerste uitstappie daarmee was op `n vredesending, nie na `n trein op `n brug by Komatipoort om onderhandelinge met Frelimo te salf nie. Nee, ek moes gaan mooi praat sodat die recces nie `n beduidende deel van die Suid-Afrikaanse Weermag se eie infanterie, en meer spesifiek `n peloton mortieriste, gaan uitdelg nie.

Dit is die slag as die fluit skielik stil word wat daar nie meer bespiegel word nie.

Die veld is vol wegkruipplek vir die onheiliges. Jy en jou geweer sukkel om iemand raak te skiet as hy agter klippe, wallejies of bome lê of in slote of loopgrawe wegkruip. Maar jy opmerk dat in omtrent elke geval die maaifoedie nie in iets wegkruip nie maar ágter iets. Bo hom is meestal net wolke of blou lug. So, al kan jy hom nie raaskiet nie kan jy, as jy die regte toerusting het, iets bo-op hom neerdonder. Dít is die gedagte agter direkte vuur wat in die Suid-Afrikaanse Weermag meestal in vuurgevegte met mortiere verskaf is.

Die leër se wapentuig was dikwels net soveel beter as die vyand s`n en die goeie ou 81-mil mortier was een van ons staatsmakers met `n baie beter reikafstand en vernietigingskrag as die kommuniste se 82-mil weergawe.

Dit is `n mortier se draagbaarheid, akkuraatheid, verstommende reikafstand, hoë vuurtempo en ontsaglike trefkrag wat so `n verskrikking daarvan maak. Om net naby `n paar pype te wees wanneer hulle besig is om te werk, is indrukwekkend genoeg. Daar is `n diep doef! en `n indruk van `n ontsaglike krag wat vrygestel

word wanneer die bom by die mortierpyp uitvlieg. Die pyp self is vir aksie gemonteer op 'n stewige voetplaat wat met die plofslag ondertoe gestamp word. Dis asof daardie stukkie aarde self wegsink. Daar word van die een mortieris verwag om op die voetplaat te staan met die eerste skoot sodat hy dit behoorlik haaks kan “inry.” Dit is soos om in 'n hysbak te wees wat skielik 'n entjie vryval. En wanneer hulle besig is met pelotonbestoking, is dit nie net 'n enkele voorval nie. 'n Goed geoefende mortierspan kan hulle pype in 'n minuut opstel en rig waarna hulle voortgaan om die witvlag uit die vyand te skiet. Meer as een operasie is gered deur die tydige ingrype van 'n peloton mortiere. Wanneer jy hulle sien werk, dink jy, as dit só lyk hierdie kant, hoe gaan dit daar ver voor, dáár waar die goed uiteindelik val?

Nie dat die mortieriste self so goed op hoogte van die gevolge van hulle werk is nie. 'n Mortieris – en ek kan nie regtig verklaar hoekom dit so sal wees nie – is dikwels 'n eksentrieke skepsel. Miskien word hulle vuisvoos na 'n paar maande se gereelde afvuur van hulle speelgoed. Miskien vervaag die indruk wat die loslating van die ontsaglike mag op hulle laat. Wat ek wel weet is dat van hulle, selfs meeste van hulle, geroep voel om te eksperimenteer met hulle toerusting. 'n 81-mil se maksimum reikafstand met vol lading en elke moontlike hulplading is so agt kilometer. Ek het al gepraat met mortieriste wat sweer dat hulle 'n mortier so met 'n koppie diesel kan “turbo-charge” (hulle uitdrukking) dat hy so ver as 15 Kilo's kan trek.

En wanneer hy deur die lug trek, sal die infanteriste wat gereeld met die mortiere saamwerk, jou vertel, maak hy so 'n skril fluit wanneer hy deur die lug oor die koppe vlieg, so 'n historiese gil (“soos 'n Kaapse spiritsmeid as jy haar bottel dan nou omstamp,” beduie 'n lid van die kleurlingkorps my.) Maar die bokkoppe raak gou genoeg gewoond daaraan – en by tye is hulle kwylend dankbaar as hulle dié fluit hoor. Dit is die ordentlike voorloop van dinge. Dit is na alles die behoorlike aanwending van 'n mortier: Om indirekte vuur oor die koppe van die aanvallende infanteriste te lewer. Hulle raak so gewoond daaraan dat hulle naderhand uit die

presiese toonhoogte, volume en verskuiwing van die bom kan aflei waar hy min of meer gaan val.

’n Gesoute infanteris ken daarom die eerste reël van Die Fluit van die Mortier: As jy die ding kan hoor fluit kan jy maar op jou voete bly. Maar sou die fluit kortaf gesny word, kry vir jou ’n stuk dekking en probeer om jouself met die aarde toe te maak. Hierdie spanspek gaan uit die hemel val en dit gaan naby aan jou wees. Baie, baie naby. En as jy dink ’n mortier vertoon indrukwekkend as hy vertrek, wag totdat hy opdaag!

’n Seksie van tien recces kan instaan vir dié waarheid. Hulle was op ’n goeie dag, ’n lekker dag vir oorlog, aan die spits van ’n groot gemeganiseerde aanval. ’n Peloton bokkop mortieriste druk die vyand se kop met indirekte vuursteun af. Die vuurfront verskuif vinnig en maak dinge ingewikkeld. Foute sal insluip. Oor ’n afstand van etlike kilometers kan ’n geringe berekeningsglipsie verhewig tot ’n gruwelike flater. Niemand is seker presies hoe die sisteem dié dag so geknoop geraak het nie. Miskien het die mortiere se nommer een die verkeerde RV uitgewerk. Miskien het die verkenners vinniger beweeg as wat beplan is.

Wat ons wel weet is dat hulle die mortiere kon hoor fluit. En toe nie meer nie. ’n Skielike, sieklike stilte, bevrug met ’n onaangename gedagte.

Ervare manne, dié recces. Hulle neem dekking met al die geweld van Uli Schmidt wat ’n tunnel deur Loftus se veld probeer duik. Skaars ’n kwartgebied agter hulle sloeg die mortier in die grond vas. Daar is ’n helse donderslag en die aarde braak ’n grond-, rook- en vlampilaar hoog die lug in. Stukke opgeskeurde Angola hael op die recces neer.

Soos dit nou maar in oorlog gaan, as iets verkeerd loop, moet daar op iemand geskree word. Die recces se seksieleier, ’n woeste Wiking van ’n man, iemand wat nie diarree van ’n dwergie vat nie, trek die stowwerige en gekrapte radio nader. Ek sal liewers nie die verbatim verslag gee van wat hy gesê het nie. Beskaafde mense sal te min van sy uitdrukkings verstaan. Genoeg om te sê hy het met die arme skape rondom die pype in die gerig getree en sy perspektief

oor RV's, verantwoordelikhedsin en die dik moeilikheid waar hulle, die mortieriste, verkeer, met hulle gedeel.

Die mortieriste se gesagvoerder, wat wél die volle kleur en elke nuanse van die reece se kommunikasie terdeë verstaan het, antwoord erg apologeties:

“Kyk, ons is vreeslik jammer. Ons wens ons kan iets doen om julle ongerief te verlig, maar dit is ons voorstel dat julle ophou speel met die radio en begin ingrawe. Daar is nog vyftien bomme in die lug!”

*Ha-die-he-hou, ha-die-hou
What do you say and what do you know?
Reece boys is aan die grou!*



Durrans was 'n nommer een mortieris en Durrans was 'n Engelsman. 'n Engelsman, hoor, en nie 'n soutie nie. Hy het nie een voet in Engeland en een in Suid-Afrika gehad nie en geeneen van sy liggaamsdele het in die pekelwater gehang nie. Althuis Durrans se voete was in Suid-Afrika maar sy sokkies was versier met die Union Jack.

Durrans was 'n Engelsman en hy net die koningin se taal gepraat en niks anders nie. Die gewone troepe, Afrikaans én Engels, het 'n “geweer” gehad maar Durrans was toegeroes met 'n “rifflie.” Hy het sy geweer met “cocking handle” oorgehaal en nie met 'n “spangreep” nie. Hy het deur “sights” gemik en nie “visiere” nie. Sy geweer het 'n “front and rear grip” gehad en nie 'n “voorste en agterste handgreep” nie. As hy in 'n peloton styf regop gestaan het met sy arms langs sy sye was hy “on attention” terwyl die res “op aandag” was.

Die res van die manne het vir Durrans geredelik aanvaar. Hy was deel van die span en besonder gewild want hy het sy deel

gedoen, was vrygewig, het nooit sy maatjies gesplit nie en was, allerbelangrik, `n goeie nommer een mortieris.

Die werk van `n nommer een is om die mortierpyp te rig en om dan die vuurbevel te gee. Sy span het goed en glad gewerk. Hulle was deel van Veggroep Charlie wat in 1983 aan Ops Llama in Angola deelgeneem het.

Hierdie was wat bekend gestaan het as `n “janterops.” Om te janter is om oënskynlik sonder dringende rede of doel rond te dwaal. Die S.A.W. was in hierdie stadium grotendeels in beheer van die suide van Angola. Die ops het gou uitgerafel in `n besigtigingstoer van die land en Angola is `n pragtige stuk wêreld om vanaf die bak van `n Buffel deur te kyk. FAPLA, Swapo en dergelike swerkaters het van beter gewet as om met die S.A.W. se reisreëlings in te meng en het hulleself ewe beleef uit die pad gehou. Dit was winter en winter is `n goeie tyd in Angola: Sonnig en warm genoeg maar nie té warm nie en die lewe in die omgewing van die Kunene was aangenaam. In die aande het die braaivleisvure teen elke denkbare staande order in hoog gebrand. Daar kan sonder vrees op teenspraak gesê word dat dissipline nie van die gewone operasionele gehalte was nie. Die enigste rimpelinge op die luilekker oppervlakte van die troepe se bestaan was die rang se halsstarrige aandrang daarop dat die vegspanne by geleentheid hulle neringe moes oefen.

So word vier pype op `n goeie dag langs mekaar opgestel om dekkingsvuur vir `n oefenaanval te lewer. Durran was die vierde pyp se “number one.”

Wanneer die vuurbevel kom, skree die eerste pyp se nommer een: “Wapen nommer een – VUUR!” Die nommer twee gly die bom in die pyp af, daar is die bekende massiewe dofknal en die grond sak weg. Die projektiel verlaat die pype met daardie intimiderende doelgerigte snelheid.

“Wapen nommer twee – VUUR!” Nog `n slag en nog `n bom skeur die atmosfeer in.

“Wapen nommer drie – VUUR!” Plofslag! Weg!

Oombliklik, op die hakke van al die Afrikaans en ontploffings, jodel Durran deur sy neus in `n tengerige mezzo-sopraan: “Weapon

number four – FIRE!” (Wat hy uitspreek: “Fah-hirr!”)

Die nommer twee laat gaan die bom in die pyp af, kners op sy tande, skop vas op die grondplaat, draai sy kop weg en... wel... niks eintlik nie. Daar is net `n antiklimaktiese maar gespanne stilte.

Ongestoord neurie Durran: “Weapon number four – stoppage!”

`n Bomtrekker word te voorskyn gebring. Dit is `n kabel met `n ring vooraan wat in die pyp af laat sak word. Die ring pas oor die snoet van die bom wat so herwin word.

Die manne staan weer gereed.

“Weapon number four – Fah-hirr!” sing Durran.

Niks.

“Weapon number four – stoppage,” rapporteer Durran ongesteur.

Bomuittrekker in. Bom uit.

“Weapon number four – Fah-hirr!”

Maar die wapen “fah-hirr” nie soos ‘n mens “fah-hirr” verstaan nie.

“Weapon number four – stoppage...”

Teen hierdie tyd versamel geamuseerde troepe en ongeduldige range om die pyp.

Na nog `n onsuksesvolle lansering is dit nou genoeg. Durran se kille Britse geduld raak net daar op. Met die houding van `n lydsame pa wat `n kleintjie in sy kerklere uit `n modderpoel herwin, betrek die Engelsman die pyp en keer dit onderstebo. Die bom rinkel en val met `n metaliese geklingel op die grond. Maar daar is meer, `n sagte, fladderige suising en... `n stewige, effe ingedrukte, rolletjie spierwit Carlton dubbellaag toiletpapier val uit die mortierpyp.

Droogweg merk `n verveelde kapelaan van die buitewyke van die aksie op:

“Daar het julle dit. `n Sagte antwoord kéér die grimmigheid af.”



Die ganse weermag was in groepe verdeel wat onderverdeel is wat verder onderverdeel is tot by die kleinste, fermste en hegte eenheid. Daar was die vier hoof funksionele bene: Lugmag, vloot, mediese diens en leër. Die leër was verder formeel saamgestel uit korpse, divisies, kommandemente, eenhede, kompanies, pelotons en, uiteindelik, seksies. Maar selfs in `n seksie – `n hegte span wat kon wissel tussen agt en `n dosyn lede – was daar `n onafwendbare en baie hegte onderverdeling en dit het die ware onverdeeldbare geword: Twee lede wat onwrikbaar verbind: Makkers, of, in amietaal, “buddies.”

Elke operasionele lid het een uitgesonderde makker gevind. Dit kon nie anders nie. In die weermag kon `n afsydige enkeling nie behoorlik funksioneer of dikwels selfs oorleef nie. Die waarde van hierdie stelsel word dikwels beklemtoon in die infanterie. Daar is te veel dinge wat `n troep nie op sy eie kon doen nie, waarvoor hy `n buddie nodig het: Om sy kombers, grondseil en biwwie styf op te rol, sy bed vierkantig op te maak, sy trommel te dra, op sy horlosie te kyk om te sien hoe vinnig die ander een sy R4 kan ontbind en weer aanmekaar sit... En met opleiding oefen hulle makkerhulp op mekaar, ruil skutter- en medeskutter rolle wanneer daar met `n L.M.G. geskiet word tydens pelotonwapen opleiding, verf mekaar se gesigte wanneer daar gekamoefleer moet word, slaan saam skuilings in geslote laers op en slaap selfs styf teen mekaar ter wille van liggaamshitte in die winter. Later, op die grens, leer hulle saam kos maak en graawe saam loopgraawe. Die twee beur mekaar op deur daardie oneindige wagskofte wanneer die nag soos die ewigheid uitrek. Hulle het geen geheime vir mekaar nie en uiteindelik sal hulle alles van mekaar weet en dit is veral hulle onstuimige liefdeslewens, hulle stomende en dikwels onbeholpe eskapades met die vroue in hulle lewens waarvan in die fynste besonderheid verslag gedoen word. Hulle deel alles: Pakkies, swaarkry, oppies, boeke, musiekkassette... Hulle skrop potte saam, vee geboue uit, graawe slote... en hulle kompenseer vir mekaar se swakhede en vergrype; skerm vir mekaar as die een gyppo of AWOL. En eendag, in kontak, skop die mees basiese en onwrikbare reël, die heiligste

wet van buddy-skap, in: Hulle bly bymekaar. Dit is moeiliker om 'n tweemanskap as 'n enkeling te verloor.

As jy eers hierdie stelsel van nader gesien het, en miskien selfs die uitsonderlike voorreg gehad het om dit te smaak, het jy baie beter begrip vir die hegtheid van die vriendskap tussen Dawid en Jonathan.

Dit is 'n ongedwonge proses wat heel natuurlik geskied. Die oomblik wat die nuwe lede ingeklaar het en versamel is, begin die onderlinge keuring. Dikwels is die verbinding heel ooglopend, soos wanneer seuns met dieselfde agtergronde, ekonomiese status of sieninge na mekaar dryf. Rugbyspelers, atlete en skoolbelhamels herken mekaar met eerste oogopslag. Partykeer is die gemene deler bloot fisiese grootte.

Tog gebeur dit soms dat teenoorgesteldes mekaar aantrek. 'n Blokkop kan die gewaardeerde buddie van 'n slimme word of 'n rou Boerseun en 'n gesofistikeerde Engelsman kan hulle lot bymekaar inwerp. Dit kan ook gebeur dat 'n tengerige grashalm en 'n beeragtige titaan hulle heil bymekaar sal vind. Soos Muller en Steenkamp.

Eers wás daar nie 'n Muller-en-Steenkamp nie; net 'n Steenkamp. Hy was van dag een af in die kompanie maar daar kan met reg gesê word dat hy nooit regtig déél was daarvan nie. Hy was 'n mutasie van twee ongere elemente wat blykbaar in elke peloton voorkom en waarteen die stelsel heftig reageer: Aan die een kant was hy die snedige, gladdebek kanssoeker. Aan die anderkant was hy die neulende niksnuut. Daar was nie 'n nuttige of minsame kant om hom te balanseer nie; geen Dr. Jeckyll vir sy Mr. Hyde nie. Niemand het sy maatjies meer laat hardloop as Steenkamp nie en dit is 'n sonde wat sosiale verwerping nie net verdien het nie maar dit tewens vereis het.

Die krygsstelsel fokus op die ongewone en tree skerp en meedoënloos op om dit te neutraliseer. Dit is amper 'n natuurreël. Enige iets wat onnodig aandag op die span, die groep, die trop se omgewing vestig, word venynig onderdruk. 'n Span gewone springbokke sal venynig reageer teen 'n albino in hulle midde. Hy

is te opsigtelik en dit kan juis die faktor wees wat ‘n jagluiperd ‘n tweede keer laat kyk en besluit om hulle spesifieke trop van nader te bekyk. In die weermag word die volle, aggressiewe gewig van die gemeenskap teen die afvallige, die aandagtrekker opgewerp. Wanneer ‘n kompanie aantree vir parade moet hulle presies dieselfde aangetrek wees. In die somer is dit ‘n eenvoudige beret-bruinhemp-bruinbroek-seilgordel-en-stewels aangeleentheid. Maar in die winter is daar ‘n keuse van truie, bosbaadjies en serpe. As een troep ‘n serp sal aanhê teenoor die tweehonderd-nege-en-negentig ander lede van die kompanie wat daarsonder is, steek hy uiteraard uit. En dan word daar teen hom opgetree, nie deur hom te verplig om sy serp te gaan bêre nie maar om die rés te dwing om terug te hardloop om hulle serpe te kry. Steenkamp was sy peloton se wit springbok en die weermag het die ongenaakbare suiweringstegniek toegepas deur dit vir sy kamerade te los om hom uit te sorteer. Hy was algeheel verstote en as ‘n reël verkleineer en verdruk.

Muller het eers in die middel van tweede fase in die peloton opgedaag, ‘n RTU (ar-tie-joe), ‘n verwerping uit die Valskermbataljon. Met elke inname is die frisstes en taaistes gekeur om by spesialiseenhede soos die Verkenningsbataljon (die recces) of die Valskermbataljon aan te sluit. Daar word hulle onder enorme druk geplaas sodat enige fisiese, verstandelike of sielkundige krake moet wys. As daar ‘n defek in ‘n lid is, sal dit gou opsigtelik raak en as dit raakgesien word, word die troep van “die kursus afgegooi.” Muller was taai genoeg en fiks genoeg om ‘n vleisbom te word maar ‘n weiering in die deur van ‘n DC3, tienduisend voet bo die harde aarde van Bloemfontein, het sy springloopbaan tot ‘n abrupte einde gebring. Hy is terug gestuur na die infanterie-eenheid waar hy vandaan gekom het.

Aanvanklik het hy geredeneer dat selfs ‘n mislukte bat beter as ‘n top infanteris is. Hy was luidrugtig, uitdagend en selfvoldaan. Daardeur het hy vir homself die hele peloton se koue skouer gewerf. Hy het later probeer om bande met lede van die peloton aanmekaar te lap maar dit was te laat. Almal was skepties en afkeurig teenoor hom. Almal behalwe die klein niksnut, skutter Steenkamp.

Steenkamp en Muller het in mekaar geesgenote ontdek en so heg verbind soos net verstoteling kan. Dié tweetal was een van daardie gelukkige ongelukke: Afsonderlik was hulle afstootlik maar saam was hulle ‘n doeltreffende kombinasie.

Muller was groot en sterk; Steenkamp kleiner en nog nie liggaamlik heeltemal volwasse nie. Sonder Muller het hy swaargekry maar met die aankoms van Muller het alles vir hom makliker geword. Muller het hom beskerm teen die kaserneboelies, sy geweer en grootsak gedra as hy wou uitsak op ‘n roetemars en hom in die algemeen gehelp om sy deel te doen as dinge bars gaan. Van sy kant af het Steenkamp se eiesoortige vermoëns gebloom in die sekerheid van sy nuwe vriendskap. Die wag voor sy gladde mond is oneervol ontslaan en, gerugsteun deur Muller se spierkrag en verdikte kneukels, het Steenkamp hulle teenstanders in stryerye afgeransel. Meer as dit, hy kon werklik snaaks wees as jy eers werklik na hom geluister het. Muller hét geluister en Steenkamp hét hom laat lag. Maar Steenkamp het ook ander vaardighede gehad: ‘n Oog vir ‘n geleentheid, ‘n instink vir die regte plek op die regte tyd en ‘n onverbeterlike raap-en-skraap vermoë. Hy was weergaloos in die uitbuiting van die weermag se sisteme tot sy en sy buddy se voordeel. Hulle het nooit geslaap waar dit ingereën het nie, was altyd op ‘n wagdiens iewers in die stad as die peloton aangetree is vir oppies, het altyd genoeg gehad om te eet en het sulke prima uitstappies gewen soos om ‘n gevangene van die detensiebarakke in die Kaap per trein terug te eskort na die eenheid – ‘n taak wat eintlik tien dae se vakansietoer was. Uiteindelik het hy ook vir Muller, die RTU van die bats, gegee wat hy meeste van alles begeer het – volslae bewondering vir sy liggaamlike krag en taaiheid.

Hulle, die bonkige Muller en die flinkdink Steenkamp was ‘n gedugte span. Hulle was bekend as “die Siamese”, verwysende na ‘n Siamese tweeling. Deel van hulle sukses was die vrees wat hulle vir mekaar gehad het: Steenkamp vir Muller se liggaamlike plofbaarheid en Muller vir Steenkamp se sarkasme. Dit het hulle in balans gehou met mekaar, alhoewel dit ondenkbaar was dat een van die twee sy wapens op die ander een sou rig. Tot die slag van

Xangongo tydens Ops Protea.

Die gestoei vir Xangongo was 'n bloedige besigheid. Nadat die Suid-Afrikaners vir SWAPO en sy Oos-Duitse en Kubaanse ondersteuning onkant gevang het in 'n klassieke omflankingsbeweging, het die terrein vasgeskop in die ou Portugese dorpie wat ingerig is met etlike kilometers se loopgrawe en 'n netwerk van tunnels en bunkers. Om 'n verskrikte terrein met 'n geweer daár uit te haal, was harde, witwarm gevaarlike werk wat gepantserde senuwees, goeie reaksies en 'n sekere kordaatheid vereis. Dit was warm en stowwerig en deurmekaar in daárdie loopgrawe en tunnels.

In al die geharwar kom Steenkamp agter dat sy boesemkameraad, Muller, weg is. Hulle het mekaar so plegtig belowe om bymekaar te bly. So lank hulle saám was kon daar niks met hulle gebeur nie. Maar nou is Steenkamp alleen en al wat hulle kan skei is die dood.

Die tengerige Steenkamp se koppie spring los. As Muller nie by hom is nie, is dié lummel óf dood, óf hy is 'n gevangene in die tunnels. En dít kan Steenkamp nie vat nie. Hy laat vat in die tunnels in, verby die res van die peloton wat dekking by die ingang geslaan het en sku is om hulle koppe om die hoek te steek. Hulle oë rek verbysterd as hulle Steenkamp se krete hoor en die gekef van sy R4. Binne 'n anderhalf minuut is sy eerste-lyn ammunisie leeggeskiet en hy verskyn by die ingang, stowwerig en wild, met sweet- en traanspore wat wit kronkelstrepies deur die kamoefleergrimering op sy gesig trek. Hy stoot by snikkend by hulle verby en laat vat. Niemand probeer hom keer nie. Hoor hier, dié lat het ver bo van wat hom verwag is geprester deur die tunnel in te storm.

Maar minute later is hy weer terug. Hy was bloot terug na die Ratel waar hy elke R4 magasyn waarop hy sy hande kon lê voor by sy hemp ingegooi en 'n patrolliesak vol M26 granate gemaak het. Asof hy die res van die peloton nie sien nie, storm hy weer by die tunnel in. Hy gaan sy buidie uithaal, óf reg en geregtigheid uitdeel, óf albei.

Mal van ontsteltenis hardloop hy in die lae gang af en soos 'n

besetene skiet hy wat voorkom en laat die bunkerkamers in puin met 'n paar granate in elkeen. Die res van die peloton gryp dié keer die geleentheid aan en volg Steenkamp se onverwagse aanval op.

Dit is nie net die peloton wat verras is deur Steenkamp se skielike privaatoorlog nie. Die SWAPO's het ook naderhand verlang daarna dat Muller, wie Muller ook al is, sy verskyning moet maak. 'n Terroris kan ook net só lank weerstand bied teen 'n malmens wat "Muller! Muller!" gil en wat skiet en skop en skree. Sonder om dit met mekaar te bespreek, is die oorlewendes gou gretig om oor te gee en om hulle voortgesette deelname aan Sammie se bakleiery te herbedink. As dit jou deursnee infanteris uit die land van die Boere is...

Steenkamp was heeltemal bereid om sy krygsgevangenes uit te wis uit vergelding vir die verlies van sy krygsbroeder, maar die rang het ingegryp. Hulle het beduie dat Steenkamp 'n beduidende bydrae tot die dag se krygsverrigtinge gelewer het. Hulle sê twee van sy pelotonlede aan om hom terug te begelei na die Ratel.

Hy was troosteloos totdat...

"Hei pël," sê 'n stem opgeruimd, "hoe lyk't met 'n doggie."

Op die Ratel, hoog en droog en algeheel ongeskonde, behalwe vir hande en nerfaf kneukels, sit Muller en vroetel met 'n ratpack. Hy het in die hitte van die geveg verdwaal.

Dis toe dat Steenkamp hom aanrand.



Muller het darem nie blóót uit onbeholpenheid verdwaal nie. Dit was om sindelikhedsredes. Die eenvoudige waarheid is dat sy maag wou werk en daar was geen manier, géén manier, wat hy sy patriotiese plig sou doen met 'n vuil broek nie. Buitendien, niemand in die peloton sou glo dat hy eerlike en opregte gyppo-guts gehad het nie. Nee, hulle sou te vertelle gehad het dat hy so bang was dat hy sy broek bemors het. En selfs die rapiertong van Steenkamp sou

hom nie daaruit gepraat kon kry nie. Derhalwe deel hy homself toe af, die bosse in, op soek na 'n privaathoekie waar hy homself slaggereed kon kry.

Hy vind dadelik 'n kronkelpaadjie en, R4 in die een hand, begin hy ruk en pluk aan sy web-belt om solank sy broek los te kry. Voor hom hang die donkergroen takke van 'n boom laag en dig. Net dié plek. Maar dit is nie net Muller wat die potensiaal van die plek gesien het nie. Hy en 'n viertal SWAPO-lede daag gelyktydig daarop. Al vyf skop brieke, hier reg voor mekaar. Dan is daar 'n geskarrel soos wat die SWAPO's hulle AK's span en teen die skouer begin bring.

Al Muller se drils skop in. Maar dit is gewone, siwwie oorlewingsinstink en nie militêre drils nie. Van kleuterskooldae af, het Muller geleef met die filosofie dat daar niks is wat 'n goeie, harde boerevuis nie kan regmaak nie. Dit is sy terugval handeling in enige krisis. En in só 'n geval is 'n R4 net 'n belemmering. Hy gooi die amie se geweer eenkant en in een, groot tree is hy tussen die verskrikte SWAPO's. Hy swaai wild maar omdat hulle hier om hom is, kan hy nie mis nie. Twee van hulle het net elkeen een hou geabsorbeer, die derde – en grootste – het drie van die woesstes gevat en die vierde het geval sonder dat hy raakgeslaan is.

Net buite die bos was 'n peloton besig om te hergroepeer en inventaris van skade gely en ammunisie verbruik te doen. Hulle was wildoog en hygend in 'n bondel, vol van die rook, stof en die kneus- en skraapplekke van 'n hewige skermutseling. Toe hulle 'n geritsel hoor en omkyk is dit net betyds om vir Muller en sy prisoniers te sien uit die bos te sien verskyn. En dít was volgens alle getuienis 'n petalje om te waardeer.

Die vier ters kom uit die bos in die hensop-posisie, hulle arms vertikaal soos rugbypale langs hulle ore. En agter hulle kom Muller uitgeslenter, breëblad en gloeiend van triomf, met vier AK 47's oor die een skouer en sy (ongebruikte) R4 in sy regterhand, Audie Murphy-styl, kolf teen die heup gedruk en die snoet dreigend in die rigting van die SWAPO's.

“Dit het gelyk soos in 'n Cowboy-moewie as die sheriff die

dronkies tronk toe vat,” het ‘n sersant wat daar was vir my vertel. “En jy kon sien: Hulle is vol knoppe geslaan.”

Nie dat Muller te lank kon vertoef om sy oomblik van triomf behoorlik uit te rek nie. Hy het die AK’s neergegooi en vir die ander troepe gesê om na die “gooks” te kyk en toe skarrel hy die bosse in. Hy het besigheid gehad om af te handel.



Ek het al baie gewonder oor ons Afrikaners se veglus. Ook probeer agterkom waarom ons so dwars is. Hulle sê mos as twee Jode saam op ‘n plek kom, stig hulle ‘n besigheid. As twee Engelse hulle saam bevind, stig hulle ‘n klub. As twee Afrikaners saam is, stig hulle af.

Dis vir my ironies dat twee Engelsmanne en ‘n Amerikaner vir my in die regte rigting kon beduie. Die een Rooinek wie se roem berus spruit uit boeke wat hy oor ‘n Engelse speurder met ‘n vergrootglas, ‘n krom pyp en ‘n vorentoe-agtertoehoed, ‘n gesoute en gesiene waarnemer wat selfs ‘n ministerspos gehad het, het gesê:

“Neem ‘n gemeenskap van Hollanders van die soort wat hulleself vir vyftig jaar verdedig het teen die mag van Spanje in die tyd toe Spanje die grootste mag in die wêreld was.

Meng by hulle in ‘n streep van daardie onbuigsame Franse Hugenote wat hulle naam opgegee het en die land vir ewig verlaat het in die tyd van die herroeping van die Edik van Nantes. Die produk moet uiteraard een van die mees weerbarstige, viriele en onoorwinlike rasse wees wat ooit gesien is op die aangesig van die aarde. Neem hierdie kragdadige mense en lei hulle vir sewe geslagte op in deurlopende oorlogvoering teen gewelddadige manne en verwoede diere in omstandighede waarin geen swakkeling kan oorleef nie, plaas hulle so dat hulle behendigheid met wapens en as ruiters opdoen, gee vir hulle ‘n land wat by uitstek gepas is vir die

taktieke van die jagter, die skut en die ruiter. En, na dit alles, temper hulle militêre eienskappe met 'n streng, fatalistiese Ou Testament godsdiens en 'n ywerige en allesverterende patriotisme.

Kombineer al hierdie eienskappe en al hierdie impulse in een persoon en jy het die moderne Boer.”

Sir Arthur Conan Doyle.

Die beste Amerikaanse generaal van die Tweede Wêreldoorlog het in 'n ligte luim, net na 'n beslissende oorwinning, die volgende op 'n perskonferensie gesê:

“Die Amerikaners veg vir 'n vrye wêreld, die Engelse meestal vir eer en glorie. Die Franse en Kanadese besluit te laat om deel te neem. Die Italianers is te bang om te veg; die Russe het geen keuse. Die Duitsers vir die Vaderland. Die Boere? Daardie bliksems veg vir die plesier daarvan!”

Generaal George “Bloed en Derms” Patton.

Die algehele bevelvoerder van geallieerde magte in Afrika het gesê:

“Gee my 20 divisies Amerikaanse soldate en ek sal in Europa land. Gee my 15 bestaande uit Engelsmanne en ek sal opruk na die grense van Berlyn. Gee my twee divisies van daardie wonderlike vegtende Boere en ek sal Duitsland van die gesig van die aarde verwyder.”

Veldmaarskalk Bernard L. Montgomery.

Ja. Ons voorouers was rebelle uit Wes-Europa, Brittanje en selfs Skandinawië. Avonturiers, jagters en uitgewekenes. Mense vir wie die beskawing te klein geword het. In Afrika is hulle uitgesif en net die hardkoppigste en dwarstrekkigste mense het oorleef. Hulle het ons voorvaders geword. Baklei en dwarsheid is in ons bloed. Daarteen moet ons waak. Maar dit is ook die eienskappe wat onontbeerlik is vir ons oorlewing. Dit gee vir ons die onafhanklikheid

en standvastigheid wat maak dat ons enige oormag in die oë sal kyk en sê: “Ek is Afrikaner. Hier is ek en hier bly ek. Ek gaan nêrens heen nie. En wat gaan jy doen daaromtrent?”

En ons hoef nie daarvoor skaam te wees nie.



Elkeen van ons – Christen, Jood, Mohammedaan of Ongelowige – het mos so ‘n rooi Nuwe Testament en Psalms gekry. Komplimente van die Suid-Afrikaanse Kapelaansdiens. Ek het altyd gewonder wie dit lees en het dit maar as die saad beskou waarvan Jesus praat, jy weet, die soort wat in vlak grond, tussen distels, op die rotse of in behoorlike, diep grond land. Daar is beslis heelwat manne wat wel die Grootste Skat daarin ontdek het, maar daar is net so baie wat dit maar onder in sy trommel gegooi en daarvan vergeet het.

Party manne reken mos dat die dinge van die Bybel nie by ‘n soldaat pas nie. Soldate is mos rof. Waar het jy nou gehoor van ‘n troep wat die ander wang draai? Sal jy vir SWAPO sê: “Skiet maar weer!”? Party het hierdie houding gehad omdat hulle nie verstaan het nie; ander is mos maar net pure moedswillig.

Daar is natuurlik ook daardie faksie wat prakties wou wys watse willewoeste grensvegters hulle was deur te demonstreer hoe min hulle vir die Woord van die Here voel. Party manne het die binnekant uitgehol om smokkelware daarin te bêre. So ‘n ou daggazolletjie pas juis net so mooi daarin en watter RP of MP sal nou juis ‘n Bybel as smokkelvoertuig verdink? Ander lede het so ver gegaan het om die Bybel se papier te gebruik om die zol mee te rol. Daar was selfs dié wat dit vir toiletpapier gebruik het.

Maar party ouens het dit vir die eerste keer gelees en ‘n nuwe wêreld het vir hulle oopgegaan. So was daar ‘n Engelsmannetjie wat, deur bloot uit nuuskierigheid die Bybel vir die eerste maal in sy lewe gelees het, die Skrywer daarvan ontmoet het.

Hy het ook nie daar opgehou nie maar het sonder ophou die evangelie aan sy pella verduidelik. En as hulle hom ‘n vraag gevra het (onthou, hy het voor die tyd niks van die Here of van sy Woord geweet nie) antwoord hy hulle: “Dit moet hier iewers wees. Kom ons kyk.”

*Snaaks genoeg, elke lieve keer het hy, sonder moeite,
die antwoord gekry.*



Eendag het die manne na ‘n kontak teruggekom basis toe. Een man is dadelik koffiekroeg toe waar hy aan die dominee ‘n Nuwe Testamentjie gewys het. Met ‘n gat in. En ‘n AK-rondte wat halflyf daarin vassit. Die skutter het ‘n liederlike blou kol en ‘n vlak wond op sy linkerbors oorgehou. Die Bybeltjie het duidelik sy lewe gered.

Die kapelaan het uiteraard uitgeweï daarvoor in sy volgende bidparade. Gou het almal daarvan gewee.

Toe die volgende patrollie vertrek uit die basis, het elke man ‘n Nuwe Testament in die bo-sak. ‘n Sekere lid het selfs twee: Een aan elke kant.

Maar jy kan ook nie van die Woord ‘n gelukbringertjie maak nie. Die man met die twee Bybeltjies is later presies tussen sy bosakke geskiet.



‘n Ou staandemagdominee het vertel van die keer toe hy nie vir die manne wou lees of bid nie.

Hulle het op die vooraand van hulle weeklange patrollie te suipe gegaan en die volgende dag, een en almal, met ‘n babalaas

wakker geword, nie net die troepe nie, die luitenant en korporaal ook. Die dominee het hulle bymekaar gemaak voordat hulle die bos in is. Maar die manne is nou baie slim en wil nog grappies maak: “Dominee, wat is die verskil tussen ‘n offisier en ‘n vark? ‘n Vark word nie ‘n offisier as hy gesuip is nie!”

Die kapelaan dink nie dis snaaks nie en hy weier om vir die manne te lees en bid. Hy meen hy bid nie vir manne wat in alle geval ‘n bespotting maak van die geloof nie.

Maar nou weier die manne om uit die basis te gaan. Die bevelvoerder moes op die ou end maar ingryp en mooi praat. Die dominee gee maar toe en nadat hy (spreekwoordelik gesproke) vir hulle die Leviete voorgelees het, het hy hard en driftig gebid dat die Here hulle moet behoed en bewaar.

Sewe dae later is die manne terug van patrollie. Hulle dring daarop aan om die dominee te sien. Nog voordat hulle eet of stort. Voordat hulle kan rus. En dít is ongehoord in die amie. Eers wil die dominee hulle nie dadelik sien nie. Wat ook al op hulle harte is, kan wag. Laat die manne eers skoon kom en rus. ‘n Troep wat van patrollie af kom is vol ou sweet en stof en ruik nie te lekker nie. Maar hulle dring daarop aan. Die saak kan nie wag nie. Die dominee staan hulle te woord en die belhamel van ‘n week gelede vertel:

“Dominee, ons was nog nie ‘n dag uit nie, toe loop ons in ‘n hinderlaag in; omtrent so vyftig, sestig vyandelike magte. Hulle het landmyne en Claymores gestel. Hulle vuurdissipline was goed. Hulle het gewag tot ons in die doodsakker is en een van ons het die pootjiedraad afgetrap. Toe laat loop hulle op ons met AK’s en RPG 7’s.

Na regte moes daar ‘n hele hoop van ons dood gewees het. Maar om een of ander rede het nie een landmyn of Claymore afgegaan nie. En die RPG’s wat naby ons getref het, het nie afgegaan nie.

Ons het later gaan kyk – alles was reg opgestel.

Die Here het ons bewaar omdat Dominee vir ons gebid het.

“En nou wil ons vir Hom dankie sê – voordat ons gaan stort of rus.”



Ek wonder hoeveel manne het die Here in die weermag ontmoet?

As jy een van hulle is, het jy Hom nog steeds so lief?

LIEFDE EN LEWE

Dienspligkapelane is manne wat soms swaar dra aan hulle geleerdheid.

My pa het volgehou dat, wanneer ‘n student graad gevang het, dit hom ‘n paar jaar vat om weer mens te word. Ek het maar altyd die skouers opgetrek, selfvoldaan dat dit éintlik net ‘n geskerts van hom is, dat hy nie régtig begryp nie. Maar hoe ouer ek word, hoe wyser word my pa se woorde. As ek terugkyk na dáárdie jong kapelaan wat die oerwoud van die S.A.W. so kordaat, so seker van die omvang van sy splinternuwe kennis, betree het, skud ek net my kop in simpatie.

Dít was die tyd wat jy nog geglo het die fakulteit het, toe jy anderpad gekyk het, jou geprogrammeer om ‘n antwoord op alles te hê. Die troepe se aanslag het ook niks gehelp nie. Behalwe vir enkele gevierde uitsonderings – Koen Merk I duik in die gedagtes op – glo hulle blykbaar eenvoudig elke woord wat jy uiter. Jy is vir hulle ‘n moderne herinterpretasie van die engel Gabriël en hulle glo onwrikbaar elke woord wat jy uiter. Hulle voel dat om met jou te verskil, is om met die Here te stry. Dit maak die verantwoordelikheid net soveel lywiger. Jy het ‘n pligsgevoel wat later uitsweer in ‘n obsessie om alles, maar alles, te kan verklaar (of ten minste om te kom in die poging.) *Die man wat in my geestelike sorg gelaat is, is daar om te leer – en ek sál hom nie teleurstel nie!*

Na dit alles het ek ‘n epifanie gehad: Die omgekeerde is waar. Dis ék wat by hulle geleer het.

“Wat nou van evolusie?” vra ‘n troep eendag gedurende die openingsrondte van ‘n kapelaansperiode. “Stam ons regtig van bobbejane af?”

Geleerdheid spring in my op soos ‘n fris fontein. Ek bult my akademiese spiere. Ek laat nie ‘n geleentheid verbygaan om my tande in te slaan in die onsinnige en onwetenskaplike teorie van

makro-evolusie nie.

“Evolusie is die grootste poets wat nog op die wêreld van die wetenskap gebak is,” beduie ek. “Dit is meer van ‘n godsdienst as ‘n wetenskap en is uitgedink deur mense met die uitgangspunt dat daar nie ‘n God is nie, of eerder, dat die mens self God is. Jy kan, na alles, nie ‘n god wees as ‘n ander God jou gemaak het nie, kan jy?”

Ek vertel vir hulle van Charles Darwin en sy goddelose trawante en vergelyk sy teorie met die heidense geloof van reïnkarnasie.

“Albei filosofieë het as grondslag die mens se behoefte om God te wees of om God te word. En dit maak van andersins hoogs intelligente mense, dikwels swape.

Aristoteles, die legendariese Griekse filosoof, het ‘n ou betig omdat hy ‘n hond geskop het en, hy wat Aristoteles, die stem van ‘n verlore vriend uit ‘n vorige lewe sou herken het.”

Na só ‘n goeie begin is daar geen keer aan my nie. Ek rig die volle geweld van my akademiese grofgeskut op die tengerige teorie van evolusie. Ek vertel vir hulle van die onbegrypbare ingewikkeldheid van ‘n enkelvoudige sel se samestelling en demonstreer vir hulle die wiskundige onmoontlikheid dat die samestellende aminosure per ongeluk in die regte volgorde kon saambind.

“Reg aan die begin van ‘n mens se lewe, wanneer jy verwek word,” vertel ek hulle, “is daar in die eerste selle ‘n mikroskopiese lint teenwoordig, uniek vir elke mens. Al jou genetiese informasie is daarop gekodeer. As jy al hierdie linte van die 5 miljard mense op aarde bymekaar sit, sal dit so groot en swaar soos ‘n Disprinetablet wees. En – hier’s die ding, so luister mooi – op een so ‘n mikroskopiese DNS-lint is meer as eenhonderd miljard instruksies aangebring in ‘n presiese orde waarsonder lewe onmoontlik sou gewees het. En dan is daar mense wat dink dit kon alles per ongeluk gebeur het, sonder Iemand wat dit alles ontwerp het!”

Ek vertel hulle hoe dit wiskundig onmoontlik sou wees dat daar genoeg tyd verloop het vir evolusie om enige iets noemenswaardig tot stand te bring. Hulle sit oopmond en luister hoe ek verduidelik dat die teorie van evolusie onversoenbaar is met die wette wat

die grondslag van fisika vorm – die Eerste en Tweede Wet van Termodinamika.

Hulle grinnik breed toe ek hulle vertel van die evolusioniste se antropologiese flaters.

“Hierdie bere se verbeelding het lekker met hulle weggehardloop toe ‘n ou met die naam Harold Cook ‘n tand ontdek het. Luister, dit was vir hulle genoeg. Rondom hierdie tand bou hulle toe ‘n volledige mens op en verduidelik vir een en almal hoe hy, Nebraska Man, dan nou in die evolusieketting inpas. ‘n Tand, hoor mooi. ‘n Tand! Nie ‘n mummie of ‘n skildery of ‘n opgerolde vel of ‘n geraamte nie. ‘n Tand! Maar, ûhmm, jammer, toe moes hulle later uitvind dat dit die tand van ‘n uitgestorwe varkras is!

Piltown Man se geval was nog lagwekkender. ‘n Ene Dawson het hierdie kakebeen opgegrawe en al wat ‘n evolusionis het stuipe van lekkerkry gekry. Dit sou nou uiteindelik die verlore skakel tussen die aaprasse en die mens wees. Dit het ‘n baie beroemde stukkie been geword. National Geographic en Reader’s Digest het gloeiende kommentaar daaroor geskryf en dit is in selfs meer as 500 doktorsale tesse genoem voordat iemand, dekades later, die moeite gedoen het om ‘n bietjie mooier na die ding te kyk en – nou ja, hy vind toe uit dat iemand die ding aanmekaar gelap het. Dit was niks anders as ‘n reusagtige klug nie!”

Daarna trek ek die vlymskerp skalpel van die wysbegeerte oor die evolusieteorie en laat dié armsalige leer aan flarde. Meedoënloos, kan jy sê. “Die evolusioniste se vernaamste argument berus op wat hulle die ‘geologiese kolom’ noem,” beduie ek. “Hiervolgens is die aardkors in verskillende lae opgebou. Natuurlik, hoe ouer die laag, hoe dieper is dit. Hulle argument is dat die organismes wat in die lae voorkom, evolusie bewys want hoe ouer die laag, hoe meer primitief is die oorblyfsels van die organismes wat daarin voorkom.

Die probleem is: Hierdie kolom bestaan nie. Nie werklik nie.

Maar dit keer nie die evolusioniste geensins nie. Hulle staaf dit as ‘n feit dat daar wel so ‘n kolom is. En hoe weet hulle dit? Wel, as die teorie van evolusie waar is – en hulle ‘weet’ mos dit is – dan

sal dié kolom bestaan. En hoe weet hulle die teorie van evolusie is waar? Wel, omdat die kolom bestaan! En hoe weet hulle die kolom bestaan? Wel, omdat die teorie van evolusie waar is!

Hierdie is ‘n klassieke sirkelredenasie, ook in filosofiese kringe bekend as die grootste bol twak wat jy al ooit gehoor het.”

Na hierdie virtueuse vertoning van toegepaste akademie bly daar min oor om te sê.

Min, maar nie niks nie. In een droë opmerking pluk Gert Koen die mat deegliker onder die evolusioniste uit as wat my halfuur se filosofie, wetenskap en teologie kon doen:

“Wat ek nie kan verstaan nie,” mymer die man hardop, “is hoedat die mens, pleks van weinig minder as ‘n engel eerder ‘n glorified aap wil wees.”

Amen.



“As ek sê ‘oë front!’ wil ek hoor hoe maak julle oë ‘klik!’ Hoor julle my, troepe, hoor julle my mooi?

Wat kyk jy vir my, sweetgevreet, wat kyk jy? Huh?! Ek het nie die tyd nie en jy het nie die geld nie...”

Vir die weermag is dit belangrik hoe en waar ‘n man kyk. Met inspeksies moet jy voor jou kyk terwyl die man in jou goed langs jou grawe of selfs langs jou kom staan, sy mond enkele sentimeters van die kant van jou kop af, en hy gil op jou. In die veld moet jy kyk waar jy loop en tydens opleiding moet jy kyk wat jy doen en met vuur-in-beweging moet jy kyk waar jy skiet. Met teikenaanduiding moet jy skiet waar iemand anders kyk: “Tweehonderd meter, regs twee-uur, boompie, net links, terr in knielhouding, VUUR!”

As loopsoldaat word jy voortdurend aangepraat om mooi te kyk na jou voete. Eerder dat hulle ewe veel vermanings aanhef oor oogsorg. Die algemeenste letsels wat oorgehou is

van die grensoorlog is oogbeserings. Oë wat oopgesper is in die wit skroeilig, oë wat sonder om te knip staar en soek na spore, pootjiedrade, bewegings...

Die spreekwoord sê dat die mens se oë die vensters van sy siel is. Ek glo dit.

Die ou Oosterlinge voer tereg aan dat haar oë die belangrikste kenmerk van 'n mooi vrou is. Maar oë is meer as net lense na die innerlike of kaatsings van persoonlike skoonheid. In 'n persoon se oë, as jy mooi kyk, sal jy agterkom of 'n persoon opreg of vals is. Selfs die plooitjies rondom die oë verklap iets van die persoon: Is hy ernstig of lag hy gereeld? Bedaard of befoeterd? Sag of hardgebak? En kyk na 'n versteurde – is sy oë nie die opvallendste kenmerk van sy persoon nie?

Die instinkte wat ek as kapelaan ontwikkel het, het my geleer om die waarheid in 'n persoon se oë te soek. Deur 'n mens se oë sien jy sy wese raak. Ek het al troepe voor my gehad wie se ongeërgde of uitdagende houding 'n klap in die gesig is. Maar dan kyk ek verby die vatjouweweg-dominee postuur en ek sien die seer of die verwarring of verlange in die oë.

Oë praat. Wie is daar wat nie meer waarde heg aan 'n liefdevolle kyk as aan al die liefdesbetuigings in die wêreld nie? Is ons nie almal uit moedeloosheid of depressie opgehef deur 'n knipoog van 'n mens wat verstaan nie?

Jan F. Cilliers het met groot beslistheid beskryf waaraan hy 'n ware man herken:

“Ek hou van 'n man wat sy man kan staan,
ek hou van 'n arm wat 'n slag kan slaan,
EN 'N OOG WAT NIE WYK –
WAT 'N BARS KAN KYK,
en 'n wil wat so vas soos 'n klipsteen staan.”

Ek het die oë van die weermag gesien. Oë wat flits of staar of wat groottrek van aderenaliengedrewe opwindings. Ek het gesien hoe lyk oë wat dof is van uitputting of waarvan die aartjies bloedgeswel

en rooi is na 'n harde nag se gefuif en oproerigheid. Ek weet hoe oë rol van vrees; ek ken die reguitkyk van vasberadenheid of die gloeiende staar van gedetermineerde woede teen die vyand. En ek het dikwels trane in die oë van geharde manne gewaar.

Vanoggend is die manne weg in die Buffels. Hulle is maar net nog seuns in die vroegdag, vol grappe en manhaftigheid. Vol opwinding en verwagtinge. Al praat hulle soos manne, en al is hulle taai en kan hulle hulleself handhaaf in die smeltkroes van die veldslag, is daar onskuld en helderheid en lewensblyheid in hulle oë waarvan die wit amper as't ware straal van blakende gesondheid.

Laatmiddag is hulle terug. Ek kyk verby die stowwerige en verweerde bruinklere en die grensvegterstyl T-hemde wat van moue ontroof is. Ek sien nie die seningrige lywe en die yl borshare van die maar-nog-net-seuns nie. Ook nie die skrape en sweet en grond op die arms en gesigte nie; let nie die gewere op wat skynbaar net nog 'n ledemaat van elkeen geword het nie. Wat my tref is nie die kort, platgeswete hare nie.

Ek sien die oë. Dit is dié van 'n oumens in 'n jong lyf. Oë wat 'n seil trek oor die jeug. Hierdie seuns sal nooit weer regtig jonk wees nie. Ek sien die oë wat die dood in die gesig gekyk het.

En 'n stuk van my siel is afgeruk oor 'n jongman wat dinge voor sy tyd gesien het.



Vra die manne wat daar was: Die eerste kontak is nie so erg nie. Dit klink en ruik en vóél soos 'n oefening en jy het baie daarvan agter die blad. Alles is ingedril, ingeoefen, gerepeteer, herhaal, weer gedoen, oor gedoen; oor en oor en oor, totdat jou eie verstand uit pure verveeldheid oorgegee het aan jou nuwe kondisionering en instinkte. En wanneer dieselfde instrukteur wat jou opgelei het, vir jou dieselfde instruksies gee klink alles... so normaal en om mee te begin is alles dieselfde, is alles... net... nog 'n oefening. Die geluide

is dieselfde. Die harwar van bevele, bewegings, van stof en hitte is dieselfde. Jou lyf ken die teksture van die stekerige gras en die ontoegeeflike grond. En jou borskas ken die skielike pofkrag van 'n stewige dosis adrenalien. Daar is hierdie heerlike, gerusstellende konsensus tussen jou brein en jou liggaam: Hierdie is, na alles, net nog 'n oefening.

'n Millisekonde later bars 'n protesgedagte deur jou instinkte: Hierdie is die wáre ding. *Hierdie is nie – herhaal níé – net nog 'n amieroemer nie.*

Maar jy het nie tyd om hierdie skrikwekkende maar, o so opwindende, idee te ontleed nie. Jou lyf het reeds oorgeskakel na outomaties. Die allerheilige drils het ingeskop, daardie programme van reaksies en bewegings en nougesette gehoorsaamheid aan bevele wat deur eindelose herhaling in die diepste en prominentste tablette van jou hart gegraveer is.

Dash-down-roll... Battletalk, battletalk – skree elke bevel wat jy hoor kliphard uit sodat jou buddies dit ook kan hoor te midde van die knalle en kreune en vloeke en voetvalskarrelings en stampgeluide van lywe wat in holtes van die aarde ingeslaan word en die staalknarse en –klappe van wapentuig wat gespan, gelaai, gereed gemaak word. En te midde van al die frenetiese ontduik-en-slaan-terug babelsheid van dit alles hoor jy die bev op die radio en hy skree en jy hoor die pelotonsersant en die seksieleiers wat ou-ou-ou maar nou splinternuwe bevele gee en die doelgerigte kalmte van hulle stemme het net 'n nuwe, dringende kleur by.

...observe-sights... Jy skuur oor die grond, lig jou bolyf in die lê-houding, elmboë soos omgekeerde motorstutte onder jou... Kykkykkyk... en jy sien wat jy altyd sien: Gras, grond, krom en harde bome... maar jy kyk geoefend daarna, soek die holtes in die aarde, die deinings wat die dood agter 'n AK kan verdoesel... En rondom jou krakkel die eerste R4's – wie sien wát?! – en die LMG op die linkerflank begin roffel. Snotneuse doe-DOEMP iewers half agter jou en daar is die bekende fladderklank, soos 'n breë lint wat in 'n harde wind wapper – wanneer die projektiel in 'n parabool vorentoe vlieg. Jy sien die skielike fontein van aardkors

en rook voor jou – honderd, honderdvyfzig meter, links elfuur – en dan sien jy hulle, die gebukkende figure en jy kan nie uitmaak of hulle verward of doelgerig is nie maar hulle beweeg, beweeg skielik en vinnig, en enige iets wat vinnig en skielik beweeg lewe; is vol venynige, planmatige lewe en jy hoor ‘n nuwe geluid; het al baie daarvan gepraat maar dit nog nooit gehóór nie, die eiesoortige POP... POP... poppoppop... POP... Dis meneer Aftomat Kalasjnikoff... die plofklap van ‘n AK 47. En agterna sal jy sê dit klink soos springmielies wat in warm olie oopplof en die ander wat daar was, sal weet waarvan jy praat.

Jou eie geweer wat jy al só lank saamsleep, skoonmaak, vertroetel het en wat al ‘n duisend keer deur jou gespan en gekorrel en afgevuur is, kom teen jou skouer. Jou regterduim druk die veiligheidsknip af, soek die “R” maar skuif verby na die “A” vir voloutomaties. Jou linkerhand ruk die regop spangreep agtertoe en laat dit vorentoe klap. Jy loer om en oor die gras en jou oë trek vas op ‘n bepaalde beweging. Agterste, voorste visier... fokus op die voorste visier, plaas dit op die dofkol van die beweging voor jou – vlees en bloed ja, mens, maar ‘n mens wat in sy geheel nou net bestaan om deur jóú met jóú geweer – reeksnommer 662777 – geskiet te word. ‘n Groot geraas ontstaan om jou en ‘n vreemde oomblik later besef jy dis die knalle van jou eie geweer. Doppies en rook en stof en gras wat wegvoor spat.

Leeg!

Verwissel jou greep op die geweer, trek die magasynknip met jou regterduim en –voervinger, ruk die magasyn uit maar as jy ‘n gelaaide een – vol van daardie venynige spitsneus koperoorgetrekte vriendjies – soek maak jou hand ekstra bewegings wat jy nie beplan het nie. PlukplukplukPLUK... RUK... die magasyn uit, haak die voorkant in die geweer se magasyngleuf in... *SightsFIRE!* Daar is die stywe getrommel van die kolf teen jou skouer, ‘n stewige massering, ‘n gerusstellende gehamer wat jou verseker dat jou geweer werk en as jy nog asemhaal en jou geweer werk, kan die hele, hele hoop SWAPO’s, hulle maatjies die FAPLA’s en die hele, helse Russiese weermag self jou nie stop nie!

En dan is jy saam met die res op jou voete en julle nael vorentoe en dit is so... VERKEERD... want as jy hardloop is jy regop en as jy regop is, kruip jy nie weg nie en kan hy, daardie verwoede moordenaar – wat wégkruip – daar voor, jou sien en sy geweer het ook ‘n spangreep, ‘n voorste visier, ‘n agterste visier, ‘n sneller... maar nou maak dit nie saak nie want jy hardloop, hárdloop, en jy wil hom sien, jy wil hom so bitter graag sien, dat jy jou geweer kan vat en deur jóú agterste visier kyk en jóú voorste visier kyk en jóú sneller trek en inhou totdat daar net rook en stof en verder niks voor, niksniksniks, voor jou is nie.

“Dekking!” En jy skree, gil asof jy alles kan regkry as jy net hard genoeg skree, jy gil *DEKKING!* en jy tref die grond, vollengte, plat, tref dit vinnig en skoon. Voorste visier, agterste visier – en die stof en die rook en die warm doppies en die getrommel teen jou skouer. Op. OP! OP! Vorentoe. Probeer hardloop terwyl jy uit die skouer skiet. Dekking. Op. Vorentoe. Dekking. Op. En dan kom alles vinnig nader, die hinderlaagposisie... en jy sien ‘n warrelwind het hulle getref, ‘n verskriklike en verwoestende warrelwind wat jy help maak het. Maar in die puin kan daar nog skerpioene wees wat hard kan steek.

“Bullets!” *Bullets?* Jou regterduim trek die knip terug tot op “R” en jy soek teikens en al sien jy nie regtig iets beweeg nie, pluk jy die sneller in tweeskootsarsies. *Double-tap, double-tap, double-tap...* ta-DA! ta-DA!

“STAAK VUUR!” *STAAK VUUR!*

Stilte. Iewers vloek iemand. Loet praat op die radio. ‘n Kouefront trek oor jou binnekant, spoel die koors in jou rond. Jy vind dat jou hele, ganse liggaam bewe. Dors. Baie, baie dors. En as jy op bevel jou geweer veilig maak en ‘n vars magasyn indruk en jou rondtes tel, kan jy nie glo dat jy net ‘n rapsie meer as 40 rondtes van jou eerstelynnammunisie oorhet nie.

Om jou begin die peloton beweeg. Die stemme is skril; praat vinnig, hard. Soveel verligting, soveel... nuuskierigheid, want nou wil jy sien wat jy en hulle gedoen het.

En dan sien die jongman dalk sy eerste lyk – ‘n SWAPO in ‘n

rooi T-hemp en olyfgroenbroek en stewels wat so saf geloop is soos net ‘n Afrikaan skoene sat kan loop. In die dood lyk hulle nooit so verskriklik nie. Dof en grys en vol glanslose bloed. Maerder en kleiner as wat jy verwag het.

Die gebied word beveilig en die medic vroetel koorsagtig in sy mediese sak en fladder om die gekwestes, nou nie meer vyande nie maar net mense wat seer, baie seer, gekry het.

‘n Naashisteriese verligtheid kom oor die troepe. Hulle lag met stemme wat skielik hoog en bros klink. Vertel. Vra uit. Terg. Camel-rook meng met die reuk van gebrande kruit en stof, en die vlieë is skielik daar. Water word gedeel. Uitgestelde vrees en skok vleg saam met die groot, groot blywees, die trotsheid om te weet dat die mens se magtigste instink – dié om te oorlewe – getrou gedien is. Dis lekker om te lewe.

Ons het dit gemaak. Ou Chris het met sy mond op ‘n stuk stomp geval; skrapnel het vir Harris in die sy getref; Nel se pinkie het in sy geweer se werkende dele beland, het dit laat oopbars soos ‘n spanspek wat deur ‘n piksteel getref is, sal net met Nel gebeur; Nel wat tien duime het wat nie een met die ander praat nie... maar hei, eintlik is almal oukei...

Maar miskien nie, want dit kan wees dat julle eerste kontak fataal was en dan is daar ‘n troep wat by sy bebloede buidie sit en sy naam uitskree, en ‘n medic wat hulpeloos sy skouers optrek.

Oorlog is ‘n kontak sport, sê hulle. In sport kry manne seer. In oorlog gaan manne dood. Dit is hoe dit is. Weg is die voorafgaande verheerliking van oorlog. Dit is, na alles, ‘n nare en skrikwekkende verskynsel. Hoe kan dit was dat jy ooit kon uitgesien het na kontak?

Die eerste kontak is nie so erg nie. Maar nou wéét jy. En die tweede en die derde slaagsraking is ‘n verskrikking en dit los jou naer en ontsteld, onseker oor jou en die wêreld. Maar ‘n mens pas weer aan. Jy sal nooit gewoon raak aan oorlog nie, maar jy leer wel om beheer oor jouself daarin te neem.



Vreemd genoeg. Op die grens leer die manne wel gou genoeg om in die omgewing, en soms in nou verbintenis, met dood te leef. Die lewe gaan aan. Daar is tente om op te slaan, slote om te graawe en patrollies om te stap. Die aanvanklike skokke vervaag en die ouens raak gou genoeg gewoond aan die nuwe gesigte in die seksie. Na die vuurdoop, soos die ou skrywers dit genoem het, gaan ons aan. Maar ons is nie meer dieselfde nie.

Jy ervaar dinge in ander grade. Die gewone klein irritasies wat jou so kon besig hou, het nou hulle angel verloor. 'n Mens sien mos nie klein skaduwees raak as daar 'n monumentale swart donderwolk oortrek nie. Die kos proe nou orraait, die hitte is nie meer so erg nie, die rang nie meer so intimiderend nie.

'n Gevoel van gelatenheid kom oor die manne. Die grens is nou maar eenmaal waar hulle is. Niks gaan daaraan verander nie. Behalwe natuurlik as daar 'n bodybag met jou nommer daarop verskyn. En as dít is hoe dit is, nou ja, laat dit so wees. Kom jy om, so kom jy om. As dit jou tyd is, help dit nie om te stry nie. Jy is 'n troep met 'n nommer en 'n geweer. Niks minder nie. Maar ook niks meer nie.

Totdat die pos opdaag. Want dan het jy weer 'n naam en jy het 'n huis waar siwies vir jou wag; 'n pa, 'n ma, boeties, sussies, pelle... en 'n meisie wat jou naam op haar slaapkamerspieël geskryf het.

Pos is 'n soldaat se dierbaarste kleinood. Hy sal sonder kos klaarkom eerder as om met leë hande van 'n posparade terug te keer. Dit is die briewe wat hy kry wat hom van die ander onderskei. Hier, op die grens, is almal dieselfde; dra dieselfde gebleikte bruin klere, is almal 'n werkende deel in 'n groot masjien, het elkeen dieselfde ambisie – *we're gonna kill that Sam Nujoma* – en praat almal in dieselfde kode van militêre gebruikswyses. Maar 'n brief kom van

mense af, van ‘n wêreld waar niemand browns dra nie, en hulle ken nêr vir jou en praat nêr met jou. Hierdie brief en koevert kom van ‘n planeet waar adresse bestaan uit nommers, strate, voorstede, stede en poskodes. En hy, hierdie skutter Snoeks, het ook ‘n adres daar, deksels! ‘n Brief is sy enigste verbindingslyn met die wêreld waarvoor hy veg, en dit is ook ‘n bewys dat daar vir hom, wie weet, ‘n lewe anderkant die bruinklere bestaan.

Hou in gedagte dat ‘n man se militêre ambisies op die grens verander. Aan die begin van sy diensplig het hy homself dungerek net om basies agter die blad te kry. Daarna het hy gewag vir die dag wat hy uitpasseer in sy doelontwerpte militêre aanwending as infanteris, medic, mortieris, stormpionier of wat ook al. Teen hierdie tyd is hy so fiks, vaardig en venynig dat dit nou sy mees intense ambisie is om afgedeel te word vir diens in die operasionele gebied. Bring daai SWAPO’s want as dit nie vir hulle was nie, het hy nie deur die produksielyn van basies, uitputting, slaapontwrigting, inperkings, roetemarse, 2,4’s, ontberings en ontneming van siviele voorregte gely nie. En dit is nou so frokkieng vervelig om op teikens te skiet, om skynaanvalle te loods, om nagmarse na nêrens te doen en om fopgranate te gooi. ‘n Taai soldaat met nuwe vaardighede wil sy nuwe speelgoed en nuwe aanleg op ‘n rêrige vyand toepas.

Daarom, as hy eers op die grens aangekom het, brand daar in die troep se boesem die begeerte vir kontak met die vyand. Maar as dit eers gebeur, na die eerste of die tweede of die derde of die hoeveelste kontak, bly daar niks vir hom oor nie anders as om sy werk te doen, te oorleef en om klaar te maak met die hele gedoente nie. En al hoe helderder in hom brand ‘n vae kennis van lewe na die weeromag. Sy ambisie verskuif. Waar hy aan die begin nie kon glo dat hy ooit die voorreg van kontak met die vyand sou ervaar nie, is dit nou Siwwiestraat wat so onwerklik lyk. Om weer daar te wees, dít is nou sy aansporing om te bly leef.

So eenvoudig soos dit.

Die enigste werklike, tasbare bewys wat hy van die bestaan van daardie hemel-op-aarde het, daardie Elysium, is die briewe wat hy van Siwwiestraat kry.

Ongelukkig is die pos skaars op die grens. Die pos is ook stadig en die eenhede beweeg so vinnig en eensklaps dat dit soms weke vir 'n brief vat om die troep iewers in die operasionele gebied te vind. Die nuus in hierdie brief is dikwels verouderd. Tog word dié dokument oor en oor gelees; die eerste keer in 'n koors van bewerige opgewondenheid, so vinnig as wat die oë daarvoor kan vee. Daarna lees hy dit sorgvuldig, oorweeg elke nuanse daarvan, peil elke motief en Siwwiestraat in al sy baldadige onverskilligheid slaan amper soos 'n voelbare hologram uit die brief op. Oor en oor, lees hy dit. Oor en oor. In daglig, onder 'n kaal elektriese gloeilamp langs die kantien, met die verbleikte lig van 'n goedkoop flits. Die brief word gestoor in die bo-sak waar dit later vuil en tam word van die kere wat die lid daaraan raak. En dikwels is dit die roerendste voorwerp wat van die bebloede lyk van 'n troep op 'n vlekvrystaal tafel agter die linies herwin word: Daardie laaste brief van sy ma of sy meisie.

Hierdie brief is soveel meer as die somtotaal van die onderdele daarvan. Dit is nie sommer net papier en ink nie. Dit is 'n herinnering aan wie jy werklik is en 'n aansporing om “deur dit alles te kom.” Gaan sit jy vir 'n oomblik, dwaal jou hand vanself na die bosak en wanneer jy die brief oopvou, is dit 'n deel van die ware lewe wat jy vrystel. Later ken jy die inhoud daarvan beter as die tweemaal tafel; selfs beter – vergewe ons! – as die Onse Vader. Jy beitel dit alles uit teen die wande van jou verstand; elke klein woord en elke leesteken en elke strepie, kolletjie en kringetjie. Selfs die klein skryffoutjies word dierbaar.

Maar met hierdie samestelling van letters, syfers, inksmeersels en uitgekrapte en oorgedoende woorde kom nie net 'n aansporing vir die troep om sy kop laag te hou en te kyk waar hy trap nie. Dit bring ook kwesbaarheid. Ineenstortings en selfmoorde kom verreweg die meeste voor in die dae na 'n posparade. In hierdie fase van sy operasionele lewe het die maatjie al die weermag se filosofie van oorlewing aangegryp: “*Get your thumb up your backside and your mind into neutral.*” Om die eindelose sloegang, wat afgewissel word deur die skielike, rou skok van aksie, op die grens te oorleef,

moet jy noodwendig ‘n deel van jou verstand afskakel. Dit is juis daardie deel wat weer geaktiveer word deur ‘n brief van die huis.

Meteens is die lewe in sy huidige gestalte nie meer goed genoeg nie. Die heimwee is in die troep en dit word ‘n koors, ‘n onaanvegbare aandoening. Hy idealiseer elke aspek van “die huis” en kontrasteer dit met sy huidige omgewing. Die foute, mislukkings en wanaanpassings van “sy mense” bestaan nie meer vir hom nie. Die vorige keer wat hy op seven days was, was alles oorheers deur vreugde van sy teenwoordigheid en die kortstondigheid van sy verblyf daar en deur

die besliste, melancholiese wete dat hy te gou weer sal weggaan. En hier is hy nou. Hier, op die grens, vandag, waar tyd soos kosbare vloeistof uit ‘n gekraakte fles loop. Sy lewe *gaan verby!* Vandag is ‘n trae marteling, môre ‘n berg waaroor hy nie kan sien nie en oormore ‘n vaal moontlikheid. Hy wil huistoe gaan. Iewers op die verlore horison is die huis en dis ‘n simbool van vrede en orde en aanvaarding en dit is waarom hy deur die meganiek van sy bestaan gaan. Sy totale hoop op verlossing uit sy huidige vagevuur is die idee van sy mense en sy huis. Sy lewe. Soos bevestig deur die briewe.

Die kosbaarste briewe kom van die meisie in sy lewe. Sy, in samewerking met al die nuwe emosies en lewenskrag en status wat soldaatwees bring, rus hom toe met ‘n gevoel dat hy ‘n held is, dat iets buitengewoon in sy lewe belê is en dat daar ‘n kompensasie vir al sy verliese en ontberings is.

Maar as daar ‘n brief in sy pos is, en dit is so ‘n dun een waaraan die onheil tasbaar is, en dit deel hom mee in die mees geykte en lamste van uitdrukkings dat daar ‘n deel van die huis is waarna hy nie meer moeite moet doen om na uit te sien nie, verbrokkel sy hele bestaanswêreld. Ek sê nie dat elke “Dear John”-brief ‘n troep se selfvernietiging veroorsaak het nie. Die ongelukkige waarheid is dat meeste lede wel die jammerlike wenner van so ‘n doemdokument was. Verreweg die meeste van hulle het iewers ‘n laaste bietjie oorlewingskrag uit uitgeputte reserwes opgediep en maar net aangegaan met die lewe op die grens.

In Kleinboet se vegspan in Angola het 'n ware vlaag van die goed sy peloton getref. Omdat hulle in gevegsomstandighede was, kon hulle nie eers terugskryf aan die meisies om te protesteer of om die saak te beredder of darem ten minste sommer net beledigend te wees nie. Daar was nie tyd om oor die saak te tob nie. Daarom is 'n gebruik gebore uit die weg van die minste weerstand. Elke ontvanger van 'n "Dear John" het dié grilligerige ding met kleefband aan die Buffel se bak vasgeplak vir almal om te lees. Nadat sy pelotonmakers sy verlies teen die mobiele, gepantserde, Nutria-bruin bulletinbord ondersoek het, het elkeen dan vir hom 'n bier gekoop waarna hierdie troue, sensitiewe kamerade sy siel genadeloos uitgetrek het.

Maar nie almal het die innerlike steierwerk gehad om met dié siviele verwerping saam te leef nie. Wanneer 'n troep – ook maar mens, kort hare en lae liggaamsvetindeks nieteenstaande — se bestaansdoel verval en hy besef daar is niks wat vir hom by die hemel-op-aarde wag nie, en as hy homself oortuig het dat hy nie sterk genoeg is vir die verlies nie, het die ergste dikwels gevolg.

Die ergste het gewoonlik een van twee tendense gevolg. Soms het die lid se terneergedruktheid 'n persoonlike inploffing ontketen en die onbekampte vrees in hom het hom sy eie vernietiging laat begeer. Baie van hierdie ouens het eenvoudig in duie gestort en moes verwyder word van die grens. Maar — te veel, te veel, te veel — van hulle, het 'n eensame afspraak met die voorkant van hulle eie gewere nagekom.

Die ander soort het heel verskillend gereageer. Vir hulle het alle vrees saam met die bestaansdoel verdwyn en daarmee saam die leisels en stange waarmee die weermag hulle nie net gelei en aangewend het nie, maar ook beskerm het. Soos hierdie troep daaroor gedink het, het die ergste reeds gebeur. Daar was niks meer om voor bang te wees nie: Nie die gramskap van 'n bevelvoerder, die dreigemente van die militêre polisie of selfs die groeiende moontlikheid van 'n verwoestende ongeluk of selfs 'n gewelddood nie. Vrees is meer as net die juk en skeie waarmee hy in diens van die weermag trek. Dit is ook die meganisme wat moet verseker dat

‘n lid die regte prosedures in elke situasie sal volg om te verseker dat hy ‘n kans op oorlewing het. Neem hierdie skans weg en sy lewensverwagting krimp net te vinnig.

Ek het ‘n hoeveelheid lede in hierdie toestand gesien. Party mense het gesê hulle is bloot nafie of bossies. Maar wanneer die lyksakke terugkom en die stories word vertel, skud die pop-psigoloë hulle koppe en sê dit verstaan hulle nie.

Agterna word vir die ouers vertel dat hulle seun dood is in aksie of tydens ‘n ongeluk. ‘n Ongeluk?

Ja, want soms is die dodelikste ongeluk maar net ‘n meisie met ‘n pen, ‘n vel papier en ‘n nuwe gier.



*They say that in the army
The girls are so divine;
You ask for Farah Fawcett
They give you Frankenstein...*



En as die manne eers verlief raak!

Kan ook nie anders nie. As jy eers ‘n jongman vat en jy verwyder hom uit die alledaagsheid van sy tienerbestaan waarvan die horisonne gedefinieer word deur die teerstrate van sy tuisdorp, en jy maak hom fiks en taai en jy deel hom toe met nuwe en gevaarlike vaardighede en in sy nuwe omgewing is daar die deurlopende teenwoordigheid van honderde ander lewenslustige, fikse, heteroseksuele jongmans onder wie meisies figureer as die gewildste en mees standhoudende gespreksonderwerp, en jy plaas hierdie jongmanne in situasies van ontsaglike verantwoordelikheid en selfs van lewensgevaar, waar nie net sy makkers nie maar die

land se hele militêre masjien staatmaak op sy nugterheid van denke en presiesheid van denke, gaan hy met 'n nuwe vasberadenheid terug huis toe. Hierdie is wonderlike en moeilik-weerstaanbare materiaal vir 'n viriele en onstuimige hartstog om uit te gaan en te verower.

Die burgerlike jongmanne op Siwwiestraat – wat risiko in terme van sulke avonture sien as om te parkeer sonder om geld in die meter te gooi – kan beswaarlik meeding in die vroue-oog met 'n lenige, taai jongman wat dinge gesien en beleef het wat só uitspattig en ingrypend is dat hy nie eers daarvoor kan praat nie. Vir die blinkogie by die huis is hý inderwaarheid háár avontuur. En die seun wat so onbeholpe, onseker en puisiebesaai was voor sy vertrek en wat nou 'n vasberade willewragtag is, het dikwels die soort romantiese sukses wat hy nooit verwag het nie. Houding – *houding!* – en amoreuse verowering, vind hy uit, is nie oor-en-weer uitsluitend nie. Inteendeel, sy nuwe fiksheid en ingesteldheid stimuleer juis sy romantiese passies. Dit alles is vir hom só nuut dat hy aanneem dat hy, soos alle verliefde jongmans, aanneem dat hy die eerste is om dit te ervaar, en dit maak van hom dié deskundige.

In een ontvlamde en intense sewedag verlof vorder hierdie maat van nuut-ingewyde in die kultus van romantiese liefde tot veteraan van verliefdheid. Oorlog ruie die romantiese gees op. Kryggeweld het lewensverlies as oogmerk en die volk moet weer aangevul word. Tyd is min en as jy niks het om te verloor nie en as jy beskik oor 'n vegtersbenadering en gekondisioneer is om hewig te kompeteer, gaan jy 'n skynsel in die vroue-oog bring. Maar niks wat hy tydens basies of in tein-opleiding geleer het, het hom voorberei vir die nuwe mag in sy lewe nie. Teen die vrou en haar broeise vaardighede het hy geen weerstand nie. So, die veroweraar word die verowerde; niks meer as 'n donskuiken in die warm, geurige handjies van sy geliefde nie. Hy het geen ware benul van wie wat is en wat waar is nie. Hy het die vermoë van presiese, doelmatige denke verloor. Hy is nou een bondel emosies en wanneer hierdie verleide, hierdie misleide, wat so verstrengel is deur magtige nuwe gevoelens, terugkeer na die boesem van die weermag – pasop! – nou

is dit die manne in die peloton wat nie was waar hy gewandel het nie. Nou is hulle die onbeheindiges, die onkundiges, die armsalige pampoene wat nie die voorreg van sy ontsaglike soort liefde ken nie. Hy is nou die professor van passie.

Daar is niks wat jy hom kan vertel nie. Moet nie eers dink dat jy iets van dit alles al beleef het of enige iets daarvan kan verstaan nie, jou arme, oningeligte drommel. Sien, 'n liefde soos syne kom net een keer in 'n ewigheid. Die legendariese liefdes van die verlede vervaag in die vlam van sy erotiek. Romeo en Juliet? Pure bogkinders. Die Skone Helena van Troje en haar Paris? Noem hulle nie eers op nie. Praat nie van Violetta en Alfredo nie. Moenie luister na Mozart, Verdi of Beethoven nie. Lees nie verder in Goethe of Dante nie. Slaan Salomo se Hooglied oor. As jy wil weet van liefde, jy het nou die voorreg om aan die voete van die meester te sit.

In 'n enkele, saamgeperste week het inspirasie ons man oorval. Nou skryf hy lang, klewerige liefdesbriewe en gediggies van bewondering in gemartelde paarrym en onsamehangende reëls. Die man dagdroom, verloor konsentrasie, vermy sy drinkebroers en hou homself eenkant met die Saterdagabraai.

Die man is verlief. Die klem het vir hom nou van die hede na die toekoms geskuif. Vir geen oomblik is daar twyfel in sy agtienjarige hart dat dit hy en sy vir altyd en ewig sal wees nie. 'n Liefde soos syne het die wêreld nog nooit geken nie. Dit sal soos 'n rotstoring bly staan, waardig en trots teen al die uitdagings en aanslae van die lewe.

En dan is dit weer tyd vir pas. Die man is vort, koorsig van afwagting. Wanneer hy van die pas terugkeer, kan dit min of meer aanvaar word dat die ewigheid van sy liefde toe nie heeltemal so lank soos seven days was nie en dat hy van sy geliefde afgesien het. In weermagterme is sewe dae 'n hele leeftyd en daarom is die kansse goed dat sy liefdesbrand afgekoel het. Die kansse is ewe goed dat hy 'n nuwe liefde gevind het.

A, hierdie ervaring, hierdie liefdestorm is so nuut vir hom. Maar dit is tyd om hom te vertel dat Salomo reeds duisende jare

gelede die saak in die lig gestel het:

“Die liefde is sterker as die dood,
die hartstog magtiger as die doderyk;
dit brand en vlam soos vuur.

Strome water kan die liefde nie blus nie,

Riviere kan dit nie afkoel nie.
Al wil iemand vir die liefde
al die rykdom van sy huis betaal,
hy sal daarvoor uitgelag word.”
(*Hooglied 8:6,7*)

Al wat oorbly is om dankbaar te wees dat die Here se liefde vir ons nog vuriger en meer intens is... en dat dit langer as sewe dae hou.



Min Dae Maak Alles Reg

“VerDAAG!”

“EEN-tweedrie---EEN!”

‘n Duisend regterarms flits op en ‘n duisend hande – palms oop, vingers stokstyf gepunt en teen mekaar, voorarms ewewydig met die grond – raak teen regter winkbroue in ‘n presiese, sidderende saluut.

“...tweedrie---- EEN!”

Die arms swiep af en sluit styf teen die sye af en langs die bobene.

“Eenduisend harde manne in verbleikte bruinklere – *houding*browns – tol na links in ‘n beweging wat so presies is dis asof hulle saam een, wye organisme is; ‘n masjien waarvan die onderdele onlosmaaklik verbind is sodat nie een afsonderlik kan beweeg nie maar in die geheel moet bly.

“---tweedrie---”

Die regterbene haak vorentoe, dye parallel met die harde paradegrond en in ‘n winkelhaak met die onderbene wat vertikaal hang, stewelpunte gelyk met die bopunte van die linkerstewels. Net vir ‘n oomblik is daar geen geluid nie, geen beweging nie en ‘n duisend harte klop sterk en eweredig in ‘n lugleegte van tyd. Die manne staan asof gevries en die lug om hulle is vol son en somer.

“---EENNN!”

‘n Duisend stewelsole tref die aarde in een magtige slag en dreuneggo’s slaan weg. Die wending is vir eens gelyk en volmaak.

“---tweedrie---eentweedrie...”

Hierdie bevel (“verdaag!” in plaas van “uittree!”) word net een keer deur die uitverkorenes wat lewe in die S.A.W. oorleef het, gehoor. Dit is die laaste bevel wat tydens diensplig aan hom uitgereik word.

Drie gerekte treë in gelid en dit is alles verby. Sonder ‘n verdere instruksie en sonder dat dit aangespreek is, stroop die manne hulle groen hoofdeksels van hulle koppe af en slinger dit uitgelate hoog en reguit die lug in. ‘n Swerm ronde kolletjies in die lug soos sagte groen sente. En dit kan net sowel die teken wees: Terwyl die berets in die lug was, was hierdie troepe lede van die S.A.W., vir die amie om mee te maak wat hy wil. Teen die tyd wat

die swaartekrag, so onverbiddelik soos tyd self, die hoofdeksels terugtrek tot in die jongmanne se hande is hulle diensplig verby. Ja, hulle het die vorige weke onheilspellende lesings gekry tot die effek dat hulle vir die volgende negentig dae nog onder militêre reg sal wees en, natuurlik, daar is nog jare se kwota kampe om agter die rug te kry. Maak nie saak nie. Op elke manier wat enige iets beteken, is Skutter Snoeks terug waar hy hoort: Siwwiestraat.

Waar oomblikke tevore kompanies opgestel was in haaks formasies, is daar nou amorwe swerms troepe wat om mekaar wemel en koek. In 'n warrel van uitgelatenheid word omhels en bladgeskud, adresse uitgeruil, vertel van vakansies wat gehou gaan word, meisies wat gevry en getrou gaan word, loopbane wat gebou gaan word, toekomstige wat wag.

“Ons sal kontak hou,” belowe hulle mekaar. “Ons met 'n plan maak, dan kom ons hele seksie, miskien die hele peloton, volgende jaar bymekaar. Sommer hier in die dorp, by die oord, dan vertel ons vir die rowers wat vir hulle wag.”

Gaandeweg verstil die euforie. Hulle begin uitmekaar dryf, skielik traag en onseker. Vir sewehonderd-en-twintig dae, die mees ingrypende en rykste dae wat meeste van hulle ooit sal beleef, het hulle hiervoor gewerk en gewag; gedroom daarvan. Maar nou – nou dat dit hier is – voel dit alles so vreemd. Deur die voorafgaande twee jaar het hulle gewoon geword aan mekaar en die weermag. Dit was nie 'n tyd of 'n plek met enige noemenswaardige sofistikasie nie en die manne het hulleself nie juis vanweë hulle sensitiwiteit onderskei nie. Maar die troep weet iets instinktief en dit sal deur die jare bevestig word: Nooit weer sal hy deel wees van so 'n hegte groep mense nie.

Hulle was so déél van mekaar:- nou is dit elke man vir homself.

Die manne word geabsorbeer in 'n konvooi siwwiekarre en busse wat hulle vir oulaas by die stasie sal aflaai. Ander ry bus. Maar as hulle lag wanneer hulle daar weggaan, is die klank daarvan net so effens vals en gedwonge. Hulle sê die lewe gaan aan en die

manne het hulleself belowe om wat agter is agter te los, om so spoedig moontlik alles te vergeet.

Maar hulle kan nie. Hulle sal onthou. Vir altyd. En – in die finale, ironiese wraak van die weermag – in die dae wat kom sal hulle verlang na die twee jaar as dienspligtiges in die Suid-Afrikaanse Weermag, toe hulle jonk was en sterk, en deel van mekaar.



Regoor die land klaar die manne uit maar ek bly. Ek, die PF's en 'n paar misdadigers wat ekstra dae gekry het.

Teen hierdie tyd was ek ook behoorlik nafie en ter dae sat van die weermag. Maar ek het nog nie 'n gemeenteberoep gekry nie en ek moet ten brode langer bly.



Nie dat ek nie mindaekoors gekry het nie. Ek het, en erg.

Die gesamentlike voorbereiding vir die Heerlike Dag wanneer die troepe uitklear is vir die laaste paar maande op simboliese dae gevier. Eers was daar 'n dag in September wat as 'n oefenlopie vir die Groot Fees beskou kan word: Double Figures. Nege-en-negentig dae oor in die man se amie. Op Oshivello vier die manne van Sektor Een Zero Opleidingsvleuel dit met tuisgemaakte pynappel bier wat sedert Maart in die son gegis het op afwagting van die groot dag. Vier troepe land gevolglik in die hospitaal.

Die rang probeer ingryp. Te laat. As die manne eers 'n kap gemaak het op hulle komende vryheid en werklik begin besef dat daardie dag soos 'n skipskoorsteen se rokie op die horison aan't verskyn is, is daar min wat gedoen kan word om te red wat te redde is. Hulle is nou op outomatiese loods. Uiteindelik het hulle daardie zen-agtige, hoogaangeskrewe vermoë aangeleer om hulle

verstande in neutraal te laat luiër. Dit is bykans onmoontlik om hulle te intimideer.

Hulle kan ‘n skreeuende sersant in die bek kyk en dan gelate hulle gang gaan. Dit help nie eers om hulle te jaag nie want hulle het nou reeds die boesmandraffie vervolmaak. Ja, dit is so ‘n ekonomiese skuifelgang, skaars vinniger as ‘n oujongnooi se oggendwandeling, maar die troepe kan dit vir ‘n onbepaalde tyd volhou. Dit is meer energietappend vir ‘n korporaal om op hulle te skree as wat dit vir hulle is om teen hierdie pas te beweeg. Die spanning trek styf in die korporaaals. Van hulle gee in en party van hulle breek in tranes uit. Ander word net so lusteloos en onaantasbaar as die troepe wat nou soos perde is wat stalle ruik aan die einde van ‘n lang skof – hulle is op pad huis toe en nie berg of daal of sammajoor gaan hulle keer nie. Die leierskorps is raadop en probeer vergeefs die vure blus.

Orals slaan die vonke van vryheidslus onder die troepe uit.

In 1 SAI besef ‘n stafsersant dat hy besig is om greep te verloor en hy is terselfde tyd moedeloos en geïrriteerd.

“So, julle dink, lekker, volgende maand is ek op Siwwiestraat, dan is hierdie probleem nie meer myne nie. Dan los ons maar die probleme vir Staf Opperman en Sammajoor Prins. Maar kom ek vertel julle. As die groot moeilikheid kom, dan gaan ek ook sê ek het nou genoeg gehad. Dan klim ek op ‘n vliegtuig en laat spaander ek.”

“Staf,” help ‘n grinnikende Riller hom reg, “ek gaan ook laat spaander. Die verskil is ek vlieg besigheidsklas in ‘n Boeing en jy vlieg flossie.”

Die stafsersant maak visgeluide. Dit alles help niks nie. Die manne is nafie.

Nafie. Die etimologie daarvan is uit die Engels, ‘n letterwoord gevorm uit “No ambition and few interests,” oftewel: NAAFI. (In elk geval, dit is die burgerlike weergawe. Ek het mos aan die begin belowe ek sal die boek se mond met seep uitwas.)

‘n Nafie troep is ‘n monster waarvoor daar geen werklike remedie is nie. Die weermag se vertroude skrou-en-gil metodes is nou net loskruitvuur teen ‘n pantservel. Die hewigste skuim-

om-die-mond tirade deur ‘n bloedverslaafde R.S.M. laat die troep ongetraak en sonder enige oënskynlike belangstelling in die adjudantoffisier se diepste emosies. Hy doen min of meer wat hy wil en hy doen dit teen sy eie pas.

Eenheidsorders word uitgereik, ordergroepe gehou, troepe op parades aangespoor, in pelotonne gedreig, in persoon gesmeek, alles net om hierde groeiende nafieheid te probeer ontloot. Dit help niks. “Min dae maak alles reg,” sê die troepe vir mekaar. Daar is nou niks wat die S.A.W. in hulle rigting kan werp wat hulle nie kan vat nie.

Browns word nou minder gereeld en die stewels blink nie meer soos in basies nie. Drywers verontsaam die onverbiddelike spoedgrens in die basis.

Ek kom in hierdie tyd op ‘n troep af wat, alles op sy eie, eenkant, op en af spring sodat sy stewelsole die grond plat tref en klein stofpuffers laat opslaan. Paf!Paf!Paf!

“Wat maak jy?” vra ek.

“Howzit, Doom,” grinnik die man sonder om te salueer of om op te hou spring. “Nee wat, ek spring maar so. Ek het ‘n Nafel gevoel wat teen my been probeer opkruip.” Paf!Paf!Paf!

Ek sidder. As ‘n Nafel ‘n man eers gebyt het, word hy nie maklik gered nie. Dis malik om te sien wie deurgeloopt het. Hulle skouers hang, hulle rûe is krom en daar is deurentyd ‘n vae, skaperige uitdrukking in hulle dowwe oë. Hierdie manne is reeds terug op Siwwiestraat. Hulle wag net vir hulle lywe om by hulle aan te sluit.



Een vroeë oggend, in die middel van November, word ‘n kasset in ‘n speler ingeklik. ‘n Geamplifiseerde suis,,, en dan trek ‘n jong Cliff Richard los:

“I give you – FORTY DAYS!”

Ten spyte van dreigemente van liederlike onheil en ‘n stapel Deel Een Orders, word hierdie dag met godsdienstige ywer gevier, regdeur die weermag. Die manne het net veertig dae oor – minder as ses weke. Vier maal tien. Tien maal vier. Veertig maal vier-en-twintig. Negehonderd en sestig dae van diensplig en dan is dit “cheers, sarge!”

Die rang is gespanne en versigtig. Meer as een bevelvoerder het gestrand op een of ander forty-days fiasko. Party oopkop bevs reël ‘n amptelike viering in die – gewoonlik onvervulde – hoop om die ergste informele, spontane gefuif voor te brand. Die vrees en ontsag wat die weermag so suksesvol toegepas het om die troepe deur hulle diensplig te beheer, word dié nag afgekakel. Die troepe is in beheer. Die pasiënte het nou finale seggenskap oor die gestig. Nou is dit onmoontlik vir die klein groepie gestreeptes en gepiptes om ‘n duisend energieke, geharde, koorsige, ongeduldige manne in bedwang te hou.

Dikwels breek die troepe los. K.S.M.’s en kompaniebevs hang rond aan die buitewyke van die viering. Hulle draai liefste ‘n blinde oog na die hele besigheid. ‘n hele paar onsensitiewe leiers het op so ‘n aand die geniepsige kant van wraak ervaar.

In ons eenheid het die K.G.B. Forty-Days vieringe verbied. Dit het nie gehelp nie. ‘n Nafel laat hom nie deur ‘n kort, kortsigtige eenheidsbevelvoerder voorskryf nie. Dit het die spanning net verhoog. ‘n Negatiewe gevoel teen alles en almal het onder die troepe posgevat. Ongeoorloofde uitgroeisels soos baard en snor het orals verskyn.

Ek en Piet Oghenaaz was ook nie ongeskonde nie en het die Nafia gestig. Hierdie ondergrondse beweging se doel was die bevordering van die uitklaarsindroom.

En Piet was in die Staandemag!



Tog het die dag gekom en die boodskap het opgedaag. ‘n Telefoonoproep. Die N.G.-gemeente Soutpansberg in Louis Trichardt het tydens ‘n kerkraadsvergadering, wyslik of onwyslik, besluit hulle wil die herderlike sorg van hulle skape in my hande toevertrou.

Ek onthou dat ek by my kantoorvenster gestaan en uitkyk het oor die basis. Buite was Koen besig om die teer uit die lywe van ‘n peloton rowers te dril. Piet het in ‘n Gharrie verbygestoom, driftig op pad iewers heen, ongetwyfeld om iets te “oghenaaz.” Twee sjefs het verbygesteier met ‘n vol, vlekvrystaalkoffiekan tussen hulle.

Die lewe in die S.A.W. sou voortgaan. ‘n Nuwe kapelaan sou sy lyf op my stoel kom neerplak en sy stewels op my lessenaar kom sit. Moes ek vir hom ‘n brief los met wenke en bruikbare inligting oor die K.G.B. se afwykinge? Nee, laat die arme drommel sy eie pad vind.

Ek moes.



My toerusting is teruggehandig, my uitklearvorms geteken. Ek is klaar. Ek het my deel gedoen. Die reëlings vir my bevestiging as leraar in Louis Trichardt vorder reeds fluks. Daar wag ‘n nuwe lewe vir my en my gesin. ‘n Lewe met ander, maar ewe heftige, uitdagings.

Vir die laaste keer gaan ek in my Volksie deur die basis se hek. Die wag kom onberispelik op aandag en salueer skerp.

Ek antwoord nie sy saluut met een van my eie nie. Ek waai vir hom. Soos ‘n siwwie. Want ek is mos nou weer een.

Ek is klaar.

Ek was daar.